- Eksaminatore sal as minimum vereiste oor 'n meestersgraad of gelykwaardige kwalifikasie beskik en ten minste een eksaminator van 'n genomineerde eksamenpaneel moet verkieslik oor 'n doktoraat beskik;
- Eksaminatore sal nie by die studieleiding betrokke wees nie;
- Herhaaldelike gebruik van dieselfde eksaminatore sal vermy word. Gedurende dieselfde eksamineringsperiode mag 'n eksaminator slegs een skripsie/verhandeling en een proefskrif eksamineer, behalwe met uitsondering en wanneer daar geen ander eksaminatore is wat oor die besondere kundigheid beskik nie;
- Persone wat gedurende die laaste 12 maande as nagraadse student van 'n studieleier gedien het sal nie as eksaminator vir daardie studieleier benoem word nie;
- Buitengewone personeellede word as interne eksaminatore benoem;
- Akademici wat aan die NWU verbonde was en na 'n buitelandse universiteit verskuif het, kan na 'n tydperk van 12 maande as eksterne eksaminator benoem word.

Eksaminering van proefskrifte

- Promotors sal nie as eksaminatore benoem word nie;
- Minstens (3) drie eksaminatore sal benoem word;
- Ten minste (2) twee eksterne eksaminatore (van buite die universiteit) sal benoem word waarvan een verkieslik in die buiteland moet wees;
- Daar sal nie botsende belange van persone (A-reël 1.8) wees nie;
- Eksaminatore wat as medewerkers aan dieselfde projek of artikel gewerk het mag nie as eksaminatore benoem word nie;
- Eksterne eksaminatore wat benoem word sal nie aan dieselfde instansie/departement verbonde wees nie;
- Eksaminatore sal as minimum vereiste self oor 'n doktorsgraad of gelykwaardige kwalifikasie beskik en minstens een eksaminator moes studente op dieselfde kwalifikasievlak suksesvol afgelewer het;
- Minstens een eksaminator moet oor publikasies beskik in die veld waarin die navorsing gedoen is;
- Eksaminatore sal nie by die studieleiding van die student betrokke wees nie;
- Herhaaldelike gebruik van dieselfde eksaminatore sal vermy word. 'n Eksaminator wat benoem word vir die eksaminering van 'n proefskrif mag in dieselfde eksamineringsperiode slegs een skripsie/verhandeling bykomend eksamineer, behalwe met uitsondering en wanneer daar geen ander eksaminatore is wat oor die besondere kundigheid beskik nie.
- Persone wat gedurende die laaste 12 maande as nagraadse student van 'n promotor gedien het sal nie as eksaminator benoem word vir daardie promotor nie.
- Buitengewone personeellede word as interne eksaminatore benoem;
- Akademici wat aan die NWU verbonde was en na 'n buitelandse universiteit verskuif het, kan na 'n tydperk van 12 maande as eksterne eksaminator benoem word.

G.1.2.1.5.4 Indiening van skripsies, verhandelings en proefskrifte

- a) Onderhewig aan A-reël 4.4.2.1 en 5.4.2.3: 'n Verhandeling/skripsie/proefskrif word met die skriftelike toestemming van die studieleier/promotor vir eksaminering ingedien.
- b) Onderhewig aan A-reël 4.4.2.3 en 5.4.2.1: 'n Verhandeling/skripsie/proefskrif word voor of op die datum wat jaarliks in die kalender daarvoor bepaal word ingedien vir eksaminering.
- c) Belangrike kennisgewing: Die kandidate wat Januarie met internskappe wil begin moet reeds aan die begin van Oktober inhandig om te verseker dat die eksamineringsproses betyds afgehandel is. Laat indiening kan tot gevolg hê dat kandidate nie aan die begin van Januarie van die daaropvolgende jaar met internskap kan begin nie.

- d) Onderhewig aan A-reël 4.4.2.2: Meesters- en doktors studente wat ontevrede is met enige aspek van die studieleiding wat 'n studieleier of promotor aan die student gegee het, kan dit skriftelik onder die navorsingsdirekteur se aandag bring en moet in oorleg met die dekaan afgehandel word. Die navorsingsdirekteur sal die student skriftelik antwoord voordat 'n verhandeling/skripsie/proefskrif vir eksaminering ingedien word.
- e) Onderhewig aan A-reël 4.4.2.4 en 5.4.2.2: Die fisiese vorm en aantal eksemplare van 'n verhandeling of skripsie wat vir eksaminering, en ná suksesvolle eksaminering vir bewaring, ingedien word, sal in oorleg met eksaminatore se behoeftes bepaal word.
- f) Onderhewig aan A-reël 4.4.2.5 en 5.4.2.4: Indien die studieleier/promotor toestemming vir die indiening van 'n verhandeling/skripsie/proefskrif vir eksaminering weier, kan die betrokke na oorleg met die studieleier/promotor en die student, verlening van verlof tot indiening aan die dekaan toestaan.
- g) Onderhewig aan A-reël 4.4.2.6 en 5.4.2.4: Skripsies, verhandelinge en proefskrifte moet aan die tegniese vereistes van die universiteit voldoen.
- h) Onderhewig aan A-reël 4.4.2.8: Met indiening van 'n verhandeling of skripsie wat nie as 'n reeks manuskripte in artikelformaat voorgelê word nie, vereis fakulteitsreëls nie die indiening van 'n navorsingsartikel by 'n geakkrediteerde tydskrif nie, behalwe waar dit in die fakulteit se jaarboek as voorvereiste gestel word. (NK 10 Oktober 2012)
- i) Onderhewig aan A-reël 5.4.2.6: Met die indiening van enige proefskrif vereis fakulteitsreëls dat die kandidaat bewys lewer dat ten minste een navorsingsartikel aan 'n geakkrediteerde tydskrif voorgelê is. Die bewys van voorlegging van die artikel sal by die proefskrif ingebind word. Die minimum spesifikasie van die A-reëls sal algemeen geld. (NK 10 Oktober 2012)
- j) Onderhewig aan A-reël 4.4.2.9 en 5.4.2.7: Indien 'n kandidaat toegelaat word om 'n verhandeling, skripsie of proefskrif in die vorm van 'n gepubliseerde navorsingsartikel of -artikels of 'n ongepubliseerde manuskrip of manuskripte in artikelformaat aan te bied, en een of meer as een sodanige artikel of manuskrip gebruik word, moet die verhandeling, skripsie of proefskrif steeds as 'n eenheid, aangevul met 'n oorkoepelende probleemstelling, 'n toegespitste literatuurontleding en -integrasie en met 'n samevattende slotbespreking aangebied word en die betrokke tydskrif se riglyne ingesluit word. (NK 10 Okt. 2012).
- k) Die aantal artikels wat vereis word met die indiening van 'n PhD proefskrif sal deur die bepaalde navorsingsentiteit vasgestel word.
- l) Onderhewig aan A-reël 4.4.2.13 en 5.4.2.11: Na indiening vir eksaminering mag die skripsie, verhandeling of proefskrif nie weer onttrek word nie.
- m) Onderhewig aan A-Reël 4.4.4.3 en 5.4.4.2: Die studieleier/promotor, medestudieleier/-promotor of hulpstudieleier/-promotor kommunikeer of onderhandel nie met die eksaminatore oor die eksaminering nadat die eksamineringskopieë van 'n verhandeling of skripsie aan die eksaminatore versend is nie.

G.1.2.1.5.5 Eksamentoelating en slaagvereistes (Honneursgrade)

- a) 'n Honneursstudent wat die vereiste deelnamepunt of deelnamebewys behaal het soos voorgeskryf deur die vereistes van elke program word toegelaat tot die eksamen in die betrokke module.

- b) Die slaagvereistes vir elke honneurskurrikulum en module word in die betrokke fakulteitsreëls vasgestel, met inbegrip van die verhouding waarin die evalueringsmetodes van toepassing op 'n spesifieke module (of groep modules) in die fakulteit gekombineer word om te bepaal of dit suksesvol voltooi is.
- c) 'n Honneursgraad word met onderskeiding geslaag indien 'n finale gemiddeld van minstens 75% in al die kernelemente behaal is.

G.1.2.1.5.6 Eksamengeleenthede (Honneurs-en gedoseerde meestersgrade)

- a) Indien 'n student 'n honneursmodule drui, moet die module volledig herhaal, word behoudens uitsonderings waarvoor fakulteitsreëls voorsiening maak.
- b) 'n Student wat een of meer van die modules van 'n honneurs drui, kan tot 'n tweede eksamengeleentheid in die betrokke module(s) toegelaat word, behalwe waar fakulteitsreëls anders spesifiseer.
- c) 'n Student mag binne die maksimum toelaatbare studietydperk eenmalig vraestelle wat nie 25% van die modules van die betrokke honneurskurrikulum oorskry nie, herhaal.
- d) 'n Student wat ná benutting van alle gewone eksamengeleenthede alle modules wat in 'n honneursprogram vereis word, behalwe een geslaag het, kan by die dekaan aansoek doen om 'n finale assesseringsgeleentheid in die uitstaande module waarvoor betaling van die voorgeskrewe bedrag, maar nie registrasie nie, vereis word. Alle vereistes in hierdie jaarboek sal vooraf in ag geneem word.
- e) Onderhewig aan A-reël 4.4.6.1: 'n Student wat een of meer van die modules van 'n meestersgraadstudie drui, kan deur die dekaan in oorleg met die skooldirekteur tot 'n tweede eksamengeleentheid in die betrokke module(s) toegelaat word, behalwe indien die fakulteitsreëls anders spesifiseer en 'n tweede eksamengeleentheid nie opsioneel is nie.
- f) Onderhewig aan A-reël 4.4.6.2: 'n Student wat 'n gedoseerde meestersgraad module(s) na 'n tweede of addisionele eksamengeleentheid steeds drui moet die module(s) in die daaropvolgende akademiese jaar herhaal alvorens die kwalifikasie toegeken kan word, op voorwaarde dat dit nie meer as 25% van die modules in die program oorskry nie. Die reël is onderhewig aan die bepaalde spesifikasies vir die betrokke kwalifikasieprogram soos in die fakulteit se jaarboek vervat.
- g) 'n Student wat een of meer modules van 'n gestruktureerde meestersgraad drui na afloop van 'n eerste eksamengeleentheid en wat nie die vereiste subminimum behaal het om vir 'n tweede geleentheid te kwalifiseer nie, moet per studente versoek aansoek doen vir 'n tweede eksamengeleentheid tensy dit uitdruklik uitgesluit word in fakulteitspesifieke reëls in die nagraadse jaarboek.
- h) Onderhewig aan A-reël 4.4.6.3: Indien die student slegs een module in 'n gedoseerde program nie geslaag het nie, en reeds van een of meer eksamengeleenthede gebruik gemaak het, kan die student by die dekaan aansoek doen om 'n finale assesseringsgeleentheid, met voorbehoud dat dit die enigste uitstaande module is en waarvoor 'n bepaalde fooi gehef kan word maar nie registrasie nie.

G.1.2.1.5.7 Eksaminering van skripsies, verhandelings en proefskrifte

- a) Onderhewig aan A-reël 4.4.4.4 en 5.4.4.3: Elke eksaminator dien afsonderlik 'n skriftelike verslag oor die verhandeling/skripsie of proefskrif by Hoërgrade Administrasie in, wie dit aan die fakulteit sal stuur.
- b) Onderhewig aan A-reël 4.4.4.5 en 5.4.4.4: Alle finale uitslae sal deur die dekaan goedgekeur word alvorens die student van die uitslag verwittig word. Finale uitslae word daarna by die Fakulteitsraad bekragtig.
- c) Onderhewig aan A-reëls 4.4.4.6 en 5.4.4.5 sal die volgende bevindinge deur 'n eksaminator rakende 'n verhandeling/skripsie/proefskrif gemaak word:
 - onvoorwaardelik aanvaar word; of;
 - aanvaar word op voorwaarde dat gespesifiseerde regstellings aangebly word, in welke geval die studieleier daarvoor verantwoordelik is om in oorleg met die betrokke navorsingsdirekteur, of waar van toepassing, die betrokke skooldirekteur, 'n memorandum waarin die gespesifiseerde regstellings uiteengesit word binne 14 kalenderdae nadat die verslae van al die eksaminatore ontvang is, aan die kandidaat te voorsien; of;
 - na die kandidaat terugverwys word vir hersiening en/of uitbreiding en herindiening vir hereksaminering, in welke geval die studieleier daarvoor verantwoordelik is om in oorleg met die betrokke navorsingsdirekteur, of waar van toepassing, die betrokke skooldirekteur, 'n memorandum waarin die aard en omvang van die hersiening of uitbreiding uiteengesit word binne 14 kalenderdae nadat die verslae van al die eksaminatore ontvang is, aan die kandidaat te voorsien; of;
 - Dat dit nie aanvaar nie in welke geval die kandidaat druipe.
- d) Onderhewig aan A-reël 4.4.4.9 en 5.4.4.8: 'n Hersiene of uitgebreide verhandeling of skripsie mag eers ná die eersvolgende geleentheid vir die toekennig van grade vir hereksaminering ingedien word, en wel voor of op die indieningsdatum soos bepaal in die datumrooster van die betrokke jaar.
- e) Onderhewig aan A-reël 4.4.4.10 en 5.4.4.9: Indien 'n student in enige eksamen volgens die eenparige oordeel van die eksaminatore slaag, is daardie uitslag finaal.
- f) Onderhewig aan A-reël 4.4.5.1 en 5.4.5.1: Die dekaan mag in oorleg met die betrokke navorsingsdirekteur of waar van toepassing, die betrokke skooldirekteur enigiets wat onduidelik in 'n eksaminatorsverslag is met die eksaminatore opklaar.
- g) Onderhewig aan A-reël 4.4.5.4 en 5.4.5.3: Indien eksaminatore wesenlik verskil oor die evaluering van 'n verhandeling, skripsie of proefskrif sal 'n eksamenkomitee deur die dekaan benoem word om alle verslae te evalueer. Die dekaan kan op aanbeveling van die komitee 'n addisionele eksterne eksaminator of eksaminatore benoem of ander diskresionêre stappe neem wat nodig mag wees om te verseker dat 'n billike en akademies regverdigbare eksamenuitslag behaal word.
- h) Onderhewig aan A-reël 4.4.5.2 en 5.4.5.2: Enige kommentaar wat uit die terinsaelegging ontstaan, moet binne 14 kalenderdae vanaf die datum van die kennisgewing oor die terinsaelegging aan die dekaan voorgelê word. Die

dekaan moet die eksamenkomitee versoek om die kommentaar saam met die eksaminatorsverslae te evalueer, en indien dit blyk dat sodanige kommentaar oor meriete wesenlik van die eksaminatorsverslae verskil, moet hy/sy 'n eksterne kundige aanwys om die ontvangde kommentaar met betrekking tot die eksaminatorsverslae te evalueer. Dié kundige se aanbeveling moet deur die betrokke fakulteitstruktuur in berekening gebring word tydens die berekening van die finale uitslag.

- i) Onderhewig aan A-reël 2.4.3.1: Die student slaag 'n skripsie, en verhandeling indien 'n punt van ten minste 50% behaal is tydens assessering behalwe waar fakulteitsreëls anders bepaal.
- j) Onderhewig aan A-reël 4.5.2: 'n Skripsie of verhandeling word met onderskeiding geslaag indien by eksaminering daarvan 'n gemiddelde punt van 75% toegeken is. 'n Meestersgraad word met onderskeiding geslaag indien 'n finale gemiddeld van minstens 75% behaal is.
- k) Kondonering: 'n Finale punt van 73.555% sal deur die dekaan aangepas word na 75% (slaag met onderskeiding) behalwe wanneer gemotiveer kan word dat die gehalte van die werk wat gelewer is nie aan die vereiste van onderskeiding voldoen nie.
- l) Onderhewig aan A-reël 4.4.4.8 en 5.4.4.7: 'n Verhandeling of skripsie mag slegs één keer na die student terugverwys word en ná hersiening weer vir eksaminering ingedien word. Waar 'n verhandeling of skripsie na 'n kandidaat terugverwys is, moet herindiening binne 1 jaar na bekendmaking van die uitslag aan die kandidaat plaasvind, tensy daar na die oordeel van die betrokke dekaan grondige redes vir verlenging bestaan. 'n Hersiene of uitgebreide verhandeling/skripsie of proefskrif sal slegs terug verwys word aan eksaminatore wat hersiening versoek het behalwe indien regstellings van groter omvang gemaak is. Ander eksaminatore wat nie die studie terugverwys het nie, sal in kennis gestel word van die terugverwysing en 'n keuse gegee word om weer te eksamineer of by hul vorige evaluasie te volstaan.
- m) Onderhewig aan A-reël 5.4.6: 'n Student wat 'n skripsie, verhandeling of proefskrif druip, mag hoogstens een keer aansoek doen om weer vir dieselfde kwalifikasieprogram toegelaat te word by die Universiteit.

G.1.2.1.5.8 Klassifikasie van skripsies, verhandelings en proefskrifte

- a) Die klassifikasie van proefskrifte en verhandelings, waardeur bepaalde beperkings op die openbaarmaking van inligting geplaas word moet as uitsondering beskou word. Dit sal slegs toegestaan word in uitsonderlike gevalle nadat dit op 'n bepaalde vlak en met inagneming van bepaalde beleide en prosedures oorweeg is. As vertrekpunt sal alle aansoeke om klassifikasie dus word teenoor hierdie beginsels getoets word.
- b) Wanneer 'n skripsie/verhandeling of proefskrif ooreenkomstig die beleid van die Senaat as vertroulik geklassifiseer word, word in die eksamineringsproses uitvoering gegee aan die voorskrifte wat deur die Senaat daarvoor neergelê is.

G.1.2.1.5.9 Geskilbeslegting

- a) Onderhewig aan A-reël 2.4.9: 'n Student kan amptelik by die skooldirekteur aansoek doen om toegang tot gemerkte eksamenwerk sowel as die memorandum (vir gedoseerde modules). Aansoeke sal op die volgende voorwaardes oorweeg en goedgekeur word:

- die student mag die antwoordstel en memorandum in die teenwoordigheid van die dosent en betrokke vakgroep voorsitter besigtig;
 - die dosent mag 'n indikasie gee waar die probleem areas was;
 - optefoute of vrae wat nie gemerk is nie sal reggestel word en punte herbereken word waar van toepassing;
 - antwoordstelle word andersins nie weer gemerk nie;
 - studente mag weer van die tweede eksamengeleentheid gebruik maak nadat besigtiging vir gemerkte werk van die eerste eksamengeleentheid toegestaan is;
 - versoeke om antwoordstelle te besigtig moet binne vyf werksdae nadat die punte bekend gemaak is ingedien word.
- b) Onderhewig aan A-reël 4.4.7: 'n Meesters of doktors student wat druipe en aan wie geen graad na afloop van eksaminering toegeken word nie, kan in die geval van ontevredenheid met enige aspek wat die eksaminering voorafgegaan het binne veertien dae nadat die uitslag bekend geword het, 'n skriftelike kennisgewing aan die dekaan voorlê, wie dit in oorleg met die navorsingsdirekteur en studieleier/promotor sal hanteer. Nadat alle moontlikhede om die ontevredenheid uit die weg te ruim uitgeput is, kan die student volgens die bepalings van die Akademiese reëls van die Universiteit 'n geskil verklaar.

G.1.2.1.6 Verwerping van 'n kwalifikasie

- a) Die honneursgraad word verwerf wanneer 'n student in die eksamen van al die voorgeskrewe modules wat in die fakulteitsreëls vir die betrokke kurrikulum voorgeskryf word, geslaag het. Die honneursgraad word met onderskeiding toegeken waar die student die graad binne die minimum tydperk voltooi en 'n gemiddeld van 75% in al die kernelemente behaal het.
- b) Die meestersgraad word verwerf wanneer 'n student die eksamen van al die voorgeskrewe modules, skripsie of verhandeling, soos in fakulteitsreëls vir die betrokke kurrikulum uiteengesit asook die assesseringskriteria geslaag het. Die graad word met onderskeiding geslaag indien 'n finale punt van minstens 75% behaal is, en wat bereken word volgens die bepaalde verhouding tussen eksamenvraestelle en die navorsingskomponent soos goedgekeur vir die program.
- c) Die doktorsgraad word verwerf wanneer 'n student voldoen aan al die vereistes wat in fakulteitsreëls daarvoor voorgeskryf word.

G.1.2.1.7 Publikasies (Skripsie, verhandeling of proefskrif)

- a) Die Universiteit is die eienaar van alle intellektuele eiendom wat in die loop of omvang van die studie mag ontstaan, wat insluit maar nie beperk is nie tot intellektuele eiendom soos bedoel in die Wet op Intellektuele Eiendomsregte uit Openbaar Gefinansierde Navorsing en Ontwikkeling, 51 van 2008, en die Regulasies wat daaronder gepromulgeer is.
- b) Die Universiteit is daarop geregtig om 'n verhandeling/ skripsie of proefskrif in die finale vorm waarin dit deur die kandidaat ingedien is, fisies of elektronies te vermenigvuldig en dit te versprei of beskikbaar te stel.

- c) Waar die Universiteit 'n verhandeling/ skripsie of proefskrif anders as in die oorspronklike vorm daarvan publiseer of laat publiseer, word die student as eerste outeur erken, behalwe waar wesentliche verwerking van die teks deur 'n ander persoon of persone as die kandidaat, met laasgenoemde se skriftelike toestemming met die oog op die publikasie daarvan, onderneem is; met dien verstande dat sodanige publikasie na afloop van ses maande na aanvaarding van die verhandeling/ skripsie of proefskrif -waartydens die kandidaat na kennisgewing nie gepubliseer het nie -sonder die skriftelike toestemming van die kandidaat, maar met vermelding van die naam van die kandidaat onderneem kan word.
- d) 'n Kandidaat mag nie die verhandeling/ skripsie of proefskrif publiseer of andersins versprei of dit láát publiseer of versprei sonder die vooraf skriftelike toestemming van die betrokke viserektor vir navorsing nie. Indien sodanige toestemming wel verleen word, kan dit onderhewig wees aan bepalings en voorwaardes soos neergeleê deur die Viserektor.
- e) By publikasie van 'n verhandeling/ skripsie of proefskrif of 'n deel of 'n opsomming of 'n verwerking daarvan deur die kandidaat, moet vermeld word dat dit voortspruit uit 'n meestersgraad- of doktorsale studie aan die Universiteit en wat die naam of name van die toedighouer(s) of promotor(s) is.

G.1.3 WAARSKUWING TEEN PLAGIAAT

Die Inst. Beleid rakende die bestuur van plagiaat en *Turn-it-in* word toegepas in die Fakulteit asook die gedrags- en etiese kode van die Universiteit. Gepaste dissiplinêre optrede sal geneem word teen studente wat hulle skuldig maak aan plagiaat.

Vir meer besonderhede gaan na:

http://www.nwu.ac.za/sites/www.nwu.ac.za/files/files/i-governance-management/policy/2P-2.4.3.2_plagiarism_and_dishonesty_a.pdf


G.1.4 KAPASITEITSBEPALINGS

Neem asseblief kennis dat die Universiteit as gevolg van spesifieke kapasiteitsbepalings die reg voorbehou om kandidate vir toelating tot bepaalde studierigtings te keur. Dit beteken dat voornemende studente wat aan die minimum toelatingsvereistes voldoen, nie noodwendig tot die betrokke kursus toegelaat sal word nie.

G.1.5 STRUKTURE IN DIE FAKULTEIT

Navorsing en opleiding in magister- en doktorsale studie van die vyf skole in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe, word gestruktureer in navorsingseenhede, -sentrums, fokus- en nisareas. Aan die hoof van elke entiteit staan 'n navorsingsdirekteur. Hulle word bygestaan deur die direkteure van skole en personeel in die onderskeie vakgroepe.

FAKULTEIT GESONDHEIDSWETENSKAPPE



G.1.6 KWALIFIKASIES, PROGRAMME EN KURRIKULUMS

In die Fakulteit Gesondheidswetenskappe kan verskillende kwalifikasies verwerf word. 'n Kwalifikasie word in een of meer programme aangebied en in elke program is daar weer een of meer kurrikulums wat uit 'n aantal voorgeskrewe modules bestaan. Inligting oor die reëls vir die verskillende kwalifikasies, programme en kurrikulums word in hierdie Jaarboek uiteengesit.

Die Universiteit is bevoeg om in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe die volgende nagraadse kwalifikasies toe te ken:

Kwalifikasie	Program en kode	Kurrikulum en kode	Metode van aflewering	NKR-vlak
Honoursgrade:				
Baccalaureus Artium Honneurs (Hons BA)	Biokinetika 102 165	Biokinetika G601P	Voltyds	8
Baccalaureus Artium Honneurs (Hons BA)	Kinderkinetika 102 166	Kinderkinetika G602P	Voltyds	8
Baccalaureus Artium Honneurs (Hons BA)	Sportwetenskap 102 167	Sportwetenskap G603P	Voltyds	8
Baccalaureus Gesondheidswetenskappe Honneurs in Fisiologie	Fisiologie 8EA L01	Fisiologie G601P	Voltyds / Deeltyds	8
Baccalaureus Gesondheidswetenskappe Honneurs in Psigologie	Psigologie 8DL L01	Psigologie G601P	Voltyds	8
Baccalaureus Gesondheidswetenskappe Honneurs in Rekreasiekunde	Rekreasiekunde 8DK L01	Rekreasiekunde G601P	Voltyds	8
Baccalaureus Scientiae Honneurs (Hons BSc)	Biokinetika 202 150	Biokinetika G601P	Voltyds	8
Baccalaureus Scientiae Honneurs (Hons BSc)	Kinderkinetika 202 151	Kinderkinetika G602P	Voltyds	8
Baccalaureus Scientiae Honneurs (Hons BSc)	Sportwetenskap 202 152	Sportwetenskap G603P	Voltyds	8
Baccalaureus Scientiae Honneurs in Voeding (Hons BSc)	Voeding 8DN L01	Voeding G601P	Voltyds / Deeltyds	8
Baccalaureus in Verbruikerswetenskappe Honneurs (Hons BVerbr)	Verbruikerswetenskappe 835 100	Verbruikerswetenskappe G630P	Voltyds / Deeltyds	8
Programme wat uitfaseer weens HEQSF-proses:				

Kwalifikasie	Program en kode	Kurrikulum en kode	Metode van aflewering	NKR-vlak
Honneursgrade:				
Baccalaureus Artium Honneurs (Hons BA)	Rekreasiekunde 102 161	Rekreasiekunde G607P	Voltyds	8
Baccalaureus Artium Honneurs (Hons BA)	Psigologie 102 162	Psigologie G639P	Voltyds	8
Baccalaureus Scientiae Honneurs (Hons BSc)	Psigologie 202 133	Psigologie G628P	Voltyds	8
Baccalaureus Scientiae Honneurs (Hons BSc)	Fisiologie 202 131	Fisiologie G624P	Voltyds / Deeltyds	8
Baccalaureus Scientiae Honneurs (Hons BSc)	Voeding 202 132	Voeding G626O	Voltyds / Deeltyds	8

Kwalifikasie	Program en kode	Kurrikulum en kode	Aflewering-metode	NKR-vlak
Meestersgrade:				
Magister Artium (MA)	Kliniese Psigologie 103 183	Kliniese Psigologie: G802P	Voltyds	9
Magister Artium (MA)	Voorligtingpsigologie 103 184	Voorligtingpsigologie: G802P	Voltyds	9
Magister Artium (MA)	Navorsingspsigologie 103 185	Navorsingspsigologie: G801P	Voltyds	9
Magister Artium (MA) in Positiewe Psigologie SAQA 90848	Positiewe Psigologie 103 195	Positiewe Psigologie: G801P	Voltyds/deeltyds	9
Magister Gesondheidswetenskappe in Menslike Bewegingskunde (MHSc)	Menslike Bewegingskunde 8DH N01	Menslike Bewegingskunde G801P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Gesondheidswetenskappe in Rekreasiekunde (MHSc)	Rekreasiekunde 8CN N01	Rekreasiekunde G801P	Voltyds / Deeltyds	9

Kwalifikasie	Program en kode	Kurrikulum en kode	Afleweringsmetode	NKR-vlak
Meestersgrade:				
Magister Gesondheidswetenskappe in Gerontologie (MHSc) (SAQA 93997)	Gerontologie 862 101	Gerontologie G801P	Voltyds/ Deeltyds	9
Magister Gesondheidswetenskappe in Transdissiplinêre Gesondheidsbevordering (MHSc) SAQA 91930	Transdissiplinêre Gesondheidsbevordering 862 100	Transdissiplinêre Gesondheidsbevordering G801P	Voltyds/ Deeltyds	9
Magister Gesondheidswetenskappe in Kardiovaskulêre Fisiologie (MHSc)	Kardiovaskulêre Fisiologie 8DD N01	Kardiovaskulêre Fisiologie G801P	Voltyds	9
Magister Scientiae (MSc)	Beroepshigiëne 203160	Beroepshigiëne G851P	Voltyds	9
Magister Scientiae (MSc)	Kliniese Psigologie 203 176	Kliniese Psigologie G802P	Voltyds	9
Magister Scientiae (MSc)	Navorsingspsigologie 203 165	Navorsingspsigologie G801P	Voltyds	9
Magister Scientiae (MSc)	Voorligtingpsigologie 203 177	Voorligtingpsigologie G802P	Voltyds	9
Magister Scientiae in Farmakologie (MSc)	Farmakologie 8DF N01	Farmakologie G801P	Voltyds	9
Magister Scientiae in Farmaseutiese Chemie (MSc)	Farmaseutiese Chemie 8DE N01	Farmaseutiese Chemie G801P	Voltyds	9
Magister Scientiae in Farmaseutika (MSc)	Farmaseutika 8DG N01	Farmaseutika G801P	Voltyds	9
Magister Scientiae (MSc) in Farmaseutiese Wetenskappe SAQA97390	Farmaseutiese Wetenskappe 8BP N01	Farmaseutiese Wetenskappe G801P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Pharmaciae (MPharm)	Farmasiepraktyk 803 104	Farmasiepraktyk G802P	Voltyds / Deeltyds	9

Magister Pharmaciae (MPharm) SAQA 90675	Gevorderde Kliniese Farmasie 803 105	Gevorderde Kliniese Farmasie G801P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Scientiae (MSc) in Dieetkunde	Dieetkunde 8DB P01	Dieetkunde (Gestruktureerd) G801P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Scientiae (MSc) in Voeding	Voeding 8CW P01	Voeding (Gestruktureerd) G801P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Scientiae (MSc) in Voeding	Voeding 8DA N01	Voeding (Navorsing) G801P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister in Maatskaplike Werk (MMW)	Maatskaplike Werk 8CS N01	Maatskaplike Werk: G801P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister in Maatskaplike Werk (MMW)	Kinderbeskerming 113 108	Kinderbeskerming: G803P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister in Maatskaplike Werk (MMW)	Forensiese Praktyk 113 109	Forensiese Praktyk G801P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Curationis (MCur)	Verpleegkunde 8CJ N01	Verpleegkunde G801P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Curationis (MCur)	Psigiatriese Verpleegkunde 833 100	Psigiatriese Verpleegkunde G834P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Curationis (MCur)	Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde 833 100	Verloskunde en Neonatologiese Verpleegkunde G835P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister in Verbruikerswetenskappe (MVerbr)	Verbruikerswetenskappe 8CM N01	Verbruikerswetenskappe G801P	Voltyds / Deeltyds	9
Programme wat uitfaseer weens programbelyning:				
Magister Artium (MA)	Rekreasiekunde 103 182	Rekreasiekunde G815P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Artium (MA)	Biokinetika 103 191	Biokinetika G801P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Artium (MA)	Kinderkinetika 103 192	Kinderkinetika G802P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Artium (MA)	Sportwetenskap	Sportwetenskap	Voltyds /	9

	103 193	G803P	Deeltyds	
Magister Artium (MA)	Psigologie 103 181	Psigologie G801P	Voltyds	9
Magister in Verbruikerswetenskappe (MVerbr)	Verbruikerswetenskappe 836 100	Verbruikerswetenskappe G880P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Scientiae (MSc)	Dieetkunde 203 169	Dieetkunde G851P G875P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Scientiae (MSc)	Biokinetika 203 195	Biokinetika G801P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Scientiae (MSc)	Kinderkinetika 203 196	Kinderkinetika G802P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Scientiae (MSc)	Sportwetenskap 203 197	Sportwetenskap G803P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Scientiae (MSc)	Voeding 203 166	Voeding G871P G870P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Scientiae (MSc)	Farmaseutiese Chemie 203 184	Farmaseutiese Chemie G801P	Voltyds	9
Magister Scientiae (MSc)	Farmakologie 203 185	Farmakologie G801P	Voltyds	9
Magister Scientiae (MSc)	Farmaseutika 203 186	Farmaseutika G801P	Voltyds	9
Magister Scientiae (MSc)	Fisiologie 203 171	Fisiologie G855P	Voltyds	9
Magister in Maatskaplike Werk (MMW)	Maatskaplike Werk 113 104	Maatskaplike Werk G801P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister in Maatskaplike Werk (MMW)	Spelterapie 113 110	Spelterapie G801P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister Curationis (MCur)	833100	Gemeenskapsverpleegkunde: G830P	Voltyds / Deeltyds	9

Magister (MCur)	Curationis	833100	Gesondheidsdiens bestuur: G831P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister (MCur)	Curationis	833100	Gesondheidswetenskaponderwys: G832P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister (MCur)	Curationis	833100	Professionele Verpleegkunde: G833P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister (MCur)	Curationis	833100	Psigiatriese Gemeenskapsverpleegkunde: G834P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister (MCur)	Curationis	833100	Vroedvrouorg en Neonatale Verpleegkunde: G835P	Voltyds / Deeltyds	9
Magister (MCur)	Curationis	833100	Verpleegkunde: G836P	Voltyds / Deeltyds	9

Kwalifikasie	Program en kode	Kurrikulum en kode	Metode van aflewering	NKR-vlak
Doktorsgrade:				
Philosophiae Doctor in Verbruikerswetenskappe (PhD(Verbruikerswetenskappe))	Verbruikerswetenskappe 8CA R01	Verbruikerswetenskappe G901P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae Doctor in Gesondheidswetenskappe (PhD)	Menslike Bewegingskunde 8CB R05	Menslike Bewegingskunde G901P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae Doctor in Gesondheidswetenskappe (PhD)	Verpleegkunde 8CB R07	Verpleegkunde G901P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae Doctor in Gesondheidswetenskappe (PhD)	Beroepshigiëne 8CB R08	Beroepshigiëne G901P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae Doctor in Gesondheidswetenskappe (PhD)	Psigologie 8CB R10	Psigologie G901P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae Doctor in Gesondheidswetenskappe (PhD)	Rekreasiekunde 8CB R11	Rekreasiekunde G901P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae Doctor in Farmasie (PhD(Farmasie))	Farmaseutiese Chemie 8CC R01	Farmaseutiese Chemie G901P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae Doctor in Farmasie (PhD(Farmasie))	Farmaseutika 8CC R02	Farmaseutika G901P	Voltyds	10
Philosophiae Doctor in Farmasie (PhD(Farmasie))	Farmakologie 8CC R03	Farmakologie G901P	Voltyds	10
Philosophiae Doctor in Farmasie (PhD(Farmasie))	Farmasiepraktyk 8CC R04	Farmasiepraktyk G901P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae Doctor in Wetenskap (PhD)	Dieetkunde 8CD R01	Dieetkunde G901P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae Doctor in Wetenskap (PhD)	Voeding 8CD R02	Voeding G901P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae Doctor in Wetenskap (PhD)	Fisiologie 8CD R03	Fisiologie G901P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae Doctor (PhD) in Maatskaplike Werk	Maatskaplike Werk 8CE R01	Maatskaplike Werk G901P	Voltyds / Deeltyds	10

Kwalifikasie		Program en kode	Kurrikulum en kode	Metode van aflewering	NKR-vlak
Doktorsgrade:					
Programme wat uitaaseer weens programbelyning:					
Philosophiae (PhD)	Doctor	Menslike Bewegingskunde: 805109	Menslike Bewegingskunde: G925P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Rekreasiekunde: 805111	Rekreasiekunde: G935P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Farmaseutiese Chemie: 805116	Farmaseutiese Chemie: G910P	Voltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Farmaseutika: 805117	Farmaseutika: G911P	Voltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Farmakologie: 805118	Farmakologie: G912P	Voltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Farmasiepraktyk: 805119	Farmasiepraktyk : G913P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Beroepshigiëne: 805104	Beroepshigiëne: G901P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Dieetkunde: 805105	Dieetkunde: G905P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Fisiologie: 805107	Fisiologie: G915P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Verbruikers-wetenskappe: 805112	Verbruikers-wetenskappe: G940P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Voeding: 805114	Voeding: G960P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Maatskaplike Werk: 805108	Maatskaplike Werk: G921P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Psigologie: 805110	Psigologie: G931P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Verpleegkunde:	Gemeenskapsverpleegkunde:	Voltyds / Deeltyds	10

Kwalifikasie		Program en kode	Kurrikulum en kode	Metode van aflewering	NKR-vlak
Doktorsgrade:					
		805113	G950P		
Philosophiae (PhD)	Doctor	Verpleegkunde: 805113	Gesondheidsdiensbestuur: G951P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Verpleegkunde: 805113	Gesondheidswetenskaponderwys: G952P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Verpleegkunde: 805113	Professionele Verpleegkunde: G953P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Verpleegkunde: 805113	Psigiatriese Gemeenskapsverpleegkunde: G954P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Verpleegkunde: 805113	Vroedvrouorg en Neonatale Verpleegkunde: G955P	Voltyds / Deeltyds	10
Philosophiae (PhD)	Doctor	Verpleegkunde: 805113	Verpleegkunde: G956P	Voltyds / Deeltyds	10

Nagraadse diplomas:				
Kwalifikasie	Program en kode	Kurrikulum en kode	Metode van aflewering	NKR-vlak
Postgraduate Diploma in Midwifery & Neonatal Nursing Science	Midwifery & Neonatal Nursing Science 8DP D01	Midwifery & Neonatal Nursing Science G501P	Part time	8
Postgraduate Diploma in Pharmacological Principles of Drug Therapy SAQA 88902	Pharmacological Principles of Drug Therapy: 8EC D01	Pharmacological Principles of Drug Therapy G501P	Distance learning	8
Postgraduate Diploma in Cosmetic Product Formulation SAQA 99283	Cosmetic Product Formulation 8DQ D01	Cosmetic Product Formulation G501P	Fulltime / Part time	8
Advanced University Diploma in Health Science	Community Nursing 837 100	Community Nursing (one year) G511T	Distance learning	7
Advanced University Diploma in Health Science	Health Science Education 837 101	Health Science Education (One year) G512T	Distance learning	7
Advanced University Diploma in Health Science	Health Service Management 837 102	Health Services Management (One Year) G513T	Distance learning	7
Advanced University Diploma in Health Science	Clinical Nursing Science, Health Assessment, Treatment and Care 837 103	Clinical Nursing Science, Health Assessment, Treatment and Care (One Year) G515T	Distance learning	7

G.1.7 REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS ARTIUM HONNEURS

G.1.7.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar.

G.1.7.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

Die Honneursgraad volg op 'n drie- of vierjarige graad of nadat die status van 'n Baccalaureusgraad verleen is.

Fakulteitspesifieke toelatingsvereistes met betrekking tot die verskillende programme wat in hierdie jaarboek verskyn word by die programinligting uiteengesit.

G.1.7.3 Program: Biokinetika

Kwalifikasiekode: 102 165

Die kurrikulum van hierdie program is akademies en prakties van aard. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefes van die land. Hierdie kurrikulum berei die student voor vir verdere nagraadse studie in Menslike Bewegingskunde.

Die program word voltyds aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie.

G.1.7.3.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Algemene toelatingsvereistes van die Universiteit geld.
- b) Voornemende studente moet 'n formele keuringsaansoek by die skool voltooi wat deur 'n keuringspaneel oorweeg word.
- c) Aanvanklike akademiese keuring waarvan die punt van die onderskeie MBW-modules in elke studiejaar tot die 1e semester van die 3e jaar gemiddeld bokant 65% moet wees
- d) Bewys van ten minste 20 ure praktiese blootstelling by geregistreerde Biokinetikapraktyk.
- e) Keuring vind plaas gedurende Augustus /September jaarliks;
- f) Finale uitslag is onderhewig aan goedkeuring deur die skoordirekteur.

G.1.7.3.2 Kurrikulum G601P: Biokinetika

G.1.7.3.2.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student uitgebreide en sistematiese kennis, begrip en vaardighede as entrepreneur in privaatpraktyk of gevestigde instansies te demonstreer om wetenskaplikgebaseerde oefenprogramme voor te skryf vir kliënte met die oog op bevordering van gesondheid en kwaliteit van lewe, of programme voor te skryf om rehabilitasie moontlik te maak van 'n kliniese toestand waar fisieke oefening as behandelingsmodaliteit aangedui word. Verder sal die afgestudeerde in staat wees om toepaslike navorsing op eties en verantwoordelike wyse te onderneem, inligting en data te versamel, analiseer, evalueer en resultate te interpreteer en skriftelik en mondeling aan 'n gehoor van eweknieë te kommunikeer.

G.1.7.3.2.2 Samestelling van kurrikulum: Biokinetika

Kwalifikasie- en programkode: 102 165; Kurrikulumkode: G601P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWK681	Toegepaste Navorsingsmetodologie en skripsie	32
MBWB681	Biokinetika: Ortopedies	32
MBWB682	Biokinetika: Klinies	32
MBWB683	Biokinetika: Teorie / Gesondheid	32
MBWB684	Biokinetika: Professionele Internskap	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		160

G.1.7.4 Program: Kinderkinetika

Kwalifikasiekode: 102 166

Die kurrikulum van hierdie program is akademies en prakties van aard. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefte van die land. Hierdie kurrikulums berei die student voor vir verdere nagraadse studie in Menslike Bewegingskunde.

Die program word voltyds aangebied en die sluitingsdatum vir aansoek is 31 Julie.

G.1.7.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- Algemene toelatingsvereistes van die Universiteit geld.
- Voornemende studente moet 'n formele keuringsaansoek by die skool voltooi wat deur 'n keuringspaneel oorweeg word.
- Aanvanklike akademiese keuring waarvan die punt van die onderskeie MBW-modules in elke studiejaar tot die 1e semester van die 3e jaar gemiddeld bokant 60% moet wees.
- Bewys van ten minste 20 ure praktiese blootstelling by geregistreerde Kinderkinetikapraktyk/ervaring om met kinders in bewegingsprogramme te werk.
- 'n Slaagbewys van 'n sertifikaatkursus in swem en gimnastiek word vereis.
- Keuring vind plaas gedurende Augustus /September jaarliks.
- Finale uitslag is onderhewig aan goedkeuring deur die skooldirekteur.

G.1.7.4.2 Kurrikulum G602P: Kinderkinetika

G.1.7.4.2.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort 'n student uitgebreide kennis, begrip en vaardighede te demonstree om die praktyk van Kinderkinetika, met welslae te kan hanteer. Die afgestudeerde sal in staat wees om 'n professionele identiteit te openbaar en sal 'n eie Kinderkinetika praktyk kan beplan en bestuur. Verder sal die student bevoeg wees om toepaslike navorsing te onderneem, inligting en data te versamel, te analiseer en evalueer

en resultate te interpreteer en skriftelik en mondeling aan 'n gehoor van eweknieë te kommunikeer.

G.1.7.4.2.2 **Samestelling van kurrikulum: Kinderkinetika**

Kwalifikasie- en programkode: 102 166; Kurrikulumkode: G602P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWK681	Toegepaste Navorsingsmetodologie en skripsie	32
MBWK682	Kinderkinetika teorie	32
MBWK683	Toegepaste Kinderkinetika Prakties	24
MBWK684	Professionele Internskap	24
MBWK685	Toegepaste Oefenfisiologie	16
MBWK686	Kinderwelstand en gesondheidsbevordering	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		144

G.1.7.5 **Program: Sportwetenskap**

Kwalifikasiekode: 102 167

Die kurrikulum van hierdie program is akademies en prakties van aard. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefes van die land. Hierdie kurrikulums berei die student voor vir verdere nagraadse studie in Menslike Bewegingskunde.

Die program word voltyds aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie.

G.1.7.5.1 **Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program**

- Algemene toelatingsvereistes van die Universiteit geld.
- Voornemende studente moet 'n formele keuringsaansoek by die skool voltooi wat deur 'n keuringspaneel oorweeg word.
- Aanvanklike akademiese keuring waarvan die punt van die onderskeie MBW-modules in elke studiejaar tot die 1e semester van die 3e jaar gemiddeld bokant 60% moet wees.
- Bewys van praktiese blootstelling by 'n erkende Sportwetenskaplike.
- 'n Slaagbewys van sertifikaatkursus in ten minste 2 sportsoorte waarvan een 'n spansport en een 'n individuele sport moet wees, word vereis.
- Keuring vind plaas gedurende Augustus /September jaarliks
- Finale uitslag is onderhewig aan goedkeuring deur die skooldirekteur.

G.1.7.5.2 **Kurrikulum G603P: Sportwetenskap**

G.1.7.5.2.1 **Kurrikulumuitkomste**

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student uitgebreide kennis, begrip en vaardighede in sportwetenskap te demonstreer deur sportdeelnemers en voornemende deelnemers se sportprestasiëpotensiaal te bepaal en ontwikkel. Verder sal die afgestudeerde in staat wees om toepaslike navorsing te onderneem, inligting en data te versamel, te analiseer en evalueer en resultate te interpreteer en skriftelik en mondeling aan gehoor van eweknieë te kommunikeer.

G.1.7.5.2.2 Samestelling van kurrikulum: Sportwetenskap

Kwalifikasie- en programkode: 102 167; **Kurrikulumkode:** G603P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWK681	Toegepaste Navorsingsmetodologie en skripsie	32
MBWS682	Toegepaste Sportfisiologie	32
MBWS683	Toegepaste Biomeganika	16
MBWS684	Sportpsigologie	16
MBWS685	Sportwetenskap Internskap	24
MBWS686	Sportwetenskappraktyk	24
Krediet totaal vir die kurrikulum		144

G.1.7.6 Programme wat uitfaseer weens programbelyning:

G.1.7.6.1 Rekreasiekunde: 102 161 – G607P

Geen nuwe studente word in die program toegelaat in 2017 nie.

Nuwe studente registreer vir die Baccalaureus in Gesondheidswetenskappe Honneurs in Rekreasiekunde.

G.1.7.6.2 Psigologie: 102 162 – G639P

Geen nuwe studente word in die program toegelaat in 2017 nie.

Nuwe studente registreer vir die Baccalaureus in Gesondheidswetenskappe Honneurs in Psigologie.

G.1.8 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS IN VERBRUIKERSWETENSKAPPE HONNEURS

Kwalifikasiekode: 835 100

Die studie kan voltyds of deelyds gedoen word. Die deelydse opsie sal slegs in spesiale gevalle aangebied word.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 Augustus.

G.1.8.1 Duur (minimum en maksimum)

Die minimum duur van studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar.

G.1.8.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

Die honneursgraad volg op 'n driejarige graad in Verbruikerswetenskappe of nadat die status van 'n Baccalaureusgraad of Baccalaureus Scientiae graad in Verbruikerswetenskappe verleen is.

G.1.8.3 Program: Verbruikerswetenskappe

Kwalifikasie- en programkode: 835 100

Die doel is om aan studente wat reeds oor 'n eerste graad in Verbruikerswetenskappe beskik, gespesialiseerde beroepsgerigte opleiding te verskaf wat hul in staat stel om binne die kleinhandel en vervaardigings-

industrie die rol van die verbruikerswetenskaplike gestand te doen en om verbruikersnavorsing uit te voer en verbruikersgerigte probleme binne hierdie omgewings op te los; en om met hul wetenskaplike kennis en vaardigheid die algemene lewenskwaliteit van die Suid-Afrikaanse verbruiker in die samelewing te verbeter deur in 'n raadgewende hoedanigheid op te tree of deur die ontwikkeling en implementering van verbruikersgerigte opvoedkundige programme.

G.1.8.3.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Algemene toelatingsvereistes van die kwalifikasie geld.
- b) Toelating tot hierdie graad geskied in oorleg met die skooldirekteur of gedelegeerde en is onderhewig aan beskikbare kapasiteit in die vakgroep;
- c) Keuring neem aanvang op 1 September en daar word van studente verwag om 'n portefeulje in te handig en vaardigheidstoetse te voltooi waarvolgens 'n voorkeurlys opgestel word;
- d) 'n Gemiddelde akademiese punt van 60% in die voorgraadse studiejare word vereis;
- e) Voorvereistes geld vir bepaalde modules soos aangedui in die vereistes van die kurrikulum;
- f) Studente wat aan die minimumvereistes vir die graad voldoen, moet 'n geskrewe werkopdrag rakende 'n gegewe onderwerp indien en deelneem aan 'n persoonlike onderhoud deur 'n keurkomitee bestaande uit personeel verbonde aan Verbruikerswetenskappe;
- g) STTN111 of gelykwaardige module (opsionele aanbeveling);
- h) Studente wat nie oor die driejarige BSc Verbruikerswetenskappe graad of vierjarige B Verbruikerswetenskappe graad beskik nie, maar 'n gelykwaardige kwalifikasie het, moet by elk van die ondergenoemde modules die teenoorstaande module(s) of gelykwaardige modules as voorvereiste vir die betrokke honneursmodule afgehandel het:

VKLE671	VKLE214
VKLE672	VKLE214, 321
VGHB671	VGHB311
VGHB672	VGHB117, 214, 221
VGHB673	VGHB122, VGHB311
VVDL672	VVDL112, VVDL324
VVDL673	VVDL112, VVDL213
*VVBG671	VGHB117

***Verpligte module** vir die kwalifikasie en sal geld vir toelating. Dieselfde vereistes geld vir toelating tot die honneursprogram

G.1.8.3.2 Kurrikulum G630P: Verbruikerswetenskappe

G.1.8.3.2.1 Kurrikulumuitkomst

Aan die einde van die studie sal die student in staat wees om nuwe kennis te ontgin, navorsing te doen, entrepreneuriese projekte te inisieer en gespesialiseerde kennis in die gekose studie-areas te benut ten einde die lewenskwaliteit van die Suid-Afrikaanse verbruiker te verbeter.

G.1.8.3.2.2 Samestelling van kurrikulum: Verbruikerswetenskappe

Kwalifikasie- en programkode: 835 100; **Kurrikulumkode:** G630P

a) Verpligte modules

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete	Voorvereis te module
VNAM671	Navorsingsmetodes en wetenskaplike skryfkuns	24	
VNAV671	Navorsingsprojek: projekverslag-voorlegging	32	VNAM671 VVBG671
VVBG671	Verbruikersgedrag	16	
VVOO671	Volwasse opvoeding en -opleiding	16	

b) 'n Student kies in oorleg met die skoordirekteur nog 2 modules uit groep A of B of C

GROEP A

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VGHB671	Behuising en gemeenskapsontwikkeling	24
VGHB672	Verbruikershulpbronbestuur	24
VGHB673	Binne-ontwerp	24
Kredietotaal vir die kurrikulum		136

GROEP B

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VGHB672	Verbruikershulpbronbestuur	24
VGHB673	Binne-ontwerp	24
VKLE671	Gevorderde tekstiele	24
VKLE672	Gevorderde modebedryf	24
Kredietotaal vir die kurrikulum		136

GROEP C

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VGHB672	Verbruikershulpbronbestuur	24
VVDL672	Voedselprodukontwikkeling	24
VVDL673	Verbruikersgedrag in voedsel	24
Kredietotaal vir die kurrikulum		136

G.1.9 REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS IN GESONDHEIDSWETENSKAPPE HONNEURS IN FISILOGIE

G.1.9.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar.

G.1.9.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

Die Honneursgraad volg op 'n drie- of vierjarige graad of nadat die status van 'n Baccalaureusgraad verleen is.

Fakulteitspesifieke toelatingsvereistes met betrekking tot die verskillende programme wat in hierdie jaarboek verskyn word by die programinligting uiteengesit.

G.1.9.3 Uitkomst van die kwalifikasie

Nadat studente die kwalifikasie voltooi het behoort hulle in staat te wees om die volgende te demonstreer:

- a) kennis van die veld van Fisiologie en die vermoë om navorsingsteorieë, en metodes te verstaan, en tegnieke of praktyk te toe pas op fisiologiese prosesse;
- b) kritiese oorsig van inligtingsversameling, evaluering en bestuursprosesse in die Fisiologiese konteks ten einde kreatiewe antwoorde op gesondheidsprobleme en kwessies te ontwikkel;
- c) 'n begrip van die kompleksiteit en onsekerhede van seleksie, toediening of die oordrag van toepaslike standaard prosedures, prosesse of tegnieke om Fisiologiese probleme te identifiseer in die mens;
- d) die vermoë om op individuele sowel as groeplak etiese kwessies, gebaseer op kritiese besinning oor die geskiktheid van verskillende etiese waardesisteme of behandelingsmetodes binne die veld van Fisiologie te identifiseer en adresseer;
- e) bereiking van hoë standaard etiese gedrag, met verwysing na die gedrag en toewyding in die werkplek asook eie persoonlike ontwikkeling;
- f) weergee van streng interpretasies en kreatiewe insigte deur effektiewe kommunikasie aan 'n lekegehoor sowel as wetenskaplike gehore deur middel van akademiese, professionele en beroeps- idees en oplossings vir Fisiologiese probleme;
- g) toepassing van leerstrategieë op 'n self-kritiese wyse om sy of haar en andere se voortgesette professionele en leerbehoefes effektief te evalueer.

G.1.9.4 Program: Fisiologie

Kwalifikasiekode: 8EA L01

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, is akademies van aard. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroeps- moontlikhede en die mensekapitaalbehoefes van die land. Hierdie kurrikulum berei die student voor vir verdere nagraadse studie in een van die nagraadse programme in Fisiologie, onder andere beroepshigiëne en kardiovaskulêre fisiologie.

Die program word voltyds of deelyds aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Augustus.

G.1.9.4.1 **Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program**

- 'n BSc graad met Fisiologie as hoofvak of 'n gelykwaardige kwalifikasie met 'n in-diepte kennis van Fisiologie.
- Keuring is onderhewig aan beskikbare kapasiteit, asook goedkeuring deur die skooldirekteur en vind plaas gedurende September tot Oktober.
- Minstens 65% in Fisiologie op derdejaarsvlak word vereis.
- STTN111 of 'n vergelykbare statistiekmodule moet voorheen geslaag wees of gedurende die honneursjaar geslaag word.
- Dit word sterk aanbeveel dat die student moet bewys lewer van immunisering, veral Hepatitis A+ B.

G.1.9.4.2 **Kurrikulum G601P: Fisiologie**

G.1.9.4.2.1 **Samestelling van kurrikulum: Fisiologie**

Kwalifikasie- en programkode: 8EA L01; Kurrikulumkode: G601P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
Verpligte modules:		
FLGX613	Neurofisiologie	16
FLGX615	Navorsingsmetodologie	8
FLGX617	Sellulêre Fisiologie	8
FLGX625	Endokrinologie	16
FLGX671	Praktiese Projek	32
Keuse modules: Drie uit ses moet geselekteer word		
FLGX612	Kardiovaskulêre Fisiologie A	16
FLGX618	Beroepshigiëne Monitoring A	16
FLGX621	Kardiovaskulêre Fisiologie C	16
FLGX622	Toksikologie A	16
FLGX624	Toksikologie B	16
FLGX627	Kardiovaskulêre Fisiologie B	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		128

G.1.10 **REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS IN GESONDHEIDSWETENSKAPPE HONNEURS IN PSIGOLOGIE**

G.1.10.1 **Duur (minimum en maksimum duur)**

Die minimum duur van studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar.

G.1.10.2 **Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie**

Die Honneursgraad volg op 'n drie- of vierjarige graad of nadat die status van 'n Baccalaureusgraad verleen is.

Fakulteitspesifieke toelatingsvereistes met betrekking tot die verskillende programme wat in hierdie jaarboek verskyn word by die programinligting uiteengesit.

G.1.10.3 Uitsluiting van die kwalifikasie

Na voltooiing van die kwalifikasie moet 'n student die volgende demonstree:

- a) 'n omvattende en sistematiese kennis van psigometrika, sielkundige evaluering, psigopatologie, basiese ingryping en beradingstegnieke, insluitend programontwikkeling en program aanbieding;
- b) kritiese evaluering van bestaande kennis rakende teorieë, navorsingsmetodes, tegnieke en tegnologie in psigologie, en daardie kennis op verskillende kontekste toe te pas;
- c) diagnoses van sielkundige patologie in individue, groepe en gemeenskappe, en ontwerp van basiese intervensieprogramme en dit toe te pas in verskillende sosio-kulturele omstandighede;
- d) verkryging, ontleding en interpretasie van relevante inligting met betrekking tot individue, groepe en gemeenskappe, en kommunikeer die inligting, hetsy individueel of as 'n lid van 'n groep, deur die skryf van verslae, opdragte, of mondelinge verslagdoening;
- e) besinning oor die impak van die studiemateriaal op die self as persoon en as 'n toekomstige versorger;
- f) waarneming en toepassing van 'n etiese, professionele en waarde-gebaseerde gedragskodes in alle vorme van kommunikasie en in die omgaan met individue en groepe;
- g) effektiewe gebruik van toepaslike tegnologie (rekenaar, e-pos, faks, psigometriese toetse) in die Sielkunde omgewing (tegnologiese en omgewingsgelettertheid);
- h) verkenning van verskillende effektiewe leerstrategieë om die verskillende vermoëns van 'n praktisyn in die veld van Psigologie aan te leer; en
- i) bevordering van verantwoordelike burgerskap deur middel van hul benadering tot die holistiese toepassing van sielkundige vaardighede.

G.1.10.4 Program: Psigologie

Kwalifikasiekode: 8DL L01

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, is akademies van aard. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefte van ons land. Hierdie program berei die student voor vir verdere nagraadse studie in Psigologie.

Die program word voltyds aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 16 September.

G.1.10.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Kandidate moet oor 'n toepaslike Baccalaureusgraad met Psigologie op derdejaarsvlak beskik of die status van Psigologie vlak drie bereik het, met Ontwikkelingsielkunde en Psigopatologie (voorgraads) as deel van die kurrikulum asook 'n gemiddeld van 65% in al die Psigologie modules.
- b) 'n Akademiese keuring vind plaas volgens kriteriums deur die skool neergelê waarvan 'n gemiddeld van 65% in Psigologie gedurende die eerste B-graad as minimum gestel word geld. Die volle akademiese

rekord word egter in ag geneem, en die departement behou die reg om na gelang van die getal aansoeke hierdie minimum kriteriums te wysig.

- c) Indien die kandidaat ten tyde van die keuringsproses ingeskryf is vir 'n ander kwalifikasie, sal keuring slegs voorwaardelik toegeken word, en behou die departement die reg om keuring te kanselleer indien die kandidaat eergenoemde kwalifikasie nie aan die einde van die akademiese jaar voltooi het nie.
- d) 'n Eksamensubminimum van 50% word vereis vir alle Psigologie honneursmodules in die honneursprogram.

G.1.10.4.2 Kurrikulum G601P: Psigologie

G.1.10.4.2.1 Samestelling van die kurrikulum: Psigologie

Kwalifikasie en programkode: 8DL L01; Kurrikulumkode: G601P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PSYH611	Psigologiese evaluering.	16
PSYH612	Gemeenskapsielkunde: Teorie	8
PSYH613	Toegepaste positiewe sielkunde	16
PSYH621	Intervensie tegnieke	16
PSYH622	Teoretiese perspektiewe op hulpverlening	16
PSYH623	Kinder- en adolessente psigologie	16
PSYH671*	Navorsing en etiek: Teorie en praktyk	40
PSYH672*	Psigopatologie	16
STTN111	Beskrywende statistiek	12
STTN124	Praktiese statistiek	12
Totale krediete vir kurrikulum		168

* Jaarmodules

G.1.11 REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS IN GESONDHEIDSWETENSKAPPE HONNEURS IN REKREASIEKUNDE

G.1.11.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van studie is **een jaar** en die maksimum duur is **twee jaar**.

G.1.11.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

Die Honneursgraad volg op 'n drie- of vierjarige graad of nadat die status van 'n Baccalaureusgraad verleen is.

Fakulteitspesifieke toelatingsvereistes met betrekking tot die verskillende programme wat in hierdie jaarboek verskyn word by die programinligting uiteengesit.

G.1.11.3 Uitkomst van die kwalifikasie

Na voltooiing van die kwalifikasie moet student die volgende demonstreer:

- a) omvattende en sistematiese kennis van die veld van Rekreasiekunde, met verwysing na ontspanning praktykbestuur, gesondheidsbevordering, kindersorg, terapeutiese rekreasie en ontspanning programme;
- b) kritiese evaluering van bestaande kennis rakende teorieë, navorsingsmetodes, tegnieke en tegnologie in die

ontspanningswetenskappe, en toepassing van kennis binne verskillende kontekste;

- c) die ontspanningsbehoefes van individue, groepe en gemeenskappe, te diagnoseer en basiese intervensieprogramme te ontwerp en dit toe te pas in verskillende sosio-kulturele omstandighede;
- d) verkry, ontleed en interpreteer relevante inligting met betrekking tot individue, groepe en gemeenskappe, en kommunikeer die inligting, hetsy individueel of as 'n lid van 'n groep, deur die skryf van verslae, opdragte, of verslagdoening mondelings;
- e) waarneming en toepassing van 'n etiese, professionele en waarde-gebaseerde gedragskodes in alle vorme van kommunikasie en in die omgaan met individue en groepe;
- f) effektiewe gebruik van toepaslike tegnologie (rekenaar, e-pos, faks, psigometriese toetse) in die Rekreasiekunde omgewing (tegnologiese en omgewingsgelettertheid);
- g) verkenning van verskillende effektiewe leerstrategieë om die verskillende vermoëns van 'n praktisyn in die veld van Rekreasiekunde aan te leer; en;
- h) die bevordering van verantwoordelike burgerskap deur middel van hul benadering tot die holistiese toepassing van Rekreasievaardighede;
- i) kombinasie van kritiese en kreatiewe denke in die gebruik van wetenskap, navorsing en tegnologie met afgeronde en sistematiese teoretiese kundigheid; en
- j) vaardighede en waardes as entrepreneur of werknemers op die terrein van rekreasievoorsiening of avontuurterapie deur geïntegreerde projekte ten einde bemeesterde vaardighede in gemeenskapsbetrokkenheid te identifiseer en bekende en onbekende probleme op te los en te demonstreer.

G.1.11.4 Program: Rekreasiekunde

Kwalifikasiekode: 8DK L01

Die primêre doel van die kwalifikasie is om kwalifiserende studente toe te rus met 'n wye, geïntegreerde kennisbasis in die veld van Rekreasiekunde, en om kritieke vaardighede effektief en doeltreffend toe te pas met betrekking tot Rekreasiepraktykbestuur, Terapeutiese rekreasie en Vryetydsprogrammering. Die kwalifikasie verskaf ook 'n sterk grondslag vir fundamentele en toegepaste navorsingsmetodes met die oog op verdere studies in Rekreasiekunde op HOKR vlak 9.

Die program word voltyds aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie.

G.1.11.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Toelating tot die honneursprogram is oop vir studente wat oor 'n Baccalaureusgraad met Rekreasiekunde as hoofvak beskik, of 'n kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig beskou word;
- b) Bykomend moet studente ook 'n keuringsproses deurloop wat sal fokus op psigometriese, persoonlike en vaardigheidsontwikkeling wat toepaslik is vir hierdie kwalifikasie;

- c) Alternatiewelik kan die Senaat van enige kandidaat wat vir hierdie honneursprogram toegelaat word ver wag om enige voorgraadse kursusse of gedeeltes van kursusse van 'n Baccalaureus kurrikulum te deurloop en te voltooi soos deur die Senaat voorgeskryf;
- d) Met die toestemming van die Senaat, kan kandidate wat nie aan die vereistes voldoen nie oorweeg word mits hulle onderneem om die voorgeskrewe inleidende kursusse en 'n leesprogram te deurloop;
- e) Voornemende studente moet 'n formele keuringsaansoek voltooi en by die relevant skool inhandig wat deur 'n keuringspaneel geëvalueer sal word;
- f) Aanvanklike akademiese keuring waarvan die punt van die onderskeie RKKX-modules in elke studiejaar tot en met die 1ste semester van die derde jaar se gemiddeld bokant 60% moet wees;
- g) Keuring vind plaas gedurende Augustus/ September jaarliks;
- h) Praktiese werk soos vasgestel deur die programleier en skooldirekteur sal van die student ver wag word.

G.1.11.4.2 Kurrikulum G601P: Rekreasiekunde

G.1.11.4.2.1 Samestelling van kurrikulum: Rekreasiekunde

Kwalifikasie- en programkode: 8DK L01; Kurrikulumkode: G601P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWK681	Toegepaste Navorsingsmetodologie en skripsie	32
MBWK686	Kinderwelstand en gesondheidsbevordering	16
RKKX673	Rekreasiepraktyk bestuur	16
RKKX677	Terapeutiese Rekreasie	24
RKKX678	Gevorderde Fasilitering	16
RKKX679	Vryetydsprogrammering	16
RKKX681	Toegepaste Rekreasiebestuur	24
Krediet totaal vir die kurrikulum		144

G.1.12 REËLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS SCIENTIAE HONNEURS

G.1.12.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar.

G.1.12.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

Die Honneursgraad volg op 'n drie- of vierjarige graad of nadat die status van 'n Baccalaureusgraad verleen is.

Fakulteitsspesifieke toelatingsvereistes ten opsigte van die verskillende programme wat in hierdie Fakulteit aangebied word, word by die betrokke kurrikulums uiteengesit.

G.1.12.3 Program: Biokinetika

Kwalifikasiekode: 202 150

Die kurrikulum van hierdie program is akademies en prakties van aard. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefte van die land. Hierdie kurrikulums berei die student voor vir verdere nagraadse studie in Menslike Bewegingskunde.

Die program word voltyds aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie.

G.1.12.3.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Algemene toelatingsvereistes van die Universiteit geld.
- b) Voornemende studente moet 'n formele keuringsaansoek by die skool voltooi wat deur 'n keuringspaneel oorweeg word.
- c) Aanvanklike akademiese keuring waarvan die punt van die onderskeie MBW-modules in elke studiejaar tot die 1e semester van die 3e jaar gemiddeld bokant 65% moet wees
- d) Bewys van ten minste 20 ure praktiese blootstelling by geregistreerde Biokinetikapraktyk.
- e) Keuring vind plaas gedurende Augustus /September jaarliks;
- f) Finale uitslag is onderhewig aan goedkeuring deur die skooldirekteur

G.1.12.3.2 Kurrikulum G601P: Biokinetika

G.1.12.3.2.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student uitgebreide en sistematiese kennis, begrip en vaardighede as entrepreneur in privaatpraktyk of gevestigde instansies te demonstreer om wetenskaplikgebaseerde oefenprogramme voor te skryf vir kliënte met die oog op bevordering van gesondheid en kwaliteit van lewe, of programme voor te skryf om rehabilitasie moontlik te maak van 'n kliniese toestand waar fisieke oefening as behandelingsmodaliteit aangedui word. Verder sal die afgestudeerde in staat wees om toepaslike navorsing op eties en verantwoordelike wyse te onderneem, inligting en data te versamel, analiseer, evalueer en resultate te interpreteer en skriftelik en mondeling aan gehoor van eweknieë te kommunikeer.

G.1.12.3.2.2 Samestelling van kurrikulum: Biokinetika

Kwalifikasie- en programkode: 202 150; Kurrikulumkode: G601P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWK681	Toegepaste Navorsingsmetodologie en skripsie	32
MBWB681	Biokinetika: Ortopedies	32
MBWB682	Biokinetika: Klinies	32
MBWB683	Biokinetika: Teorie / Gesondheid	32
MBWB684	Biokinetika: Professionele Internskap	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		160

G.1.12.4 Program: Kinderkinetika

Kwalifikasiekode: 202 151

Die kurrikulum van hierdie program is akademies en prakties van aard. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefes van die land. Hierdie kurrikulums berei die student voor vir verdere nagraadse studie in Menslike Bewegingskunde.

Die program word voltyds aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Julie.

G.1.12.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Algemene toelatingsvereistes van die Universiteit geld.
- b) Voornemende studente moet 'n formele keuringsaansoek by die skool voltooi wat deur 'n keuringspaneel oorweeg word.
- c) Aanvanklike akademiese keuring waarvan die punt van die onderskeie MBW-modules in elke studiejaar tot die 1e semester van die 3e jaar gemiddeld bokant 60% moet wees.
- d) Bewys van ten minste 20 ure praktiese blootstelling by geregistreerde Kinderkinetikapraktyk/ervaring om met kinders in bewegingsprogramme te werk.
- e) 'n Slaagbewys van 'n sertifikaatkursus in swem en gimnastiek word vereis.
- f) Keuring vind plaas gedurende Augustus /September jaarliks.
- g) Finale uitslag is onderhewig aan goedkeuring deur die skooldirekteur

G.1.12.4.2 Kurrikulum G602P: Kinderkinetika

G.1.12.4.2.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort 'n student uitgebreide kennis, begrip en vaardighede te demonstreer om die praktyk van Kinderkinetika, met welslae te kan hanteer. Die afgestudeerde sal in staat wees om 'n professionele identiteit te openbaar en sal 'n eie Kinderkinetika praktyk kan beplan en bestuur. Verder sal die student bevoeg wees om toepaslike navorsing te onderneem, inligting en data te versamel, te analiseer en evalueer en resultate te interpreteer en skriftelik en mondeling aan 'n gehoor van eweknieë te kommunikeer.

G.1.12.4.2.2 Samestelling van kurrikulum: Kinderkinetika

Kwalifikasie- en programkode: 202 151; Kurrikulumkode: G602P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWK681	Toegepaste Navorsingsmetodologie en skripsie	32
MBWK682	Kinderkinetika teorie	32
MBWK683	Toegepaste Kinderkinetika Prakties	24
MBWK684	Professionele Internskap	24
MBWK685	Toegepaste Oefenfisiologie	16
MBWK686	Kinderwelstand en gesondheidsbevordering	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		144

G.1.12.5 Program: Sportwetenskap

Kwalifikasiekode: 202 152

Die kurrikulum van hierdie program is akademies en prakties van aard. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefes van die land. Hierdie kurrikulums berei die student voor vir verdere nagraadse studie in Menslike Bewegingskunde.

Die program word voltyds aangebied en die sluitingsdatum vir aansoek is 31 Julie.

G.1.12.5.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Algemene toelatingsvereistes van die Universiteit geld.
- b) Voornemende studente moet 'n formele keuringsaansoek by die skool voltooi wat deur 'n keuringspaneel oorweeg word.
- c) Aanvanklike akademiese keuring waarvan die punt van die onderskeie MBW-modules in elke studiejaar tot die 1e semester van die 3e jaar gemiddeld bokant 60% moet wees.
- d) Bewys van praktiese blootstelling by 'n erkende Sportwetenskaplike.
- e) 'n Slaagbewys van sertifikaatkursus in ten minste 2 sportsoorte waarvan een 'n spansport en een 'n individuele sport moet wees, word vereis.
- f) Keuring vind plaas gedurende Augustus /September jaarliks
- g) Finale uitslag is onderhewig aan goedkeuring deur die skooldirekteur.

G.1.12.5.2 Kurrikulum G603P: Sportwetenskap

G.1.12.5.2.1 Kurrikulumuitkomst

Na voltooiing van hierdie kurrikulum behoort die student uitgebreide kennis, begrip en vaardighede in sportwetenskap te demonstreer deur sportdeelnemers en voornemende deelnemers se sportprestasiëpotensiaal te bepaal en ontwikkel. Verder sal die afgestudeerde in staat wees om toepaslike navorsing te onderneem, inligting en data te versamel, te analiseer en evalueer en resultate te interpreteer en skriftelik en mondeling aan gehoor van eweknieë te kommunikeer.

G.1.12.5.2.2 Samestelling van kurrikulum: Sportwetenskap

Kwalifikasie- en programkode: 202 152; Kurrikulumkode: G603P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWK681	Toegepaste Navorsingsmetodologie en skripsie	32
MBWS682	Toegepaste Sportfisiologie	32
MBWS683	Toegepaste Biomeganika	16
MBWS684	Sportpsigologie	16
MBWS685	Sportwetenskap Internskap	24
MBWS686	Sportwetenskappraktyk	24
Krediet totaal vir die kurrikulum		144

G.1.12.6 Programme wat uitfaseer weens programbelyning:

G.1.12.6.1 Program: Psigologie: 202 133 – G628P

Geen nuwe studente word in die program toegelaat in 2017 nie.

Nuwe studente registreer vir die Baccalaureus in Gesondheidswetenskappe Honneurs in Psigologie (8DL L01 – G601P).

G.1.12.6.2 Program: Fisiologie: 202 131 – G624P

Geen nuwe studente word in die program toegelaat in 2017 nie.

Nuwe studente registreer vir die Baccalaureus in Gesondheidswetenskappe Honneurs in Fisiologie (8EA L01 – G601P).

G.1.12.6.3 Program: Voeding: 202 132 – G626P

Geen nuwe studente word in die program toegelaat in 2017 nie.

Nuwe studente registreer vir die Baccalaureus Scientiae Honneurs in Voeding (8DN L01 – G601P).

**G.1.13 REÛLS VIR DIE GRAAD BACCALAUREUS SCIENTIAE
HONNEURS IN VOEDING**

G.1.13.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar.

G.1.13.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

Die Honneursgraad volg op 'n drie- of vierjarige graad of nadat die status van 'n Baccalaureusgraad verleen is.

Fakulteitsspesifieke toelatingsvereistes ten opsigte van die verskillende programme wat in hierdie Fakulteit aangebied word, word by die betrokke kurrikulums uiteengesit.

G.1.13.3 Uitkomste van die kwalifikasie

Na voltooiing van die kwalifikasie moet 'n student die volgende demonstreer:

- a) omvattende en sistematiese kennis op die gebied van voeding en veral spesialisareas, soos die beplanning en uitvoering van epidemiologiese navorsingsprogramme, voeding op openbare gesondheidvlak, sport- en oefenфизиologie en die genetiese samestelling van verskillende gemeenskappe en die belangrikheid daarvan vir gesondheidsbevordering;
- b) vaardighede om 'n afgeronde en kritiese begrip van die beginsels en teorie van voeding toe te pas, terwyl relevante inligting in 'n spesialisarea (soos hierbo genoem) van voeding versamel is, ontleed en geëvalueer word op 'n kritiese en gevorderde vlak, waarna die inligting verwerk word om te arriveer by eties verantwoordelike besluite wat gebaseer is op goed begroonde teorie en bewese feite; en
- c) die vermoë om, as entrepreneur werklike, komplekse voedingsverwante leefstyl siektes in gemeenskappe te identifiseer en te ontleed en om kreatiewe en innoverende intervensieprogramme voedingsverwante op 'n

eties verantwoordelike wyse te beplan en uit te voer deur gebruik te maak van bewese oplossings en teorie-gedrewe argumente deur groepwerk en die gebruik van Inligtingstegnologie as kommunikasie-middel.

G.1.13.4 Program: Voeding

Kwalifikasiekode: 8DN L01

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is bestaan uit modules en 'n navorsingsprojek van beperkte omvang, wat die student voorberei vir verdere nagraadse studie. In die modules word gekonsentreer op die nuutste navorsingsbevindinge van hoogs-relevante vraagstukke.

Die program word voltyds aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

G.1.13.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) 'n BSc graad met Voeding as hoofvak of 'n gelykwaardige kwalifikasie word vereis.
- b) Keuring neem aanvang op 1 Oktober en is onderhewig aan die student se akademiese prestasie en beskikbare kapasiteit in die vakgroep.
- c) Finale uitslag is onderhewig aan goedkeuring deur die skooldirekteur.
- d) Minstens 60% in Voeding op voorgraadse vlak in elk van die derdejaar Voeding modules en die navorsingsmodule word vereis.
- e) STTN111 of 'n vergelykbare statistiekmodule moet voorheen geslaag wees of gedurende die honneursjaar geslaag word.
- f) Studente wat vir hierdie graad wil registreer moet bewys kan lewer van die ontvangs van 'n hepatitis A en B-inspuiting wat gedurende die vorige vyf jaar toegedien is.
- g) 'n Deelname punt van 40% moet verwerf word ten einde toegelaat te word vir die eksamen.
- h) 'n Slaagpunt van 50% word vereis vir alle modules.

G.1.13.4.2 Kurrikulum G601P: Voeding

G.1.13.4.2.1 Samestelling van kurrikulum: Voeding

Kwalifikasie- en programkode: 8DN L01; Kurrikulumkode: G601P

a) Verpligte Modules:

Die verpligte modules dra 50% (64 krediete) by tot die totale kredietlading van die kurrikulum:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
*NUTR671	Navorsingsverslag	32
*NUTA671	Gevorderde Voedingkunde	32

b) Studente kan twee modules uit die volgende 4 modules kies:

Keusemodules dra 50%(64 krediete) by tot die totale kredietlading kurrikulum:

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
**NUTG671	Nutrigenetika	32
**NUTE671	Voedingsepidemiologie	32
**NUTP671	Openbare gesondheidsvoeding	32
**NUTS671	Sportvoeding	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		128

G.1.14 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER ARTIUM

Kurrikulums vir die bepaalde meestersgrade of die raamwerk waarbinne die kurrikulums saamgestel word, word binne die betrokke skool en die navorsingsentiteit bepaal.

Meestersgraadstudies kan voltyds of deelyds onderneem word (soos dit aangedui is in hierdie jaarboek).

G.1.14.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Die fakulteit se besluit is gebaseer op die subsidiemodel vir universiteite en mag verskil van ander fakulteite of regulasies.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van twee jaar deur die Fakulteit vergun word moet studente wie aansoek doen vir 'n verlengde studietydperk van drie jaar volgens die Akademiese reëls van die Universiteit kennis neem dat dit verswarende finansiële verpligting inhou.

G.1.14.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Student wat van voorneme is om vir 'n meestersgraad in te skryf, moet reeds 'n honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat, in 'n toepaslike veld verwerf het.

G.1.14.3 Program: Kliniese Psigologie

Kwalifikasiekode: 103 183

Die program is professioneel van aard. In die ontwikkeling van die kurrikulum vir die program is die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* asook nasionale- en streeksbehoefes in ag geneem daardeur aan te spreek in die navorsingfokusarea COMPRES. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefes van ons land. Hierdie kurrikulum berei die student ook voor vir verdere nagraadse studie in Psigologie.

Die Kliniese Psigologie program bied 'n geleentheid tot gespesialiseerde en gevorderde opleiding en is 'n voorvereiste vir registrasie as intern en uiteindelik Kliniese Sielkundige by die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)*.

Die program word voltyds aan gebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 4 Julie waarna 'n keuringsproses volg.

G.1.14.3.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Honneursgraad in Psigologie of toepaslike gelykwaardige kwalifikasie word vereis.
- b) 'n Gemiddeld van 65% vir die honneursgraad word vereis.
- c) 'n Papierseleksie met kriteriums soos akademiese prestasie, relevante ervaring en die kwaliteit van interne en eksterne referentverslae vind plaas;
- d) 'n Formele keuringsproses wat bestaan uit 'n individuele in-diepte onderhoud deur 'n keuringspaneel van sielkundiges, en 'n navorsingstaak, gevallestudies en groepsprosesse vir evaluering van sekere trekke, vaardighede en potensiaal sal gehou word;
- e) 'n Finale in-diepte individuele onderhoud voor die keuringspaneel bestaande uit interne en eksterne sielkundiges (departement en internskapvertegenwoordigers) word gehou.
- f) Finale goedkeuring is onderhewig daaraan dat die navorsingskripsie binne die bepaalde fokus van vakgroep sal ressorteer.
- g) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente in die professionele programme gehandhaaf word. Dit staan die departement vry om die studie te termineer indien 'n student se akademiese-, gedrags- en/of funksioneringsrekord onbevredigend is en 'n gevaar vir homself/haarself en die publiek inhou.
- h) Akademiese uitnemendheid is ten alle tye 'n voorvereiste:
 - 'n Deelnamepunt sal vir elke module apart bepaal en uiteengesit word. 'n Subminimum deelnamepunt van 50% word vereis ten einde tot die eksamen toegelaat te word.
 - 'n Slaagpunt van 55% per module en 'n eksamensubminimum van 50% per module sal vereis word. Die gewigte vir die bepaling van die finale modulepunt is: 50% deelname punt en 50% eksamenpunt.
 - Kandidate kry 'n tweede eksamengeleentheid in 'n module, slegs indien 'n vraestel gedruip word en 'n maksimum eksamenpunt van 50% sal toegeken word vir so 'n eksamengeleentheid... Indien die 2de geleentheid gedruip word, moet die jaar herhaal word. Indien meer vraestelle gedruip word, druipt die kandidaat die kursus.
 - Indien eksperiënsiële vordering nie na wense sou wees nie, sou die internskap verleng kon word.

G.1.14.3.2 Kurrikulum G802P: Kliniese Psigologie

G.1.14.3.2.1 Kurrikulum uitkomst

Die student sal die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* nakom om vir 'n internskap in Kliniese Psigologie te registreer, en sal toegerus wees met gespesialiseerde en gevorderde kennis en vaardighede om kuratiewe dienste te lewer, patologie te diagnoseer en voorkom, bio-psigososiale gesondheid te bevorder en primêre, sekondêre en tersiêre welstand in individue, gesinne, organisasies en gemeenskappe te

bevorder, en in besonder diegene wat ernstige lewenseise en relatiewe ernstige vorme van psigopatologie en psigologiese distres belewe.

G.1.14.3.2.2 Samestelling van die kurrikulum: Kliniese Psigologie

Kwalifikasie en programkode: 103 183; **Kurrikulum kode:** G802P

Module kode	Beskrywende naam	Krediete
PSYK872	Navorsingsteorie en -skripsie in Kliniese Psigologie	100
PSYC879	Kinder en Adollesente Patologie en Terapie	20
PSYC880	Teorie van Psigologiese Intervensies	20
PSYC884	Toegepaste Psigologie en Gemeenskapsintervensies	20
PSYC883	Etiek, Psigodiagnostiek en Praktiese werk	20
PSYC885	Psigofarmakologie, Neuropsigologie en Gevorderde Psigopatologie	20
Totale krediete van die kurrikulum		200

G.1.14.4 Program: Voorligtingspsigologie

Kwalifikasiekode: 103 184

Die program is professioneel van aard. In die ontwikkeling van die kurrikulum vir die program is die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* asook nasionale- en streeksbehoefes in ag geneem daardeur aan te spreek in die navorsingfokusarea COMPRES. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefes van ons land. Hierdie kurrikulum berei die student ook voor vir verdere nagraadse studie in Psigologie.

Die Voorligtingspsigologieprogram bied 'n geleentheid tot gespesialiseerde en gevorderde opleiding en is 'n voorvereiste vir registrasie as intern en uiteindelik Kliniese Sielkundige by die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)*.

Die program word voltyds aan gebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 4 Julie waarna 'n keuringsproses volg.

G.1.14.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- Honneursgraad in Psigologie of toepaslike gelykwaardig. word vereis.
- 'n Gemiddeld van 65% vir die honneursgraad word vereis.
- 'n Papierseleksie met kriteriums soos akademiese prestasie, relevante ervaring en die kwaliteit van interne en eksterne referentverslae vind plaas;
- 'n Formele keuringsproses wat bestaan uit 'n individuele in-diepte onderhoud deur 'n keuringspaneel van sielkundiges, en 'n navorsingstaak, gevallestudies en groepsprosesse vir evaluering van sekere trekke, vaardighede en potensiaal sal gehou word;
- 'n Finale in-diepte individuele onderhoud voor die keuringspaneel bestaande uit interne en eksterne sielkundiges (departement en internskapvertegenwoordigers) word gehou.

- f) Finale goedkeuring is onderhewig daaraan dat die navorsingskripsie binne die bepaalde fokus van vakgroep sal ressorteer.
- g) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente in die professionele programme gehandhaaf word. Dit staan die departement vry om die studie te termineer indien 'n student se akademiese-, gedrags- en/of funksioneringsrekord onbevredigend is en 'n gevaar vir homself/haarself en die publiek inhou.
- h) Akademiese uitnemendheid is ten alle tye 'n voorvereiste:
 - 'n Deelnamepunt sal vir elke module apart bepaal en uiteengesit word. 'n Subminimum deelnamepunt van 50% word vereis ten einde tot die eksamen toegelaat te word.
 - 'n Slaagpunt van 55% per module en 'n eksamensubminimum van 50% per module sal vereis word. Die gewigte vir die bepaling van die finale modulepunt is: 50% deelname punt en 50% eksamenpunt.
 - Kandidate kry 'n tweede eksamengeleentheid in 'n module, slegs indien 'n vraestel gedruip word en 'n maksimum eksamenpunt van 50% sal toegeken word vir so 'n eksamengeleentheid... Indien die 2de geleentheid gedruip word, moet die jaar herhaal word. Indien meer vraestelle gedruip word, druipt die kandidaat die kursus.
 - Indien eksperiënsiële vordering nie na wense sou wees nie, sou die internskap verleng kon word.

G.1.14.4.2 Kurrikulum G802P: Voorligtingspsigologie

G.1.14.4.2.1 Kurrikulum uitkomst

Die student sal die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* nakom om vir 'n internskap in Voorligtingspsigologie te registreer, en sal toegerus wees met gespesialiseerde en gevorderde kennis en vaardighede om kuratiewe dienste te lewer, patologie te diagnoseer en voorkom, bio-psigososiale gesondheid te bevorder en primêre, sekondêre en tersiêre welstand in individue, gesinne, organisasies en gemeenskappe te bevorder, en in besonder diegene wat ernstige lewenseise en relatiewe ernstige vorme van psigopatologie en psigologiese distres belewe.

G.1.14.4.2.2 Samestelling van die kurrikulum: Voorligtingspsigologie

Kwalifikasie en programkode: 103 184; Kurrikulumkode: G802P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PSYV872	Navorsingsteorie en -skripsie in Voorligtingspsigologie	100
PSYV879	Kinder en Adolescente Patologie en Terapie	20
PSYV880	Teorie van Psigologiese Intervensies in Voorligtingspsigologie	20
PSYV885	Psigofarmakologie, Neuropsigologie en Gevorderde Psigopatologie in Voorligtingspsigologie	20
PSYC884	Toegepaste Psigologie en Gemeenskapsintervensies	20
PSYC883	Etiiek, Psigodiagnostiek en Praktiese werk	20
Totale krediete vir die kurrikulum		200

G.1.14.5 Program: Navorsingspsigologie

Kwalifikasiekode: 103 185

Die program is professioneel van aard. In die ontwikkeling van die kurrikulum vir die program is nasionale- en streeksbehoefes in ag geneem deur dit aan te spreek in die navorsingsfokusarea COMPRES By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefes van ons land. Hierdie kurrikulum berei die student ook voor vir verdere nagraadse studie in Psigologie.

Die Navorsingspsigologieprogram bied 'n geleentheid tot gespesialiseerde en gevorderde opleiding en is 'n voorvereiste vir registrasie as 'n intern en uiteindelik Sielkundige by die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)*.

Die program word voltyds aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September waarna 'n keuringsproses volg gedurende Oktober.

G.1.14.5.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) 'n Honneursgraad in Psigologie met 'n gemiddeld van ten minste 65% word vereis;
- b) 'n Papier-, akademiese- en persoonlikheidskeuring by voltooiing van die Honneursgraad vir toelating tot die professionele program in Navorsingspsigologie.
- c) Studente voltooi teen 30 September 'n keuringsaansoek bestaande uit: (a) 'n motiveringsbrief, (b) volledige CV, (c) volledige akademiese rekord en (d) 'n twee bladsy voorstel met moontlike navorsingsonderwerpe.
- d) Studente wat aan al die vereistes voldoen sal genooi word vir 'n keuringsonderhoud om die student se potensiaal om by die navorsingsprogram te baat vas te stel. Die student sal versoek word om 'n navorsingswerkopdrag te voltooi.
- e) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente in die professionele programme gehandhaaf word. Dit staan die departement vry om die studie te terminer indien 'n student se akademiese-, gedrags-, en/of funksioneringsrekord onbevredigend is en 'n gevaar vir homself/haarself of die publiek inhou.
- f) Akademiese uitnemendheid is ten alle tye 'n voorvereiste. 'n Deelnamepunt sal gedefinieer word en word vereis vir elke module. 'n Slaagpunt van 55% word vereis per module en 'n eksamensubminimum van 50% per module word vereis. Kandidate mag in slegs een vraestel 'n 2de geleentheid kry. Indien die 2de geleentheid gedruip word, moet die jaar herhaal word. Indien meer vraestelle gedruip word, druipt die kandidaat die kursus.
- g) Indien eksperiënsiële vordering nie na wense sou wees nie, sou die internskap verleng kon word.

G.1.14.5.2 Kurrikulum G801P: Navorsingspsigologie

G.1.14.5.2.1 Kurrikulumuitkomst

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student:

- a) gevorderde, sistematiese en spesialiskennis te demonstreer om navorsing op individuele, gemeenskap- en/of interdisiplinêre vlak te onderneem deur geskikte navorsingsmetodes en tegnieke toe te pas in die identifisering, analisering en formulering van komplekse navorsingsprobleem/e in die veld van psigologie;
- b) gevorderde strategieë te demonstreer om toepaslike inligting te verkry, te analiseer en te evalueer vir die relevansie en geldigheid daarvan;
- c) toepaslike kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsmetodes te benut om antwoorde vir navorsingsfenomene te verskaf;
- d) resultate op 'n wetenskaplike wyse te interpreteer;
- e) navorsingsbevindinge te integreer en krities daarop te reflekteer;
- f) die bevindinge mondelings te kommunikeer met die gebruik van toepaslike IT en in navorsingsverslae te skryf; en
- g) navorsing op 'n etiese en wetenskaplike wyse uit te voer en te kommunikeer.
- h) Na suksesvolle voltooiing van die akademiese kurrikulum en 'n internskap voldoen die student aan die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* en kan die student, as dit verkies word, as Navorsingsielkundige registreer.

G.1.14.5.2.2 Samestelling van die kurrikulum: Navorsingspsigologie
Kwalifikasie- en programkode: 103 185; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PSYC872	Verhandeling: Navorsingspsigologie	116
PSYC874	Kritiese navorsingsvaardighede	16
PSYC875	Kwantitatiewe navorsingsmetodes	16
PSYC876	Kwalitatiewe navorsingsmetodes	16
PSYC877	Projekbestuur	16
Kredietotaal vir die kurrikulum		180

G.1.14.6 Program: Positive Psychology

Qualification code: 103 195

This programme consists of tuition and research and will be presented in several one week sessions per year on campus. The aim is to equip participants to apply knowledge from positive psychology in various contexts to enhance the well-being and quality of life for people. It is a specialized degree in positive psychology and not a clinical qualification, and does not provide registration at the HPCSA.

The program is presented on a fulltime and part-time basis in English and the closing date for applications is 15 October. Selection takes place during November.

G.1.14.6.1 Faculty specific rules and requirements of the programme

- a) An honours degree (or equivalent) in psychology or other discipline (e.g. from other health sciences, education, social work, theology). Admission is open to applicants from psychology as well as other disciplines.

- b) The honours degree or equivalent in other academic fields must be with a minimum of 60 – 65%.
- c) It is recommended (but not required) that applicants must already be in a work context.
- d) Apart from the official application process, students must complete an application form for selection, which can be obtained from the programme manager. A complete CV, academic record and two supporting references, one of which is preferably academic, will be required.
- e) An interview and/or other indices may be used during selection;
- f) Students whose academic background is outside of the field of Psychology, should add an additional motivation for doing the course as requested in the application.

G.1.14.6.2 Curriculum G801P: Positive Psychology

The MAPP curriculum consists of course work presented by means of five modules and must be completed during the first year of study. The research project and completion of a mini-dissertation, is completed in the second year of study.

G.1.14.6.2.1 Curriculum outcomes

After completion of the curriculum, the student should be able to:

- a) Demonstrate comprehensive and systematic knowledge of concepts, theories and research in the fields of positive psychology, well-being, positive organisational scholarship, psycho-social health, positive lifespan development and aging and enabling communities;
- b) Demonstrate critical awareness of current issues, debates, new insights and cutting edge issues within positive psychology to be able to solve identified problems in the field of positive psychology;
- c) Demonstrate competence in positive psychology assessment methods
- d) Demonstrate awareness of meta-theoretical and philosophical perspectives in positive psychology and the role of cultural, social, economic, political, historical aspects in conceptualizations and practices of positive psychology.
- e) Use principles, concepts and theories from positive psychology to assess and enhance psycho-social health and well-being in various contexts, for facilitation of life-span development, capacity building, prevention and advocacy for more comprehensive public health policies;
- f) Make interventions at the appropriate level within a system, based on the understanding of the hierarchical relations within the system, and the ability to address the intended and unintended consequences of interventions;
- g) Show an awareness of and understanding of ethical constraints associated with application of positive psychology interventions; contribute to the development of ethical standards in specific contexts; identify, and manage emerging ethical issues and monitor consequences where applicable.

- h) Develop knowledge, understanding, skills and experience needed to carry out research in positive psychology.
- i) Demonstrate the ability to creatively select, design and apply appropriate research methods and techniques, appropriate to the specific issue and context.
- j) Communicate ideas from positive psychology to a wide range of audiences with different levels of knowledge or expertise.
- k) Reflect critically on own learning and experience; demonstrate the ability to develop own learning strategies which can sustain independent learning and academic development, and to take responsibility for own work, decisions and use of resources.

G.1.14.6.2.2 Compilation of curriculum : Positive Psychology

Qualification and programme code: 103 195; **Curriculum code:** G801P

Module code	Descriptive name	Credits
PSYP874	Introduction to Positive Psychology	24
PSYP875	Research methods in Positive Psychology	24
PSYP876	Assessment and Basics of Interventions	24
PSYP877	Applications in Positive Psychology	24
PSYP878	Advanced Positive Psychology	24
PSYP873	Research Mini-dissertation in Positive Psychology	60
Credit total for the curriculum		180

G.1.14.7 Programme wat uitfaseer weens programbelyning:

G.1.14.7.1 Program: Rekreasiekunde: 103 182 – G815P

Geen nuwe studente word in die program toegelaat in 2017 nie.

Nuwe studente registreer vir die Meestersgraad in Gesondheidswetenskappe in Rekreasiekunde (8CN N01 – G801P).

G.1.14.7.2 Program: Biokinetika: 103 191 – G801P

Geen nuwe studente word in die program toegelaat in 2017 nie.

Nuwe studente registreer vir die Meestersgraad in Gesondheidswetenskappe in Menslike Bewegingskunde (8DH N01 – G801P).

G.1.14.7.3 Program: Kinderkinetika: 103 192 – G802P

Geen nuwe studente word in die program toegelaat in 2017 nie.

Nuwe studente registreer vir die Meestersgraad in Gesondheidswetenskappe in Menslike Bewegingskunde (8DH N01 – G801P).

G.1.14.7.4 Program: Sportwetenskap: 103 192 – G803P

Geen nuwe studente word in die program toegelaat in 2017 nie.

Nuwe studente registreer vir die Meestersgraad in Gesondheidswetenskappe in Menslike Bewegingskunde (8DH N01 – G801P).

G.1.14.7.5 Program: Psigologie: Kwalifikasiekode: 103 181 – G801P

Geen nuwe studente word in die program toegelaat in 2017 nie.

Nuwe studente registreer vir die Meestersgraad in Gesondheidswetenskappe in Psigologie by Mafeking en Vaal kampusse. Die program word nie meer by Potchefstroom aangebied nie.

G.1.15 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER IN VERBRUIKERSWETENSKAPPE

Die kurrikulum vir die bepaalde meestersgraad of die raamwerk waarbinne die kurrikulum saamgestel word, word binne die skool en die navorsingsentiteit bepaal.

Die meestersgraadstudie kan voltyds en deelyds onderneem word.

G.1.15.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Die fakulteit se besluit is gebaseer op die subsidiemodel vir universiteite en mag verskil van ander fakulteite of regulasies.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van twee jaar deur die Fakulteit vergun word moet studente wie aansoek doen vir verlengde studietydperk van drie jaar volgens die Akademiese reëls van die Universiteit kennis neem dat dit verswarende finansiële verpligting inhou vir studente.

G.1.15.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Toepaslike honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie soos deur die Senaat goedgekeur word vereis vir studente wat tot 'n meestersgraad toegelaat wil word.

G.1.15.3 Uitkomst van die kwalifikasie

Na voltooiing van die kwalifikasie sal die gegradueerde die volgende demonstreer:

- a) uitgebreide en geïntegreerde spesialis kennis van en betrokkenheid in 'n bepaalde dissipline van Verbruikerswetenskappe (Binnehuisonwerp, Mode, Voedsel en Verbruikersgedrag);
- b) die vermoë om krities na te dink en kritiek te lewer op die huidige navorsing of verbruikerspraktyke ten einde gevorderde vakkundigheid op die gebied van spesialisasie te ontwikkel;
- c) die vermoë om komplekse en uitdagende verbruikersverwante probleme / kwessies te identifiseer, te ondersoek en aan te spreek met die oog op logiese insig en kreatiewe oplossings te ontwikkel tot voordeel van die Suid-Afrikaanse verbruiker;
- d) die vermoë om toepaslike kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsmetodes op 'n etiese wyse toe te pas met die oog daarop om

navorsingsdata te gebruik om verbruikersverwante en praktykgerigte probleme / kwessies op te los;

- e) die vermoë om op 'n akademies korrekte en professionele wyse te kommunikeer (verbaal en skriftelik) en aansienlike verbruikersverwante idees en oplossings te verdedig met behulp van verskillende tipes media en tegnologie;
- f) die vermoë om effektief as 'n individu en in 'n groep die bedoelde en onbedoelde gevolge van ingrypings verbruiker te identifiseer en aan te spreek, onafhanklike leer en akademiese ontwikkeling in stand te hou en die volle verantwoordelikheid vir eie navorsingsresultate te neem.

G.1.15.4 Program: Verbruikerswetenskappe

Kwalifikasiekode: 8CM N01

Die program bestaan uit 'n navorsingsverhandeling. Sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

G.1.15.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Algemene toelatingsvereistes van die Universiteit geld.
- b) Toelating is gebaseer op die student se voorafgaande akademiese prestasie en ervaring.
- c) 'n Gemiddelde akademiese punt van minstens 60% behaal in die honneursprogram of gelykwaardige vierjarige B Verbruikerswetenskappe-program, word vereis.
- d) STTN111 (Beskrywende Statistiek) of 'n gelykwaardige kursus/module word as 'n voor- of newevereiste gestel in geval van projekte wat kwantitatiewe metodes en resultaatbewerkings vereis.
- e) Die modules VVBG671 en VNAM671 word vereis vir toelating tot die program.
- f) Studente wat nie aan die voorafgaande toelatingsvereistes voldoen nie word toegelaat om 'n toelatingseksamen in die modules VVBG671 en VNAM671 te skryf wat geslaag moet word voor finale toelating.
- g) Die keuringsproses wat aanvang neem op 1 Oktober, bestaan uit 'n preseleksie wat gebaseer is op die toelatingsvereistes en beskikbare kapasiteit. Studente sal slegs tot die program toegelaat word indien voldoende kapasiteit beskikbaar is.
- h) Om in aanmerking te kom vir keuring, moet die student 'n formele aansoek by die Universiteit indien. Die aansoek word geëvalueer tydens die eerste papier seleksieproses van die navorsingsentiteit wat gebaseer word op die toelatingsvereistes en beskikbare kapasiteit (A). Voornemende studente moet verkieslik by bestaande navorsingsprojekte inskakel soos deur die navorsingsentiteit bepaal.
- i) Alle applikante wat aan die vereistes van die eerste papier keuringsproses voldoen (B), moet 'n geskrewe opdrag indien rakende 'n navorsingsonderwerp wat verskaf word, en wat nie noodwendig die navorsingsonderwerp van die navorsingsprojek sal wees indien die student aanvaar word nie.

- j) Applikante wie suksesvol is gedurende die tweede papier seleksieproses (C) sal genooi word vir 'n keuringsonderhoud as finale keuringsprosedure.

G.1.15.4.2 Kurrikulum G801P: Verbruikerswetenskappe

G.1.15.4.2.1 Samestelling van kurrikulum: Verbruikerswetenskappe

Kwalifikasie- en programkode: 8CM N01; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VERB871	Verhandeling: Verbruikerswetenskappe	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.15.5 Programme wat uitfaseer weens programbelyning:

G.1.15.5.1 Program: Verbruikerswetenskappe: 836 100 – G880P(gestruktureerd)

Geen nuwe studente word ingeneem in die program in 2017 nie.

Nuwe studente registreer vir die navorsingsmeestersgraad Magister in Verbruikerswetenskappe (8CM N01 – G801P).

G.1.16 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER GESONDHEIDSWETENSAPPE IN KARDIOVASKULÊRE FISIOLIE

G.1.16.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Die fakulteit se besluit is gebaseer op die subsidiemodel vir universiteite en mag verskil van ander fakulteite of regulasies.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van twee jaar deur die Fakulteit vergun word moet studente wie aansoek doen vir 'n verlengde studietydperk van drie jaar volgens die Akademiese reëls van die Universiteit kennis neem dat dit verswarende finansiële verpligting inhou.

G.1.16.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Student wat van voorneme is om vir 'n meestersgraad in te skryf, moet reeds 'n honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat, in 'n toepaslike veld verwerf het.

G.1.16.3 Uitkomst van die kwalifikasie

Na voltooiing van die kwalifikasie sal die student die volgende demonstreer:

- gespesialiseerde kennis in die veld van Kardiovaskulêre Fisiologie en die vermoë om betrokke te raak met en kritiek te lewer op huidige navorsing of praktyke in hierdie gebied;
- die vermoë om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van Kardiovaskulêre Fisiologie te identifiseer en te analiseer, te evalueer en dan toepaslike ondersoek metodes te selekteer en prosesse vir die bestudering van hierdie probleem;

- c) kritiese kennis en begrip van die etiese en wetlike oorwegings van toepassing op navorsing en die gevolge van ingrypings op individuele en groepvlak;
- d) ontwerp en toepassing van toepaslike en kreatiewe kwantitatiewe en / of kwalitatiewe navorsingsmetodologie, tegnieke en prosedures om praktiese en teoretiese probleme in die veld van Kardiovaskulêre Fisiologie te ondersoek;
- e) 'n vermoë om navorsing op 'n wetenskaplik-korrekte wyse te interpreteer en 'n gedetailleerde navorsingsverslag te skryf oor die ontwerp en bevindinge aan te teken; 'n vermoë om onafhanklik te leer te ontwikkel asook akademiese en professionele ontwikkeling te handhaaf;
- f) praktyk-aanvaarbare sosiale sensitiwiteit in hul verhouding met ander en effektief in 'n span te werk deur die implementering van die betrokke teorie en besinning oor die implementering daarvan;
- g) die vermoë om 'n hoë gehalte en koste-effektiewe dienste te lewer as deel van die Kardiovaskulêre Fisiologie span;
- h) kritieke mondelinge en geskrewe kommunikasie vaardighede om effektief te kommunikeer met werknemers en werkgewers van die industrie;
- i) die vermoë en motivering om op hoogte te bly met die huidige navorsing in die veld van Kardiovaskulêre Fisiologie en verbind tot 'n lewenslange leerder;
- j) verkenning van verskillende effektiewe leerstrategieë om die verskillende vermoëns van 'n wetenskaplike te bekom in die veld van Kardiovaskulêre Fisiologie.

G.1.16.4 Program: Kardiovaskulêre Fisiologie

Kwalifikasiekode: 8DD N01

Die doel van hierdie kwalifikasie is die opleiding van nagraadse studente ten einde hulle te bemagtig om op 'n hoogs gespesialiseerde vlak te kan funksioneer as navorsers in die gesondheidswetenskappe.

Die program word op 'n voltydse basis aangebied en die algemene sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober. Aansoeke wat na hierdie datum ontvang word sal op meriete gekeur word.

G.1.16.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Die student moet in besit wees van 'n toepaslike honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie.
- b) Minstens 60% gemiddeld in Fisiologie (of gelykwaardige kwalifikasie) op honneursvlak word vereis.
- c) Dit word aanbeveel dat studente Farmakologie en terapie (FKLG211) as addisionele module volg om hulle kennis met betrekking tot terapie uit te brei.
- d) Keuring en goedkeuring deur 'n nagraadse keurkomitee is onderhewig aan beskikbare kapasiteit.

- e) Dit word sterk aanbeveel dat die student moet bewys lewer van immunisering, veral Hepatitis A en B.
- f) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente gehandhaaf word.

G.1.16.4.2 Kurrikulum G801P: Kardiovaskulêre Fisiologie

G.1.16.4.2.1 Samestelling van kurrikulum: Kardiovaskulêre Fisiologie

Kwalifikasie- en programkode: 203 171; Kurrikulumkode: G855P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PHYS871	Verhandeling	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.17 RULES FOR THE DEGREE MASTER OF HEALTH SCIENCES IN GERONTOLOGY

G.1.17.1 Duration (Minimum and maximum)

The minimum duration for the study is one year and the maximum duration two years, calculated from the date of the first registration for the particular programme. The faculty's decision is based on the current subsidy model for universities and may differ from other faculties or regulations.

Although a maximum study period of two years is granted by the faculty, students who apply for an additional third study year according to the Academic rules of the University, must note that it will have financial implications for them.

G.1.17.2 Admission requirements of the qualification

A student who wishes to register for a Master's degree must have acquired an honours degree or equivalent qualification in the applicable field as approved by the Senate.

G.1.17.3 Uitkomst van die kwalifikasie

After completing this qualification, the student should demonstrate:

- a) advanced, systematic and specialist knowledge, understanding and skill to undertake research on individual, community and/or interdisciplinary level by applying appropriate research methods and techniques to identify, analyse and formulate complex research problem(s) in the domain of gerontology;
- b) knowledge and critical understanding of international and national population trends with special focus on population and individual aging both globally and in South Africa;
- c) an ability to analyse, compare and understand the key theoretical and conceptual approaches to gerontology from both a bio-medical and a social science perspective;
- d) knowledge and critical understanding of current and emerging individual and community needs related to the ageing process in lieu of the complex realities facing older people in South Africa;

- e) an ability to recognize and utilize the strengths of and contributions from older persons to deal with the complex realities of ageing in a national and global context and to promote the concept of positive ageing; and
- f) the skill to draw valid, reliable and relevant conclusions from different sources in order to apply these in micro-, meso- and macro level-interventions; and
- g) to translate demographic ageing challenges into policy frameworks.

G.1.17.4

Programme: Gerontology

Qualification code: 862 101

Health care professionals credited with this qualification will be able to function with advanced intellectual and practical competencies in complex and ill-defined areas of health focusing on a transdisciplinary team approach of health promotion in old age. The programme aims at advancing existing professional skills and developing research skills but do not lead to an additional professional qualification.

The programme will enable health care professionals from various disciplines to assist the elderly in communities to increase control over and improve their own health. The health care professional will be able to act as leaders, consultants, educators, specialist practitioners and researchers in gerontology.

The programme focuses on both the bio-medical and the social sciences perspectives on gerontology, and supports a multi-disciplinary approach to the ageing phenomenon. Completion of this curriculum of the Master's degree will equip students to register for a doctoral degree in the field of the Health Sciences.

This qualification affords health professionals access to doctoral studies, further increasing the candidate pool for leadership in health.

The closing date for applications is: 30 September

G.1.17.4.1

Faculty specific rules and requirements of the programme

- a) Students should have a four-year or Honors qualification in any relevant health related discipline, including biology, demography, economics, epidemiology, gerontology, the human sciences, medicine, psychiatry, psychology, public health, social policy, nursing and sociology.
- b) Experience in gerontology will be an advantage.

G.1.17.4.2

Curriculum: Gerontology: G801P

The purpose of the curriculum is to equip students from a variety of disciplines to develop a comprehensive understanding of causes, dynamics and implications of individual and societal ageing in order for them to promote the well-being and quality of life of older people; meet older people's present and projected needs; enable older people to remain within their own communities for as long as possible; apply new knowledge to plan and implement appropriate interventions, activities and proposals within complex contexts such as HIV/AIDS, poverty as well as changing family dynamics.

G.1.17.4.2.1 Composition of curriculum: Gerontology

Qualification- and programme code: 862 101; Curriculum: G801P

Module code	Descriptive name	Credits
TDHP811	Research methodology	16
TDHP812	Transdisciplinary health promotion	16
GRTL813	Population ageing and policies	16
GRTL814	Bio-medical and social theories	16
GRTL815	Quality of life and well-being of older persons	8
GRTL816	Gerontological interventions	8
GRTL873	Mini-dissertation: Gerontology	100
Credit total for the curriculum		180

G.1.18 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER GESONDHEIDSWETENSKAPPE IN MENSLIKE BEWEGINGSKUNDE

G.1.18.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Die fakulteit se besluit is gebaseer op die subsidiemodel vir universiteite en mag verskil van ander fakulteite of regulasies.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van twee jaar deur die Fakulteit vergun word moet studente wie aansoek doen vir 'n verlengde studietydperk van drie jaar volgens die Akademiese reëls van die Universiteit kennis neem dat dit verswarende finansiële verpligting inhou.

G.1.18.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Student wat van voorneme is om vir 'n meestersgraad in te skryf, moet reeds 'n honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat, in 'n toepaslike veld verwerf het.

G.1.18.3 Uitkomst van die kwalifikasie

Na voltooiing van die kwalifikasie sal die student die volgende demonstreer:

- omvattende spesialiskennis in 'n spesifieke veld van Menslike Bewegingskunde met die oog op kritisering en evaluering van huidige literatuur en navorsingsmetodologieë in hierdie veld;
- gevorderde kennis en grondige begrip van 'n spesifieke veld van Menslike Bewegingskunde regoor die lewensduur van verskillende kliniese bevolkings ten einde risiko's te evalueer, toepaslike oefening of lewenstyl veranderinge voor te stel, siektes te bestuur of sportprestasie te verbeter;
- 'n vermoë om toepaslike navorsingsmetodes te kies en toepaslike navorsing instrumente binne die kwantitatiewe en kwalitatiewe paradigma toe te pas ten einde 'n komplekse kwessie of probleem in die veld van Menslike Bewegingskunde te ondersoek;
- 'n vermoë om die oefening/beweging/fisiese behoeftes van individue, groepe en gemeenskappe effektief te diagnoseer en basiese

intervensieprogramme te ontwerp en toe te pas in verskillende sosio-kulturele kontekste;

- e) die vermoë om 'n navorsingsontwerp te konseptualiseer en te motiveer, en dan die navorsing onder toesig en in 'n etiese wyse te onderneem om dit te adresseer en oplossings te vind vir geïdentifiseerde kwessies of probleme binne hierdie studieveld; en
- f) die vermoë om navorsingsresultate in 'n professionele en kreatiewe wyse te kommunikeer en te verdedig deur 'n akademiese suiwer navorsingsverhandeling of skripsie, met korrekte verwysingstegnieke en tegniese vereistes.

G.1.18.4 Program: Menslike Bewegingskunde

Kwalifikasiekode: 8DH N01

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, is akademies van aard. Die program bied 'n geleentheid tot die ontwikkeling van gespesialiseerde en gevorderde kennis, toegepaste vaardighede, houdings en waardes as navorsers in Menslike Bewegingskunde.

Die program word voltyds en deelyds aangebied en aansoeke moet teen 11 September ingedien wees. (Laat aansoeke sal op meriete gekeur word).

G.1.18.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Algemene toelatingsvereistes geld.
- b) 'n Keuringsproses vir die bepaalde spesialiseringrigting wat gedurende Oktober tot November afgeneem word moet geslaag word.
- c) Finale goedkeuring word deur die skool- en navorsingsdirekteur toegestaan.
- d) 'n Gemiddelde akademiese punt van 60% in die honneursjaar word vereis.
- e) 'n Gemiddeld van 65% vir 'n module in navorsingsmetodologie/-metodes op vierdejaarlvlak word vereis
- f) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente gehandhaaf word.

G.1.18.4.2 Kurrikulum G801P: Menslike Bewegingskunde

G.1.18.4.2.1 Samestelling van kurrikulum: Menslike Bewegingskunde

Kwalifikasie- en programkode: 8DH N01; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MBWM871	Verhandeling: Menslike Bewegingskunde	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.19 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER GESONDHEIDSWETENSKAPPE IN REKREASIEKUNDE

G.1.19.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Die fakulteit se besluit is gebaseer op die subsidiemodel vir universiteite en mag verskil van ander fakulteite of regulasies.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van twee jaar deur die Fakulteit vergun word moet studente wie aansoek doen vir 'n verlengde studietydperk van drie jaar volgens die Akademiese reëls van die Universiteit kennis neem dat dit verswarende finansiële verpligting inhou.

G.1.19.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Student wat van voorneme is om vir 'n meestersgraad in te skryf, moet reeds 'n honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat, in 'n toepaslike veld verwerf het.

G.1.19.3 Uitkomst van die kwalifikasie

Na voltooiing van die kwalifikasie sal die student die volgende demonstreer:

- a) omvattende spesialiskennis in 'n bepaalde gebied van Rekreasiekunde (Rekreasiepraktykbestuur, gesondheidsbevordering, kindersorg, terapeutiese rekreasie en vryetydsprogrammering) met die oog op kritiese evaluering van huidige literatuur en navorsingsmetodologieë in hierdie veld;
- b) 'n vermoë toepaslike navorsingsmetodes van ondersoek te kies en toepaslike navorsingsinstrumente te kan toepas binne die kwantitatiewe en/of kwalitatiewe paradigmas ten einde 'n komplekse kwessie of probleem in die veld van Rekreasiekunde te ondersoek;
- c) 'n vermoë om die ontspanningsbehoefte van individue, groepe en gemeenskappe, effektief te diagnoseer en basiese intervensieprogramme te ontwerp en toe te pas in verskillende sosio-kulturele kontekste;
- d) die vermoë om 'n navorsingsontwerp te konseptualiseer en te motiveer, en die navorsing onder toesig en op 'n etiese wyse te onderneem om die geïdentifiseerde kwessies of probleme te adresseer en oplossings te vind binne hierdie studieveld; en
- e) die vermoë om navorsingsresultate op 'n professionele en kreatiewe wyse te kommunikeer en te verdedig deur die skryf van 'n akademiese suiwer navorsingsverhandeling of skripsie, met korrekte verwysingstegnieke en tegniese vereistes.

G.1.19.4 Program: Rekreasiekunde

Kwalifikasiekode: 8CN N01

Die kurrikulum wat in hierdie program saamgestel is, is akademies van aard. Die program bied 'n geleentheid tot die ontwikkeling van gespesialiseerde en gevorderde kennis, toegepaste vaardighede, houdings en waardes as navorsers in Rekreasiekunde.

Die program word voltyds en deelyds aangebied en aansoeke moet teen 11 September ingedien wees. (Laat aansoeke sal op meriete gekeur word).

G.1.19.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Algemene toelatingsvereistes geld.
- b) 'n Keuringsproses vir die bepaalde spesialiseringrigting wat gedurende Oktober tot November afgeneem word moet geslaag word.
- c) Finale goedkeuring word deur die skool- en navorsingsdirekteur toegestaan.
- d) 'n Gemiddelde akademiese punt van 60% in die honneursjaar word vereis.
- e) 'n Gemiddeld van 65% vir 'n module in navorsingsmetodologie/-metodes op vierdejaarlak word vereis.
- f) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente gehandhaaf word.

G.1.19.4.2 Kurrikulum G815P: Rekreasiekunde

G.1.19.4.2.1 Samestelling van kurrikulum: Rekreasiekunde

Kwalifikasie- en programkode: 8CN N01; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
RKKV871	Verhandeling: Rekreasiekunde	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.20 RULES FOR THE DEGREE MASTER OF HEALTH SCIENCES IN TRANSDISCIPLINARY HEALTH PROMOTION

G.1.20.1 Duur (Minimum en maksimum)

The minimum duration for the study is one year and the maximum duration two years, calculated from the date of the first registration for the particular programme. The faculty's decision is based on the current subsidy model for universities and may differ from other faculties or regulations.

Although a maximum study period of two years is granted by the faculty, students who apply for an additional third study year according to the Academic rules of the University, must note that it will have financial implications for them.

G.1.20.2 Admission requirements of the qualification

A student who wishes to register for a Master's degree must have acquired an honours degree or equivalent qualification in the applicable field as approved by the Senate.

G.1.20.3 Uitkomst van die kwalifikasie

After completion of this qualification the student should have:

- a) advanced, systematic and specialist knowledge, understanding and skills to undertake research on individual, community and/or interdisciplinary

level by applying appropriate research methods and techniques to identify, analyse and formulate complex real-world research problem(s) in the domain of transdisciplinary health promotion, and to communicate and defend, orally and in writing, substantial ideas;

- b) knowledge and critical understanding of international and national population trends and community needs, with special focus on health promotion, both globally and in South Africa;
- c) the competency to undertake a critical and relevant literature survey, to apply theories and specialised tools and techniques in identifying and analysing complex real-world health problems and to draw valid, reliable and relevant conclusions from different sources; and
- d) The ability to communicate (with the help of a supervisor) results of the research effectively and ethically in a coherent dissertation and present this verbally to a specialist and non-specialist audience by using the resources of an academic-professional discourse, including IT.

G.1.20.4 Programme: Transdisciplinary Health Promotion

Qualification code: 862 100

Hierdie kwalifikasie word slegs in Engels aangebied.

The general closing date for applications is 30 September and applications received after this date will be selected on merit.

The programme is presented fulltime or part time via contact learning with a blended learning environment approach and will enable health-care professionals from various disciplines to assist communities in increasing control over and improvement of their own health. The health-care professionals will be able to act as leaders, consultants, educators, specialist practitioners and researchers in transdisciplinary health promotion.

The programme consists of two (2) compulsory theoretical core modules (16 credits each) providing the necessary grounding for the third module (148 credits) in applied transdisciplinary health research. The three modules are completed in the same year for fulltime studies or in two years for part time students. Module one (1) is a contact session and module two (2) is web-based. Module three (3) is the research project and dissertation.

G.1.20.4.1 Faculty specific rules and requirements of the programme

- a) A relevant four-year professional bachelor degree in Health Sciences, or a relevant three-year and honours degree in Health Sciences or a health-related discipline, including biology, demography, economics, epidemiology, gerontology, the human sciences, medicine, nutrition, psychiatry, psychology, public health, social policy, nursing and sociology.
- b) Paper selection criteria such as academic achievement (a final mark of 60% applies for the previous qualification) and relevant experience.
- c) Successful completion of a quality scientifically written essay according to specific guidelines. It may also be delivered in the form of an oral presentation.
- d) A formal individual in-depth interview by a selection panel of researchers.

- e) Access to and skills in computer technology as this qualification will be delivered via a blended mode and many of the materials and activities will have to be completed on-line.
- f) Apart from the formal requirements, related to university admission, candidates who want to enrol for the masters of Health Sciences in Transdisciplinary Health Promotion must:
 - demonstrate the information-gathering, analysis and presentation skills required for study at exit level 8 on the NQF;
 - demonstrate understanding of and the ability to communicate accurately and comprehensively in the required medium of instruction;
 - take responsibility for their own learning and its progress within a structured learning environment;
 - demonstrate the ability to monitor and evaluate their own performance;
 - have adequate basic knowledge of the discipline he/she represents to be able to argue the contribution of that discipline in a transdisciplinary team.
- g) Students from foreign countries are requested to have their degrees validated by SAQA before admission.
- h) Progression rules: Should a theoretical module be failed a second chance will be afforded. In the case of the dissertation the assessment and moderation policy and faculty rules of the university apply.
- i) Selection by a selection committee takes effect on October 1 and is subject to the academic performance of the student, and available capacity in the subject field. Students who meet the requirements will be invited to an interview.
- j) Selection is subject to approval by the research director.

G.1.20.4.2 Curriculum: Transdisciplinary Health Promotion: G801P

The curriculum in this program is of an academic nature. Health-care professionals who are credited with this qualification will be able to function with advanced intellectual and practical competencies in complex and ill-defined areas of health, focusing on a transdisciplinary team approach of health promotion across the total life span. The programme aims at advancing existing professional skills and developing research skills, but does not lead to an additional professional qualification.

G.1.20.4.2.1 Composition of curriculum: Transdisciplinary Health Promotion

Qualification- and programme code: 862 100; Curriculum: G801P

Module code	Descriptive name	Credits
TDHP811	Research methodology	16
TDHP812	Transdisciplinary health promotion	16
TDHP872	Dissertation: Transdisciplinary health promotion	148
Credit total for the curriculum		180

G.1.21 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE

G.1.21.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Die fakulteit se besluit is gebaseer op die subsidiemodel vir universiteite en mag verskil van ander fakulteite of regulasies.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van twee jaar deur die Fakulteit vergun word moet studente wie aansoek doen vir 'n verlengde studietydperk van drie jaar volgens die Akademiese reëls van die Universiteit kennis neem dat dit verswarende finansiële verpligting inhoud.

G.1.21.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Student wat van voorneme is om vir 'n meestersgraad in te skryf, moet reeds 'n honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat, in 'n toepaslike veld verwerf het.

G.1.21.3 Program: Beroepshigiëne

Kwalifikasiekode: 203 160

Die doel van hierdie kwalifikasie is die opleiding van nagraadse studente ten einde hulle te bemaatig om te kan funksioneer as beroepshigiëniste in die industrie en navorsers in die gesondheidswetenskappe.

Die program word op 'n voltydse basis aangebied. Die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September. Aansoeke wat na hierdie datum ontvang word sal op meriete gekeur word.

G.1.21.3.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Die student moet in besit wees van 'n toepaslike honneurs graad of gelykwaardige kwalifikasie;
- b) Minstens 65% op honneursvlak (of gelykwaardige kwalifikasie) word vereis;
- c) STTN111 (Beskrywende statistiek) of 'n gelykwaardige module, FLGX615 (Navorsingsmetodologie) of 'n gelykwaardige module en FLGX618 (Beroepshigiëne monitoring A) of 'n gelykwaardige module moet geslaag wees;
- d) Dit word sterk aanbeveel dat die student moet bewys lewer van immunisering, veral Hepatitis A en B;
- e) Keuring deur 'n keurkomitee vind plaas gedurende Oktober en is onderhewig aan die akademiese prestasie van die student;
- f) Goedkeuring deur die direkteur is onderhewig aan beskikbare kapasiteit;
- g) 'n Wetenskaplike geskrif volgens bepaalde riglyne moet suksesvol voltooi word en die keuringspaneel behou die reg voor tot 'n individuele onderhoud met studente.

G.1.21.3.2 Kurrikulum G851P: Beroepshigiëne

G.1.21.3.2.1 Kurrikulumuitkomste

Die gekwalifiseerde student sal toegerus wees met gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsvraag binne die veld van beroepshigiëne te identifiseer, om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingsmetodes, -tegnieke en -prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindings op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer en 'n navorsingsverslag daaruit saam te stel. Die student sal die vermoë besit om in die industrie as beroepshigiënis te kan funksioneer.

G.1.21.3.3 Samestelling van die kurrikulum: Beroepshigiëne

Kwalifikasie- en programkode: 203 160; **Kurrikulumkode:** G851P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FLGX873	Skripsie: Beroepshigiëne	96
FLGX884	Beroepshigiëne monitering B	24
FLGX885	Vibrasie, hitte en ergonomiese faktore	24
FLGX886	Arbeidswetgewing	24
FLGX887	Persoonlike beskermingstoerusting en straling	24
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

G.1.21.4 Program: Kliniese Psigologie

Kwalifikasiekode: 203 176

Die program is professioneel van aard. In die ontwikkeling van die kurrikulum vir die program is die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* asook nasionale- en streeksbehoefes in ag geneem deur dit aan te spreek in die navorsingfokusarea COMPRES. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefes van ons land. Hierdie kurrikulum berei die student ook voor vir verdere nagraadse studie in Psigologie.

Die Kliniese Psigologie program bied 'n geleentheid tot gespesialiseerde en gevorderde opleiding en is 'n voorvereiste vir registrasie as intern en uiteindelik Kliniese Sielkundige by die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)*.

Die program word voltyds aan gebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 4 Julie waarna 'n keuringsproses volg.

G.1.21.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- Honneursgraad in Psigologie of toepaslike gelykwaardige kwalifikasie word vereis.
- 'n Gemiddeld van 65% vir die honneursgraad word vereis.
- 'n Papierseleksie met kriteriums soos akademiese prestasie, relevante ervaring en die kwaliteit van interne en eksterne referentverslae vind plaas;

- d) 'n Formele keuringsproses wat bestaan uit 'n individuele in-diepte onderhoud deur 'n keuringspaneel van sielkundiges, en 'n navorsingstaak, gevallestudies en groepsprosesse vir evaluering van sekere trekke, vaardighede en potensiaal sal gehou word;
- e) 'n Finale in-diepte individuele onderhoud voor die keuringspaneel bestaande uit interne en eksterne sielkundiges (departement en internskapvertegenwoordigers) word gehou.
- f) Finale goedkeuring is onderhewig daaraan dat die navorsingskripsie binne die bepaalde fokus van vakgroep sal ressorteer.
- g) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente in die professionele programme gehandhaaf word. Dit staan die departement vry om die studie te termineer indien 'n student se akademiese-, gedrags- en/of funksioneringsrekord onbevredigend is en 'n gevaar vir homself/haarself en die publiek inhou.
- h) Akademiese uitnemendheid is ten alle tye 'n voorvereiste:
 - 'n Deelnamepunt sal vir elke module apart bepaal en uiteengesit word. 'n Subminimum deelnamepunt van 50% word vereis ten einde tot die eksamen toegelaat te word.
 - 'n Slaagpunt van 55% per module en 'n eksamensubminimum van 50% per module sal vereis word. Die gewigte vir die bepaling van die finale modulepunt is: 50% deelname punt en 50% eksamenpunt.
 - Kandidate kry 'n tweede eksamengeleentheid in 'n module, slegs indien 'n vraestel gedruip word en 'n maksimum eksamenpunt van 50% sal toegeken word vir so 'n eksamengeleentheid... Indien die 2de geleentheid gedruip word, moet die jaar herhaal word. Indien meer vraestelle gedruip word, druipt die kandidaat die kursus.
 - Indien eksperiënsiële vordering nie na wense sou wees nie, sou die internskap verleng kon word.

G.1.21.4.2 Kurrikulum G802P: Kliniese Psigologie

G.1.21.4.2.1 Kurrikulum uitkomst

Die student sal die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* nakom om vir 'n internskap in Kliniese Psigologie te registreer, en sal toegerus wees met gespesialiseerde en gevorderde kennis en vaardighede om kuratiewe dienste te lewer, patologie te diagnoseer en voorkom, bio-psigososiale gesondheid te bevorder en primêre, sekondêre en tersiêre welstand in individue, gesinne, organisasies en gemeenskappe te bevorder, en in besonder diegene wat ernstige lewenseise en relatiewe ernstige vorme van psigopatologie en psigologiese distres belewe.

G.1.21.4.2.2 Samestelling van die kurrikulum: Kliniese Psigologie

Kwalifikasie en programkode: 203 176; Kurrikulum kode: G802P

Module kode	Beskrywende naam	Krediete
PSYK872	Navorsingsteorie en -skripsie in Kliniese Psigologie	100
PSYC879	Kinder en Adolessente Patologie en Terapie	20
PSYC880	Teorie van Psigologiese Intervensies	20
PSYC884	Toegepaste Psigologie en Gemeenskapsintervensies	20
PSYC883	Etiek, Psigodiagnostiek en Praktiese werk	20
PSYC885	Psigofarmakologie, Neuropsigologie en Gevorderde Psigopatologie	20
Totale krediete van die kurrikulum		200

G.1.21.5 Program: Voorligtingspsigologie

Kwalifikasiekode: 203 177

Die program is professioneel van aard. In die ontwikkeling van die kurrikulum vir die program is die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* asook nasionale- en streeksbehoefes in ag geneem daardeur aan te spreek in die navorsingfokusarea COMPRES. By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefes van ons land. Hierdie kurrikulum berei die student ook voor vir verdere nagraadse studie in Psigologie.

Die Voorligtingspsigologieprogram bied 'n geleentheid tot gespesialiseerde en gevorderde opleiding en is 'n voorvereiste vir registrasie as intern en uiteindelik Kliniese Sielkundige by die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)*.

Die program word voltyds aan gebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 4 Julie waarna 'n keuringsproses volg.

G.1.21.5.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- Honneursgraad in Psigologie of toepaslike gelykwaardig. word vereis.
- 'n Gemiddeld van 65% vir die honneursgraad word vereis.
- 'n Papiereleksie met kriteriums soos akademiese prestasie, relevante ervaring en die kwaliteit van interne en eksterne referentverslae vind plaas;
- 'n Formele keuringsproses wat bestaan uit 'n individuele in-diepte onderhoud deur 'n keuringspaneel van sielkundiges, en 'n navorsingstaak, gevallestudies en groepsprosesse vir evaluering van sekere trekke, vaardighede en potensiaal sal gehou word;
- 'n Finale in-diepte individuele onderhoud voor die keuringspaneel bestaande uit interne en eksterne sielkundiges (departement en internskapvertegenwoordigers) word gehou.
- Finale goedkeuring is onderhewig daaraan dat die navorsingskripsie binne die bepaalde fokus van vakgroep sal ressorteer.

- g) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente in die professionele programme gehandhaaf word. Dit staan die departement vry om die studie te termineer indien 'n student se akademiese-, gedrags- en/of funksioneringsrekord onbevredigend is en 'n gevaar vir homself/haarself en die publiek inhou.
- h) Akademiese uitnemendheid is ten alle tye 'n voorvereiste:
- 'n Deelnamepunt sal vir elke module apart bepaal en uiteengesit word. 'n Subminimum deelnamepunt van 50% word vereis ten einde tot die eksamen toegelaat te word.
 - 'n Slaagpunt van 55% per module en 'n eksamensubminimum van 50% per module sal vereis word. Die gewigte vir die bepaling van die finale modulepunt is: 50% deelname punt en 50% eksamenpunt.
 - Kandidate kry 'n tweede eksamengeleentheid in 'n module, slegs indien 'n vraestel gedruip word en 'n maksimum eksamenpunt van 50% sal toegeken word vir so 'n eksamengeleentheid. Indien die 2de geleentheid gedruip word, moet die jaar herhaal word. Indien meer vraestelle gedruip word, drui die kandidaat die kursus.
 - Indien eksperiënsiële vordering nie na wense sou wees nie, sou die internskap verleng kon word.

G.1.21.5.2 Kurrikulum G802P: Voorligtingspsigologie

G.1.21.5.2.1 Kurrikulum uitkomst

Die student sal die vereistes van die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)* nakom om vir 'n internskap in Voorligtingspsigologie te registreer, en sal toegerus wees met gespesialiseerde en gevorderde kennis en vaardighede om kuratiewe dienste te lewer, patologie te diagnoseer en voorkom, bio-psigososiale gesondheid te bevorder en primêre, sekondêre en tersiêre welstand in individue, gesinne, organisasies en gemeenskappe te bevorder, en in besonder diegene wat ernstige lewenseise en relatiewe ernstige vorme van psigopatologie en psigologiese distres belewe.

G.1.21.5.2.2 Samestelling van die kurrikulum: Voorligtingspsigologie

Kwalifikasie en programkode: 203 177; Kurrikulumkode: G802P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PSYV872	Navorsingsteorie en -skripsie in Voorligtingspsigologie	100
PSYV879	Kinder en Adolessente Patologie en Terapie	20
PSYV880	Teorie van Psigologiese Intervensies in Voorligtingspsigologie	20
PSYV885	Psigofarmakologie, Neuropsigologie en Gevorderde Psigopatologie in Voorligtingspsigologie	20
PSYC884	Toegepaste Psigologie en Gemeenskapsintervensies	20
PSYC883	Etië, Psigodiagnostiek en Praktiese werk	20
Totale krediete vir die kurrikulum		200

G.1.21.6 Program: Navorsingspsigologie

Kwalifikasiekode: 203 165

Die program is professioneel van aard. In die ontwikkeling van die kurrikulum vir die program is nasionale- en streeksbehoefes in ag geneem deur dit aan te spreek in die navorsingsfokusarea COMPRES By die samestelling van die kurrikulum is oorweging geskenk aan beroepsmoontlikhede en die mensekapitaalbehoefes van ons land. Hierdie kurrikulum berei die student ook voor vir verdere nagraadse studie in Psigologie.

Die Navorsingspsigologieprogram bied 'n geleentheid tot gespesialiseerde en gevorderde opleiding en is 'n voorvereiste vir registrasie as 'n intern en uiteindelik Sielkundige by die *Health Professions Council of South Africa (HPCSA)*.

Die program word voltyds aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September waarna 'n keuringsproses volg gedurende Oktober.

G.1.21.6.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) 'n Honneursgraad in Psigologie met 'n gemiddeld van ten minste 65% word vereis;
- b) 'n Papier-, akademiese- en persoonlikheidskeuring by voltooiing van die Honneursgraad vir toelating tot die professionele program in Navorsingspsigologie.
- c) Studente voltooi teen 30 September 'n keuringsaansoek bestaande uit: (a) 'n motiveringsbief, (b) volledige CV, (c) volledige akademiese rekord en (d) 'n twee bladsy voorstel met moontlike navorsingsonderwerpe.
- d) Studente wat aan al die vereistes voldoen sal genooi word vir 'n keuringsonderhoud om die student se potensiaal om by die navorsingsprogram te baat vas te stel. Die student sal versoek word om 'n navorsingswerkopdrag te voltooi.
- e) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente in die professionele programme gehandhaaf word. Dit staan die departement vry om die studie te termineer indien 'n student se akademiese-, gedrags-, en/of funksioneringsrekord onbevredigend is en 'n gevaar vir homself/haarself of die publiek inhou.
- f) Akademiese uitnemendheid is ten alle tye 'n voorvereiste. 'n Deelnamepunt sal gedefinieer word en word vereis vir elke module. 'n Slaagpunt van 55% word vereis per module en 'n eksamensubminimum van 50% per module word vereis. Kandidate mag in slegs een vraestel 'n 2de geleentheid kry. Indien die 2de geleentheid gedruip word, moet die jaar herhaal word. Indien meer vraestelle gedruip word, druipt die kandidaat die kursus.
- g) Indien eksperiënsiële vordering nie na wense sou wees nie, sou die internskap verleng kon word.

G.1.21.6.2 Kurrikulum G801P: Navorsingspsigologie

G.1.21.6.2.1 Kurrikulumuitkomst

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student:

- a) gevorderde, sistematiese en spesialiskennis te demonstree om navorsing op individuele, gemeenskap- en/of interdisiplinêre vlak te onderneem deur geskikte navorsingsmetodes en tegnieke toe te pas in die identifisering, analisering en formulering van komplekse navorsingsprobleem/e in die veld van psigologie;
- b) gevorderde strategieë te demonstree om toepaslike inligting te verkry, te analiseer en te evalueer vir die relevansie en geldigheid daarvan;
- c) toepaslike kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsmetodes te benut om antwoorde vir navorsingsfenomene te verskaf;
- d) resultate op 'n wetenskaplike wyse te interpreteer;
- e) navorsingsbevindinge te integreer en krities daarop te reflekteer;
- f) die bevindinge mondelings te kommunikeer met die gebruik van toepaslike IT en in navorsingsverslae te skryf; en
- g) navorsing op 'n etiese en wetenskaplike wyse uit te voer en te kommunikeer.
- h) Na suksesvolle voltooiing van die akademiese kurrikulum en 'n internskap voldoen die student aan die vereistes van die Health Professions Council of South Africa (HPCSA) en kan die student, as dit verkies word, as Navorsingsielkundige registreer.

G.1.21.6.2.2 Samestelling van die kurrikulum: Navorsingspsigologie
Kwalifikasie- en programkode: 203 165; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
PSYC872	Verhandeling: Navorsingspsigologie	116
PSYC874	Kritiese navorsingsvaardighede	16
PSYC875	Kwantitatiewe navorsingsmetodes	16
PSYC876	Kwalitatiewe navorsingsmetodes	16
PSYC877	Projekbestuur	16
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.21.7 Programme wat uitfaseer weens programbelying:

G.1.21.7.1 Program: Dieetkunde: 203 169 – G851P en G875P

Geen nuwe studente word ingeneem in die program in 2017 nie.

Nuwe studente registreer vir die gestruktureerde Magister Scientiae in Dieetkunde (8DB P01 – G801P).

G.1.21.7.2 Program: Biokinetika: 203 195 – G801P

Geen nuwe studente word ingeneem in die program in 2017 nie.

Nuwe studente registreer vir die Meestersgraad in Gesondheidswetenskappe in Menslike Bewegingskunde (8DH N01 – G801P).

G.1.21.7.3 Program: Kinderkinetika: 203 196 – G802P

Geen nuwe studente word ingeneem in die program in 2017 nie.

Nuwe studente registreer vir die Meestersgraad in Gesondheidswetenskappe in Menslike Bewegingskunde (8DH N01 – G801P).

- G.1.21.7.4 Program: Sportwetenskap: 203 197 – G803P**
 Geen nuwe studente word ingeneem in die program in 2017 nie.
 Nuwe studente registreer vir die Meestersgraad in Gesondheidswetenskappe in Menslike Bewegingskunde (8DH N01 – G801P).
- G.1.21.7.5 Program: Voeding: 203 166 – G870P en G871P**
 Geen nuwe studente word ingeneem in die program in 2017 nie.
 Nuwe studente registreer vir die navorsingsgraad Magister Scientiae in Voeding (8DA N01 – G801P) of gestruktureerde graad Magister Scientiae in Voeding (8CW P01 – G801P).
- G.1.21.7.6 Program: Farmaseutiese Chemie: 203 184 – G801P**
 Geen nuwe studente word ingeneem in die program in 2017 nie.
 Nuwe studente registreer vir die Magister Scientiae in Farmaseutiese Chemie (8DE N01 – G801P).
- G.1.21.7.7 Program: Farmakologie: 203 185 - G801P**
 Geen nuwe studente word ingeneem in die program in 2017 nie.
 Nuwe studente registreer vir die Magister Scientiae in Farmakologie (8DF N01 – G801P).
- G.1.21.7.8 Program: Farmaseutika: 203 186 - G801P**
 Geen nuwe studente word ingeneem in die program in 2017 nie.
 Nuwe studente registreer vir die Magister Scientiae in Farmaseutika (8DG N01 – G801P).
- G.1.21.7.9 Program: Fisiologie: 203 171 - G855P**
 Geen nuwe studente word ingeneem in die program in 2017 nie.
 Nuwe studente registreer vir die Meestersgraad in Gesondheidswetenskappe in Kardiovaskulêre Fisiologie (8DD N01 – G801P).
- G.1.22 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE IN FARMA-SEUTIESE CHEMIE**
- G.1.22.1 Duur (minimum en maksimum duur)**
 Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Die fakulteit se besluit is gebaseer op die subsidiemodel vir universiteite en mag verskil van ander fakulteite of regulasies.
 Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van twee jaar deur die Fakulteit vergun word moet studente wie aansoek doen vir 'n verlengde studietydperk van drie jaar volgens die Akademiese reëls van die Universiteit kennis neem dat dit verswarende finansiële verpligting inhou.

G.1.22.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Student wat van voorneme is om vir 'n meestersgraad in te skryf, moet reeds 'n honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat, in 'n toepaslike veld verwerf het.

G.1.22.3 Uitkomste van die kwalifikasie

Na voltooiing van die kwalifikasie sal die student die volgende demonstreer:

- a) gevorderde/omvattende spesialiskennis en vaardighede ten einde relevante navorsingsvrae binne die veld van Farmaseutiese Chemie te identifiseer;
- b) identifisering van 'n navorsingsprobleem/-behoefte, die beplanning en uitvoering van 'n geskikte navorsingontwerp op 'n wetenskaplik-etiese wyse deur gebruik te maak van toepaslike navorsingsmetodes, tegnieke en prosedures;
- c) kritiese kennis en begrip van etiese en wetlike oorwegings van toepassing op navorsing en die gevolge van ingrypings op individuele, groeps- en gemeenskapsvlak;
- d) interpretasie en integrasie van navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse en om die nodige inligting op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur middel van 'n navorsingsverslag te kommunikeer (mondelings en skriftelik); en
- e) leierseienskappe, insluitend etiese en verantwoordelike optrede in die aptekersberoep binne die veld van Farmaseutiese Chemie.

G.1.22.4 Program: Farmaseutiese Chemie

Kwalifikasiekode: 8DE N01

Die MSc graad in Farmaseutiese Chemie is 'n navorsingsgebaseerde graad en bestaan uit 'n navorsingsprojek en die skryf van 'n verhandeling in Farmaseutiese Chemie. Die doel van die kurrikulum is om in Suid-Afrika se behoefte te voorsien aan hoë-vlak mensekapitaal in die Aptekersprofessie. Die student sal hom/haar onderskei as 'n spesialis in sy/haar gekose veld en sal bevoeg wees om navorsingsmetodologie op hierdie vlak en in die betrokke veld van studie toe te pas.

Die kurrikulum word op 'n voltydse basis in Afrikaans en Engels aangebied.

Die algemene sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober en aansoek wat na hierdie datum ontvang word sal op meriete gekeur word.

G.1.22.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) 'n Vierjarige BPharm graad of 'n BSc (Farm) graad en 'n toepaslike honneursgraad met Chemie tot op ten minste derdejaarsvlak, of 'n kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig beskou word. In al die voorafgaande gevalle sal addisionele kursuswerk vereis word soos deur die subprogramleier bepaal word.
- b) Studente wat nie oor 'n BPharm graad beskik nie sal op grond van voorafgaande leer oorweeg word.

- c) 60% slaagvereiste word vereis vir modules in die eerste semester van die finale jaar in die BPharm graad.
- d) Keuring behels die indien van 'n formele aansoek, in interne keuringaansoek en curriculum vitae deur die applikant asook 'n maonlike onderhoud deur subprogramleier en navorsers.
- e) Die navorsingsdirekteur kan toelating aan 'n voornemende student tot 'n kurrikulum weier indien die standaard van bekwaamheid wat die student tevore in die betrokke vak(ke) waarin hy/sy verder wil studeer bereik het, nie aan die betrokke kurrikulumvereistes voldoen nie.

G.1.22.4.2 Kurrikulum G801P: Farmaseutiese Chemie

Die kurrikulum bestaan uit 'n navorsingsprojek in 'n navorsingsrigting, binne die toepaslike navorsingseenheid, wat kulmineer in die skryf van 'n verhandeling. 'n Deelnamebewys word verkry deur bywoning/afhandeling van bepaalde modules wat, volgens die oordeel van die betrokke studieleier, van belang mag wees vir die student in die voltooiing van sy/haar studie. Die modules word aangedui en omskryf in die "Inligtingsdokument vir Meestergraadstudie" in die Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe.

G.1.22.4.2.1 Samestelling van kurrikulum: Farmaseutiese Chemie

Kwalifikasie- en programkode: 8DE N01; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FCHG871	Verhandeling: Farmaseutiese Chemie	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.23 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE IN FARMAKOLOGIE

G.1.23.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Die fakulteit se besluit is gebaseer op die subsidiemodel vir universiteite en mag verskil van ander fakulteite of regulasies.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van twee jaar deur die Fakulteit vergun word moet studente wie aansoek doen vir 'n verlengde studietydperk van drie jaar volgens die Akademiese reëls van die Universiteit kennis neem dat dit verswarende finansiële verpligting inhoud.

G.1.23.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Student wat van voorneme is om vir 'n meestersgraad in te skryf, moet reeds 'n honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat, in 'n toepaslike veld verwerf het.

G.1.23.3 Uitkomst van die kwalifikasie

Na voltooiing van die kwalifikasie sal die student die volgende demonstreer:

- a) 'n verantwoordelike keuse van geneesmiddels in die beste belang van die pasiënt, gebaseer op farmakologiese-wetenskaplike en etiese beginsels;

- b) kennis van farmakologiese beginsels onderliggend aan geneesmiddel terapie; 'n insig in die dinamika en kinetika van en interaksie tussen geneesmiddels, insluitend 'n omvattende reeks van geneesmiddelgroepe, en bestaande geneesmiddelvoorskrifte te evalueer, en die pasiënt te adviseer ten opsigte van medikasie;
- c) geïndividualiseerde farmakologiese behandelingsbenaderings vir 'n wye verskeidenheid van siektetoestande sintetiseer;
- d) bekom die jongste inligting oor die geneesmiddelbehandeling op die Internet; evalueer gepubliseer kliniese toetse op medikasie en toon begrip vir algemene navorsingsmetodologie en kliniese eksperimente.
- e) ontleed navorsingsdata statisties en kommunikeer resultate in 'n Internet-gebaseerde omgewing; werk individueel en in spanverband, reflekteer sensitiviteit tot 'n pasiëntgerigte benadering in geneesmiddel terapie en bespreek en debatteer relevante etiese vraagstukke met betrekking tot geneesmiddelgebruik mondelings en skriftelik, binne 'n verwysingsraamwerk.

G.1.23.4 Program: Farmakologie

Kwalifikasiekode: 8DF N01

Die MSc graad in Farmakologie is 'n navorsingsgebaseerde graad en bestaan uit 'n navorsingsprojek en die skryf van 'n verhandeling in Farmakologie. Die doel van die kurrikulum is om in Suid-Afrika se behoefte te voorsien aan hoëvlak mensekapitaal in die toepaslike gesondheidsprofessie. Die student sal hom/haar onderskei as 'n spesialis in sy/haar betrokke gekose veld (program) en sal bevoeg wees om navorsingsmetodologie op die vlak en in die betrokke veld van studie toe te pas.

Die kurrikulum word op 'n voltydse in Afrikaans en Engels aangebied.

Die algemene sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober en aansoeke wat na hierdie datum ontvang word sal op meriete gekeur word.

G.1.23.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) 'n Vierjarige BPharm graad of 'n BSc(Farm) graad met 'n toepaslike honneursgraad of 'n kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig beskou word. In die laasgenoemde gevalle sal addisionele kursuswerk vereis word soos deur die spesifieke subprogramleier bepaal.
- b) Studente wat nie oor 'n BPharm graad beskik nie sal op grond van voorafgaande leer oorweeg word.
- c) 60% word vereis vir modules gedurende die eerste semester in die vierde jaar BPharm studie.
- d) Keuring behels die indien van 'n formele aansoekvorm, 'n interne seleksievorm en curriculum vitae deur die applikant asook 'n moontlike onderhoud deur die subprogramleier en navorsers.
- e) Die navorsingsdirekteur kan toelating tot 'n kurrikulum weier indien die standaard van bekwaamheid wat die student tevore in die betrokke vak(ke) waarin hy/sy verder wil studeer bereik het, nie aan die betrokke kurrikulumvereistes voldoen nie.

G.1.23.4.2 Kurrikulum G801P: Farmakologie

Die kurrikulum bestaan uit 'n navorsingsprojek in 'n navorsingsrigting, binne die toepaslike navorsingseenheid, wat kulmineer in die skryf van 'n verhandeling. 'n Deelnamebewys word verkry deur bywoning/afhandeling van bepaalde modules wat, volgens die oordeel van die betrokke studieleier, van belang mag wees vir die student in die voltooiing van sy/haar studie. Die modules word aangedui en omskryf in die "Inligtingsdokument vir Meestergraadstudie" in die Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe.

G.1.23.4.2.1 Samestelling van kurrikulum: Farmakologie

Kwalifikasie- en programkode: 8DF N01; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FKLG871	Verhandeling: Farmakologie	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.24 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE IN FARMASEUTIKA

G.1.24.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Die fakulteit se besluit is gebaseer op die subsidiemodel vir universiteite en mag verskil van ander fakulteite of regulasies.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van twee jaar deur die Fakulteit vergun word moet studente wie aansoek doen vir 'n verlengde studietydperk van drie jaar volgens die Akademiese reëls van die Universiteit kennis neem dat dit verswarende finansiële verpligting inhou.

G.1.24.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Student wat van voorneme is om vir 'n meestersgraad in te skryf, moet reeds 'n honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat, in 'n toepaslike veld verwerf het.

G.1.24.3 Uitkomst van die kwalifikasie

Na voltooiing van die kwalifikasie sal die student die volgende demonstreer:

- a) gevorderde/omvattende spesialiskennis en vaardighede ten einde relevante navorsingsvrae binne die veld van Farmaseutika te identifiseer;
- b) identifisering van 'n navorsingsprobleem/behoefte, en beplanning en uitvoer van 'n geskikte navorsingsontwerp op 'n wetenskaplike-etiese wyse deur gebruik te maak van toepaslike navorsingsmetodes, tegnieke en prosedures;
- c) kritiese kennis en begrip van die etiese en wetlike oorwegings van toepassing op navorsing en die gevolge van ingrypings op individuele, groeps- en gemeenskapvlak;
- d) interpretasie en integrasie van navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse en om die nodige inligting op 'n wetenskaplike en

etiese wyse deur middel van 'n navorsingsverslag te kommunikeer (mondelings en skriftelik); en

- e) leierseienskappe, insluitend etiese en verantwoordelike optrede in beroep die aptekersprofessie in die veld van Farmaseutika.

G.1.24.4 Program: Farmaseutika

Kwalifikasiekode: 8DG N01

Die MSc graad in Farmaseutika is 'n navorsingsgebaseerde graad en bestaan uit 'n navorsingsprojek en die skryf van 'n verhandeling in Farmaseutika. Die doel van die kurrikulum is om in Suid-Afrika se behoefte te voorsien aan hoëvlak mensekapitaal in die Aptekersprofessie. Die student sal hom/haar onderskei as 'n spesialis in sy/haar betrokke gekose veld (program) en sal bevoeg wees om navorsingsmetodologie op die vlak en in die betrokke veld van studie toe te pas.

Die kurrikulum word op 'n voltydse basis in Afrikaans en Engels aangebied.

Die algemene sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober en aansoeke wat na hierdie datum ontvang word sal op meriete gekeur word.

G.1.24.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) 'n Vierjarige BPharm graad of 'n BSc(Farm) graad met 'n toepaslike honneursgraad of 'n kwalifikasie wat deur die Senaat as gelykwaardig beskou word. In die laasgenoemde gevalle sal addisionele kursuswerk vereis word soos deur die spesifieke subprogramleier bepaal.
- b) Keuring behels die indien van 'n formele aansoekvorm, 'n interne seleksievorm en curriculum vitae deur die applikant asook 'n moontlike onderhoud deur die subprogramleier en navorsers.
- c) 60% word vereis vir modules gedurende die eerste semester in die vierde jaar BPharm studie.
- d) Die navorsingsdirekteur kan toelating tot 'n kurrikulum weier indien die standaard van bekwaamheid wat die student tevore in die betrokke vak(ke) waarin hy/sy verder wil studeer bereik het, nie aan die betrokke kurrikulumvereistes voldoen nie.

G.1.24.4.2 Kurrikulum G801P: Farmaseutika

Die kurrikulum bestaan uit 'n navorsingsprojek in 'n navorsingsrigting, binne die toepaslike navorsingseenheid, wat kulmineer in die skryf van 'n verhandeling. 'n Deelnamebewys word verkry deur bywoning/afhandeling van bepaalde modules wat, volgens die oordeel van die betrokke studieleier, van belang mag wees vir die student in die voltooiing van sy/haar studie. Die modules word aangedui en omskryf in die "Inligtingsdokument vir Meestergraadstudie" in die Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe.

G.1.24.4.2.1 Samestelling van kurrikulum: Farmaseutika

Kwalifikasie- en programkode: 8DG N01 Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FMSG871	Verhandeling: Farmaseutika	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.25 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE IN FARMASEUTIESE WETENSKAPPE

G.1.25.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Die fakulteit se besluit is gebaseer op die subsidiemodel vir universiteite en mag verskil van ander fakulteite of regulasies.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van twee jaar deur die Fakulteit vergun word moet studente wie aansoek doen vir 'n verlengde studietydperk van drie jaar volgens die Akademiese reëls van die Universiteit kennis neem dat dit verswarende finansiële verpligting inhou.

G.1.25.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Student wat van voorneme is om vir 'n meestersgraad in te skryf, moet reeds 'n honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat, in 'n toepaslike veld verwerf het

G.1.25.3 Uitkomst van die kwalifikasie

Na voltooiing van die kwalifikasie sal die student die volgende demonstreer:

- f) gevorderde/omvattende spesialiskennis en vaardighede ten einde relevante navorsingsvrae binne die veld van Farmaseutiese Wetenskappe te identifiseer;
- g) identifisering van 'n navorsingsprobleem/behoefte, en beplanning en uitvoer van 'n geskikte navorsingsontwerp op 'n wetenskaplike-etiese wyse deur gebruik te maak van toepaslike navorsingsmetodes, tegnieke en prosedures;
- h) kritiese kennis en begrip van die etiese en wetlike oorwegings van toepassing op navorsing en die gevolge van ingrypings op individuele, groeps- en gemeenskapvlak;
- i) interpretasie en integrasie van navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse en om die nodige inligting op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur middel van 'n navorsingsverslag te kommunikeer (mondeling en skriftelik); en
- a) leierseienskappe, insluitend etiese en verantwoordelike optrede in beroep die aptekersprofessie in die veld van Farmaseutiese Wetenskappe.

G.1.25.4 Program: Farmaseutiese Wetenskappe

Kwalifikasiekode: 8BP N01

Die MSc graad in Farmaseutiese Wetenskappe is 'n navorsingsgebaseerde graad en bestaan uit 'n navorsingsprojek en die skryf van 'n verhandeling.

Die doel van die kurrikulum is om leerders toe te rus met gevorderde kennis, spesifieke vaardighede en toepaslike bevoegdhede om die tekorte aan hoëvlak mensekapitaal in die Farmaseutiese industrie sowel as verwante sektore aan te spreek.

Die student sal hom/haar onderskei as 'n spesialis in sy/haar betrokke gekose veld (onderwerp van navorsingsprojek) en sal bevoeg wees om Navorsingsmetodologie op die vlak en in die betrokke veld van studie toe te pas.

Die kurrikulum word op 'n voltydse basis in Afrikaans en Engels aangebied.

Die algemene sluitingsdatum vir aansoeke is 31 Oktober en aansoeke wat na hierdie datum ontvang word sal op meriete gekeur word.

G.1.25.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) 'n BPharm graad; of
- b) 'n BSc Honneurs graad in Natuur- of Gesondheidswetenskappe met een volle jaar (m.a.w. twee semesters) Chemie op NKR vlak 5; of
- c) enige kwalifikasie wat deur die NWU Senaat as gelykwaardig beskou word.
- d) Toelating is onderworpe aan keuring deur die Direkteur van die Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform.
- e) 'n 60% Slaagpunt word vereis vir eerste semester modules in die finale jaar van die vorige graad.
- f) Die Navorsingsdirekteur kan toelating tot 'n kurrikulum weier indien die standaard van bekwaamheid wat die student tevore in die betrokke vak(ke) waarin hy/sy verder wil studeer bereik het, nie aan die betrokke kurrikulumvereistes voldoen nie.
- g) Daar sal van studente met 'n BSc Honneurs graad (sonder 'n BPharm graad) wat tot hierdie program toegelaat word, vereis word om niekredietdraende modules met betrekking tot Farmaseutiese Wetenskappe te voltooi. Hierdie modules mag in die vorm van kort kursusse binne die Prekliniese Geneesmiddelontwikkelingsplatform aangebied word.

G.1.25.4.2 Kurrikulum: Farmaseutiese Wetenskappe: G801P

Die kurrikulum bestaan uit 'n navorsingsprojek in 'n veld binne die relevante navorsingsfokusarea en behels die skryf van 'n navorsingsvoorstel, wat deur die betrokke Wetenskaplike Komitee goedgekeur moet word, sowel as die voltooiing van opleidingskursusse en modules, soos deur die studieleier in oorleg met die Direkteur van die Sentrum van Uitnemendheid vir Farmaseutiese Wetenskappe, bepaal.

Die voltooiing van die navorsingsprojek kulmineer in die skryf van 'n verhandeling wat geëksamineer sal word met oog op die toekenning van 'n punt. Studente wat toegelaat word met 'n BSc honneurs graad, sonder 'n BPharm graad, moet bykomend tot die verhandeling ook modules/kort kursusse relevant tot Farmaseutiese Wetenskappe, voltooi

G.1.25.4.2.1 Samestelling van kurrikulum: Farmaseutiese Wetenskappe

Kwalifikasie- en programkode: 8BP N01; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FMWG871	Verhandeling: Farmaseutiese Wetenskappe	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.26 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE IN VOEDING

G.1.26.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Die fakulteit se besluit is gebaseer op die subsidiemodel vir universiteite en mag verskil van ander fakulteite of regulasies.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van twee jaar deur die Fakulteit vergun word moet studente wie aansoek doen vir 'n verlengde studietydperk van drie jaar volgens die Akademiese reëls van die Universiteit kennis neem dat dit verswarende finansiële verpligting inhou.

G.1.26.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Student wat van voorneme is om vir 'n meestersgraad in te skryf, moet reeds 'n honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat, in 'n toepaslike veld verwerf het.

G.1.26.3 Uitkomste van die kwalifikasie

Na voltooiing van die kwalifikasie sal die student die volgende demonstreer:

- a) gevorderde kennis en vaardighede om 'n relevante navorsingsprobleem te identifiseer binne die veld van Voeding;
- b) beplanning en uitvoering van 'n gepaste kwantitatiewe en / of kwalitatiewe navorsingsontwerp op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingsmetodes, tegnieke en prosedures gebruik te maak; om die navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik verantwoordbare wyse te interpreteer; en
- c) 'n navorsingsverslag daaruit te kan saamstel in die vorm van 'n verhandeling of artikelformaat;
- d) kritiese kennis en begrip van die etiese en wetlike oorwegings van toepassing op navorsing en die gevolge van ingrypings op individuele, groep- en gemeenskapsvlak; en
- e) 'n leidende rol in voedingsorg in Suid-Afrika.

G.1.26.4 Program: Voeding (Navorsingsgraad)

Kwalifikasiekode: 8DA N01

Die student volg 'n navorsingskurrikulum en dien 'n navorsingsverhandeling aan die einde van die studie in.

“Verhandeling” is skriftelike stuk opgestel vir eksamendoeleindes, insluitende 'n enkele gepubliseerde navorsingsartikel of 'n stel gepubliseerde navorsingsartikels of ongepubliseerde manuskrip(te) in artikelformaat, in ooreenstemming met die voorskrifte ten opsigte van dokumentering, argumentasie, taal, styl, dokumentering en argumentasie, waarin die student bewys moet lewer dat hy/sy vertrouwd is met die navorsingsmetode, en wat aangebied word ter volledige voldoening aan die vereistes van die voorgeskrewe uitkomst vir 'n magistergraad aan die Universiteit.

Die program word op 'n voltydse en deeltydse basis aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

G.1.26.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Die student moet in besit wees van 'n 4-jarige B(Sc) Dieetkunde kwalifikasie, 'n toepaslike honneurs graad of gelykwaardige kwalifikasie wat deur 'n nagraadse keurkomitee goedgekeur is. Die student moet minstens 60% gemiddeld behaal in die honneursgraad.
- b) Studente wat oor 'n vierjarige B(Sc) Dieetkunde kwalifikasie beskik moet ten minste 60% in alle derdejaars Voeding modules sowel as die navorsingsmodule verwerf het;
- c) STTN111 (Beskrywende Statistiek) of gelykwaardige module moet geslaag wees.
- d) Studente wat vir hierdie graad wil registreer moet bewys kan lewer van die toediening van 'n hepatitis A en B-inspuiting wat gedurende die vorige 5 jaar toegedien is.
- e) Die finale besluit of die student vir die verhandeling of skripsie in Voeding toegelaat word lê by die nagraadse keurkomitee.
- f) Nie-voeding studente wat nie 'n BSc Dieetkunde of 'n BSc Voedinggraad verwerf het nie, sal addisionele voedingmodules op ad-hoc basis vir niegraaddoeleindes moet bywerk, soos deur die nagraadse keurkomitee bepaal word.
- g) Keuring deur 'n keurkomitee neem aanvang op 1 Oktober en is onderhewig aan die akademiese prestasie van die student. asook beskikbare kapasiteit in die vakgroep. Studente wat aan die vereistes voldoen sal vir 'n onderhoud genooi word.
- h) Seleksie is onderhewig aan goedkeuring deur die direkteur van die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding met inagneming van beskikbare kapasiteit.

G.1.26.4.2 Kurrikulum Voeding: G801P

G.1.26.4.2.1 Kwalifikasie- en programkode: 8DA N01; Kurrikulumkode G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
NUTN871	Verhandeling: Voeding	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.26.5 Program: Voeding (Gestruktureerde program)

Kwalifikasiekode: 8CW P01

Die student volg 'n kurrikulum bestaande uit vier gedoseerde modules en 'n navorsingskripsie.

“Skripsie” ’n skriftelike stuk, insluitende 'n skriftelike verslag of 'n enkele gepubliseerde navorsingsartikel of 'n stel gepubliseerde navorsingsartikels of ongepubliseerde manuskripte in artikelformaat, van beperkter omvang as 'n verhandeling, wat vir eksamendoeleindes opgestel is in ooreenstemming met die voorskrifte ten opsigte van dokumentering, argumentasie, taal en styl, en wat, benewens die beantwoording van 'n aantal voorgeskrewe eksamenvraestelle, beoordeel word om te bepaal of die student vertrou is met die navorsingsmetode, en wat aangebied word ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die verwerwing van 'n Magistergraad aan die Universiteit ooreenkomstig die voorgeskrewe reëls.

Die program word op 'n voltydse en deeltydse basis aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

G.1.26.5.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Die student moet in besit wees van 'n 4-jarige B(Sc) Dieetkunde kwalifikasie, 'n toepaslike honneurs graad of gelykwaardige kwalifikasie wat deur 'n nagraadse keurkomitee goedgekeur is. Die student moet minstens 60% gemiddeld behaal in die honneursgraad.
- b) Studente wat oor 'n vierjarige B(Sc) Dieetkunde kwalifikasie beskik moet ten minste 60% in alle derdejaars Voeding modules sowel as die navorsingsmodule verwerf het;
- c) STTN111 (Beskrywende Statistiek) of gelykwaardige module moet geslaag wees.
- d) Studente wat vir hierdie graad wil registreer moet bewys kan lewer van die toediening van 'n hepatitis A en B-inspuiting wat gedurende die vorige 5 jaar toegedien is.
- e) Die finale besluit of die student vir die verhandeling of skripsie in Voeding toegelaat word lê by die nagraadse keurkomitee.
- f) Nie-voeding studente wat nie 'n BSc Dieetkunde of 'n BSc Voedinggraad verwerf het nie, sal addisionele voedingmodules op ad-hoc basis vir niegraaddoeleindes moet bywerk, soos deur die nagraadse keurkomitee bepaal word.
- g) Keuring deur 'n keurkomitee neem aanvang op 1 Oktober en is onderhewig aan die akademiese prestasie van die student. asook

beskikbare kapasiteit in die vakgroep. Studente wat aan die vereistes voldoen sal vir 'n onderhoud genooi word.

- h) Seleksie is onderhewig aan goedkeuring deur die Direkteur van die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding met inagneming van beskikbare kapasiteit.

G.1.26.5.2 Kurrikulum Voeding: G801P

G.1.26.5.3 Samestelling van die kurrikulum: Voeding

Kwalifikasie- en programkode: 8CW P01; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
NUTM873	Skripsie: Voeding	96
NUTP874*	Voeding op openbare gesondheidsvlak	32
NUTA875	Gevorderde voedingkunde	32
NUTS876*	Sportvoeding	32
NUTE874*	Voedingsepidemiologie	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

*Keusemodules – kies enige twee (2) modules moet gekies word

G.1.27 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER SCIENTIAE IN DIEETKUNDE

G.1.27.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Die fakulteit se besluit is gebaseer op die subsidiemodel vir universiteite en mag verskil van ander fakulteite of regulasies.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van twee jaar deur die Fakulteit vergun word moet studente wie aansoek doen vir 'n verlengde studietydperk van drie jaar volgens die Akademiese reëls van die Universiteit kennis neem dat dit verswarende finansiële verpligting inhou.

G.1.27.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

'n Student wat van voorneme is om vir 'n meestersgraad in te skryf, moet reeds 'n honneursgraad of gelykwaardige kwalifikasie soos goedgekeur deur die Senaat, in 'n toepaslike veld verwerf het.

G.1.27.3 Uitkomst van die kwalifikasie

Na voltooiing van die kwalifikasie sal die student die volgende demonstreer:

- gevorderde en gespesialiseerde kennis en insig met betrekking tot die algemene wetenskaplike metodes van navorsing, gefokus op die spesifieke navorsingsmetodologie in Dieetkunde;
- kritiese evaluering van bestaande teorieë en navorsingsmetodes in die veld van Dieetkunde, en die toepassing van teoretiese kennis en toepaslike navorsingsmetodologie in verskillende kontekste;

- c) kritiese kennis en begrip van die etiese en wetlike oorwegings van toepassing op navorsing en die gevolge van ingrypings op individuele, groeps- en gemeenskapsvlak; en
- d) spesialiskennis en vaardigheid in identifisering, analisering en evaluering van ingewikkelde probleme in Dieetkunde, dit stelselmatig en kreatief op 'n eties korrekte wyse op te los, teoreties begronde uitsprake te maak deur die verkryging van data en inligting, en resultate en gevolgtrekkings effektief aan spesialis- en nie-spesialis gehore te kommunikeer (mondelings of skriftelik).

G.1.27.4 Program: Dieetkunde (Gestruktureerde program)

Kwalifikasiekode: 8DB P01

Die program word op 'n voltydse en deelydse basis aangebied en die sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

G.1.27.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Die student moet in besit wees van 'n vierjarige B(Sc) Dieetkunde. Dit is ook moontlik om toegelaat te word tot hierdie kwalifikasie met 'n Honneursgraad in Dieetkunde soos goedgekeur deur die nagraadse keurkomitee.
- b) Studente wat oor 'n vierjarige B(Sc) Dieetkunde kwalifikasie beskik moet ten minste 60% in alle derdejaars Voeding modules sowel as die navorsingsmodule verwerf het.
- c) Die student moet minstens 60% gemiddeld behaal in die honneursgraad.
- d) STTN111 (Beskrywende Statistiek) of gelykwaardige module moet geslaag wees.
- e) Voorkeur word aan voltydse studente gegee.
- f) Studente wat vir hierdie graad wil registreer moet bewys kan lewer van die toediening van 'n hepatitis A-en B-inspuiting wat gedurende die vorige 5 jaar toegedien is.
- g) Studente wat nie 'n BSc Dieetkunde graad verwerf het nie, sal addisionele voedingmodules op ad-hoc basis vir niegraaddoeleindes moet bywerk, soos deur die nagraadse keurkomitee bepaal word
- h) Keuring deur 'n keurkomitee neem aanvang op 1 Oktober en is onderhewig aan die akademiese prestasie van die student. Studente wat aan die vereistes voldoen sal vir 'n onderhoud genooi word.
- i) Goedkeuring deur die Direkteur van die Sentrum van Uitnemendheid vir Voeding geskied met inagneming van beskikbare kapasiteit in die navorsingentiteit.

G.1.27.4.2 Kurrikulum: Dieetkunde G801P

G.1.27.4.2.1 Samestelling van kurrikulum: Dieetkunde

Kwalifikasie- en programkode: 8DB P01; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
Verpligte module:		
NUTM873	Skripsie: Dieetkunde	96
Keuse modules:		
NUTP874*	Voeding op openbare gesondheidsvlak	32
NUTA875*	Gevorderde voedingkunde	32
NUTS876*	Sportvoeding	32
NUTT880*	Voedingsondersteuning vir die pediatriese pasiënt	32
NUTC882*	Voedingsondersteuning in kritieke sorg	32
NUTE874*	Voedingsepidemiologie	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		192

*Keusemodules: enige drie (3) modules moet gekies word

G.1.28 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER PHARMACIAE

Navorsing en opleiding met die oog op die verwerwing van hierdie kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is gestruktureer in die nisarea Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MUSA).

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie kwalifikasie vereis word, binne die nisarea Medisyneverbruik in Suid-Afrika (MUSA) verrig word.

Die MPharm graad het die opleiding van nagraadse studente ten doel om hulle te bemagtig om op 'n hoogs-gespesialiseerde vlak te kan praktiseer as aptekers om sodoende 'n doeltreffende en omvattende farmaseutiese diens aan die inwoners van Suid-Afrika te kan lewer.

G.1.28.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Die fakulteit se besluit is gebaseer op die subsidiemodel vir universiteite en mag verskil van ander fakulteite of regulasies.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van twee jaar deur die Fakulteit vergun word moet studente wie aansoek doen vir verlengde studietydperk van drie jaar volgens die Akademiese reëls van die Universiteit en moet kennis neem dat dit verswarende finansiële verpligting inhou vir studente.

G.1.28.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

Toelating tot hierdie kwalifikasie geskied kragtens die Algemene reëls van die Universiteit en die Toelatingsbeleid soos deur die Senaat en Raad goedgekeur met inagneming van vereistes soos deur die fakulteit bepaal en by die

onderskeie programme gespesifiseer.

G.1.28.3 Program: Farmasiepraktyk

Kwalifikasiekode: 803 104

Die program bestaan uit 'n navorsingsprojek in 'n navorsingsrigting, binne die navorsingentiteit, wat kulmineer in die skryf van 'n verhandeling. Algemene sluitingsdatum vir aansoeke is jaarliks op 30 September waarna aansoeke op meriete gekeur sal word.

Die studie kan voltyds en deelyds onderneem word en word in Afrikaans en Engels aangebied.

G.1.28.3.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) 'n BPharm graad of 'n gelykwaardige kwalifikasie wat die Senaat mag goedkeur word vereis.
- b) Die akademiese rekord van voornemende voltydse studente met geen praktykservaring nie, word geëvalueer tydens die keuringsproses. Vir voornemende deelydse studente met praktykondervinding word vorige leer en ondervinding in ag geneem.
- c) Finale keuring vind plaas na 'n onderhoud met die kandidaat en is onderhewig aan beskikbaarheid van toesighouers.
- d) In die geval van 'n driejarige BSc(Farm) graad sal sodanige addisionele modulewerk vereis word soos bepaal deur die betrokke skooldirekteur.
- e) Toelating tot die program/kurrikulum kan geweier word indien die standaard van bekwaamheid wat die student tevore in die betrokke vak(ke) bereik het en waarin die student verder wil studeer, nie aan die program-/kurrikulumvereistes voldoen nie.
- f) Toepaslike ervaring in die veld van die program/kurrikulum is 'n vereiste vir die program/kurrikulum.
- g) 'n Bevredigende gedrags- en funksioneringsrekord moet op deurlopende basis deur alle studente gehandhaaf word.

G.1.28.3.2 Kurrikulum G802P: Farmasiepraktyk

G.1.28.3.2.1 Kurrikulumuitkomst

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student:

- a) gevorderde / omvattende spesialiskennis en vaardighede te kan demonstreeer om relevante navorsingsvrae binne die veld van medisyneverbruik te identifiseer;
- b) in staat wees om 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsontwerp te beplan en uit te voer op 'n wetenskaplike en etiese wyse deur van gepaste navorsingsmetodes, -tegnieke en -prosedures gebruik te maak;
- c) navorsingsbevindinge op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse te interpreteer, te integreer en op 'n wetenskaplik en etiese wyse mondeling en skriftelik in 'n navorsingsverslag die nodige inligting te kommunikeer en om '

- d) as leier, eties en verantwoordelik, in die aptekersprofessie op die gebied van toepaslike medisyneverbruik op te kan tree.

G.1.28.3.2.2 Samestelling van die kurrikulum: Farmasiepraktyk

G.1.28.3.2.3 Kwalifikasie- en programkode: 803 104; Kurrikulumkode: G802P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
FPHA872	Verhandeling: Farmasiepraktyk	148
FPHA813	Navorsingsmetodologie en inleidende biostatistiek	16
*FPHA811	Toegepaste Farmako-ekonomie	16
*FPHA814	Siektebestuur	16
*FPHA812	Toegepaste Farmakoepidemiologie	16
Totale krediete vir die kurrikulum		180

*Keusemodules – kies een uit drie modules

G.1.28.4 Program: Gevorderde Kliniese Farmasie

Geen studente word vir 2017 ingeneem nie

Kwalifikasiekode: 803 105

Studente in die program vir Magister in Farmasie in Gevorderde Kliniese Farmasie kry die geleentheid om hulle professionele bevoegdhede met pasiëntgesentreerde sorg, apteekbestuursdienste en leierskapvaardighede verby die intreevlak te ontwikkel wat in enige situasie ongeag van die praktykopset toegepas kan word. Dit verskaf die basis vir kliniese navorsing en verleen die vaardighede wat daartoe bydra om as 'n gemotiveerde en innoverende apteker suksesvol in die gesondheidsorgomgewing te werk.

Die kursus strek oor 2 jaar en maak van sowel kontak- en afstandsonderrig gebruik. Om die doelwitte van die graad te bereik, word 'n verskeidenheid onderrigmetodes gebruik, onder meer lesings, oefeninge, opdragte, sowel as groepbesprekings en -werk. Die program word in vier semesters (twee studiejaar) verdeel. Die eerste twee semesters is daarop gemik om studente se kennis van die onderwerpe van die spesialisasie met kursuswerk te verbreed en behels onderrigmodules wat studente verpligtend moet bywoon. Die laaste twee semesters word aan kliniese praktykservaring, 'n navorsingsprojek en die voltooiing van 'n mini-verhandeling (in artikelformaat) oor die navorsingsprojek gewy.

Aansoeke sluit 31 Julie waarna 'n keuringsproses gedurende Augustus volg.

G.1.28.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- 'n Baccalaureusgraad in Farmasie (BPharm) word vereis.
- Die keuringsproses behels eerstens evaluering van die applikant se CV, voorgaande kwalifikasie en akademiese rekord, 'n portefeulje wat bewys moet lewer van toepaslike kliniese ervaring en vaardighede in die bestuur van farmaseutiese sorg asook ten minste twee briewe van aanbeveling van 'n kollega of direkte bestuurder/toesighouer.
- Wetenskaplike artikels wat deur die applikant gepubliseer is en/of enige protokol of riglyn wat deur die aansoeker ontwikkel is sal ook in ag geneem word tydens die keuringsproses.

- d) Psigometriese toetse en geskrewe en persoonlike onderhoude met die programkoördineerder en nagraadse advieskomitee word tydens die keuringsproses afgelê.
- e) Toelating is onderhewig aan kapasiteitsbeperkings.

G.1.28.4.2 Addisionele vereistes en fakulteitspesifieke reëls

- a) Geldige registrasie as 'n apteker by die Suid Afrikaanse Aptekersraad word vereis.
- b) Aansoekers moet bewys lewer van toepaslike kliniese ervaring en voldoende vaardighede in die bestuur van farmaseutiese sorg.
- c) Bewys van geskikte rekenaargeletterdheid of aflê van 'n vooraftoets in rekenaargeletterdheid of deur voltooiing van 'n goedgekeurde kortleerprogram in basiese rekenaar- en internetvaardighede is 'n vereiste om vir die program te kan registreer.
- d) Die slaagsyfer vir elke komponent in die kurrikulum is 60%.
- e) In die geval van plagiaat sal 'n punt van nul toegeken word.
- f) Die navorsingsprojek word onderneem met die oog op publikasie van artikels.

G.1.28.4.3 Kurrikulum G801P: Gevorderde Kliniese Farmasie

Geen studente word vir 2017 ingeneem nie

G.1.28.4.3.1 Kurrikulumuitkomste

Na voltooiing van die kurrikulum behoort die student:

- die proses van medikasiegebruik bestuur en verbeter deur 'n kwaliteit medikasiegebruikstelsel te verseker.
- bewysgebaseerde, pasiëntgesentreerde bestuur van behandeling met geneesmiddelle binne multidisiplinêre gesondheidsorgspanne te verskaf.
- vaardighede vir leierskap en bestuur van kliniese praktyk deur ontwikkeling, implementering, evaluering en voorsiening van 'n plan vir farmaseutiese sorg te ontwikkel.
- gevorderde kliniese dienste en praktyk-verwante bewysgebaseerde inligting, opvoeding en opleiding aan verskillende spesialiste te bied.
- mediese informatika en kliniese oudits van medisyngebruik te bestuur en gebruik.
- kliniese programme (protokol en riglyne vir ontwikkeling asook beleid en prosedures) te ontwerp, implementeer en regverdig om die doeltreffendheid van pasiëntsorg te verbeter.
- navorsing in kliniese farmasie doen, navorsingverslae krities ontleed, eie navorsing rapporteer en navorsingsbevindings op 'n spesifieke kliniese opset toe te pas.

G.1.28.4.3.2 Samestelling van kurrikulum: Gevorderde Kliniese Farmasie

Kwalifikasie- en programkode: 803 105; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
CLNP811	Kliniese farmasie, Sosiale farmasie en Professionele praktyk	16
CLNP812	Kliniese epidemiologie, Navorsingsmetodologie, Biostatistiek en Bewysgebaseerde geneeskunde	32
CLNP821	Kliniese farmakoterapie en Bestuur van terapeutiese uitkomste	40
CLNP813	Kliniese farmakoterapie en Bestuur van terapeutiese uitkomste	24
CLNP814	Kliniese geneesmiddeltoksisiteit, Geneesmiddelbehandeling in onkologie en die Bestuur van middelmisbruik	16
CLNP873	Skripsie	64
Kredietotaal vir die kurrikulum		192

G.1.29 REÛLS VIR DIE GRAAD MAGISTER IN MAATSKAPLIKE WERK

Navorsing en opleiding met die oog op die verwerwing van hierdie kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is gestruktureer in die navorsingsfokusarea COMPRES.

Navorsing en opleiding in Maatskaplike Werk geskied onder leiding van die navorsingsdirekteur bygestaan deur die direkteur van die Skool vir Psigososiale Gedragwetenskappe en personeel van die vakgroep Maatskaplike Werk.

Behoudens hoë uitsonderings wat deur die Senaat goedgekeur moet word, moet die navorsing wat vir hierdie kwalifikasie vereis word, dus binne die navorsingsfokusarea COMPRES verrig word.

Studies in die meestersgraad kan voltyds of deelyds voltooi word.

G.1.29.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program. Die fakulteit se besluit is gebaseer op die subsidiemodel vir universiteite en mag verskil van ander fakulteite of regulasies.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van twee jaar deur die Fakulteit vergun word moet studente wie aansoek doen vir verlengde studietydperk van drie jaar volgens die Akademiese reëls van die Universiteit kennis neem dat dit verswarende finansiële verpligting inhou vir studente.

G.1.29.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

- 'n Vierjarige Baccalaureus Maatskaplike Werk kwalifikasie word vereis.
- Studente wat vir hierdie program inskryf moet bewys lewer van registrasie as Maatskaplike Werker soos vereis deur die Wet op Maatskaplike Diensberoepe 1978 (Wet 110 van 1978).

G.1.29.2.1.1 Uitkomste van die kwalifikasie

Na voltooiing van die kwalifikasie sal die student die volgende demonstreer:

- a) benutting van die ekosisteembenadering in navorsing en oplossing van 'n verskeidenheid van sosiale probleme en behoeftes;
- b) die verantwoordelike en effektiewe organisasie en bestuur van die self, sy/haar aktiwiteite en sy/haar dienste;
- c) effektiewe kommunikasie waar visuele, wiskundige en taalvaardighede binne die sfeer van maatskaplikewerk-navorsing en dienste benodig word;
- d) die effektiewe en kritiese gebruik van wetenskap en tegnologie; en
- e) maak 'n bydrae tot die volledige ontwikkeling van hom/haarself en die maatskaplike en ekonomiese ontwikkeling van die gemeenskap as 'n geheel.

G.1.29.3 Program: Maatskaplike Werk

Kwalifikasiekode: 8CS N01

Voltooiing van hierdie kwalifikasie verleen aan studente toegang tot doktorsale studie.

Sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

G.1.29.3.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) 'n Vierjarige Baccalaureus Maatskaplike Werk kwalifikasie word vereis.
- b) Kandidate moet 'n gemiddeld van 65 in die Baccalaureus Maatskaplike Werk graad behaal.
- c) Voltooiing van 'n akademiese vaardigheidstoets en/of psigometriese toets word vereis.
- d) Elke applikant sal 'n keuringsonderhoud deurloop deur 'n nagraadse paneel van die vakgroep. Vir hierdie doel sal 'n gestruktureerde onderhoudskedule gebruik word en die gemiddeld van paneellede se evaluasie sal as seleksiekriteria dien.

G.1.29.3.1.1 Kurrikulum G801P: Maatskaplike Werk

Die verhandelingsopsie is gemik op studente wat navorsing wil doen op 'n tema van hulle eie keuse binne die navorsingsfokus van die vakgroep Maatskaplike Werk binne Gesondheidswetenskappe.

G.1.29.3.1.2 Samestelling van die kurrikulum: Maatskaplike Werk

Kwalifikasie- en programkode: 8CS N01 Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MSWR871	Verhandeling	180
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.29.4 Program: Kinderbeskerming

Kwalifikasiekode: 113 108

Die gestruktureerde program is geskik vir studente wat hul kennis en vaardighede tot 'n uitgebreide vlak wil verbreed om op gevorderde vlak te praktiseer, of wat wil spesialiseer in Maatskaplike Werk in Kinderbeskerming.

Die voltooiing van hierdie kwalifikasie verleen aan studente toegang tot doktorsale studie in maatskaplike werk.

Sluitingsdatum vir aansoek is 30 September.

G.1.29.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) 'n Vierjarige Baccalaureus Maatskaplike Werk kwalifikasie word vereis.
- b) Kandidate moet 'n gemiddeld van 65% in die Baccalaureus Maatskaplike Werk graad behaal het.
- c) Voltooiing van 'n akademiese vaardigheidstoets en/of psigometriese toets word vereis.
- d) Elke applikant sal 'n keuringsonderhoud deurloop deur 'n nagraadse paneel van die vakgroep. Vir hierdie doel sal 'n gestruktureerde onderhoudskedule gebruik word en die gemiddeld van paneellede se evaluasie sal as seleksiekriteria dien.

G.1.29.4.1.1 Kurrikulum G803P: Kinderbeskerming

G.1.29.4.1.2 Kurrikulumuitkomste

Na afhandeling van die program behoort die student in staat wees om:

- a) Uitgebreide en sistematiese spesialiskennis t.o.v. die Suid-Afrikaanse kinderbeskermingsstelsel- en veld, asook van verskillende vorme van alternatiewe versorging van kinders eties verantwoordbaar op makro-, meso- en mikrovlak te kan toepas ten einde kinders te beveilig en te bemagtig;
- b) die vermoë te demonstreer om gevorderde inligtingsversameling- en inligtingsverwerkingstrategieë, asook kritiese analisering, sintese en evaluering toe te pas om oplossings vir komplekse en werklikheidsgetroue probleme in die veld van kinderbeskerming te debatteer, ondersteun deur toepaslike teorieë en beginsels;
- c) komplekse, onbekende en werklikheidsgetroue probleme in die veld van kinderbeskerming te identifiseer, en met behulp van toepaslike navorsingsmetodes, tegnieke en prosedures te ondersoek, en bewysgebaseerde, teoriegedrewe oplossings in die vorm van 'n begeleide navorsingskripsie te bied
- d) toepaslike intervensies op mikro- mezzo- en makrovlak kan beplan, implementeer en evalueer.

G.1.29.4.1.3 Samestelling van die kurrikulum: Kinderbeskerming

Kwalifikasie- en programkode: 113 108; Kurrikulumkode: G803P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
Eerste semester		
MWKF880	Maatskaplike Werk Navorsingsteorie	32
MWKK874	Kinderbeskerming as diensveld	20
MWKK875	Kinders as kwetsbare groep	20
Tweede semester		
MWKK873	Skripsie: Kinderbeskerming	60
MWKC874	Alternatiewe sorg	20
MWKC875	Aanneming	28
Totale krediete vir die kurrikulum		180

G.1.29.5 Program: Forensiese Praktyk

Kwalifikasiekode: 113 109

Die gestruktureerde program is geskik vir studente wat hul kennis en vaardighede tot 'n uitgebreide vlak wil verbreed om op gevorderde vlak te praktiseer, of wat wil spesialiseer in Maatskaplike Werk in Forensiese Praktyk.

Die voltooiing van hierdie kwalifikasie verleen aan studente toegang tot doktorsale studie in maatskaplike werk.

Sluitingsdatum vir aansoek is 30 September.

G.1.29.5.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- 'n Vierjarige Baccalaureus Maatskaplike Werk kwalifikasie word vereis.
- Kandidate moet 'n gemiddeld van 65% in die Baccalaureus Maatskaplike Werk graad behaal het
- Voltooiing van 'n akademiese vaardigheidstoets en/of psigometriese toets word vereis.
- Elke applikant sal 'n keuringsonderhoud deurloop deur 'n nagraadse paneel van die vakgroep. Vir hierdie doel sal 'n gestruktureerde onderhoudskedule gebruik word en die gemiddeld van paneellede se evaluasie sal as seleksiekriteria dien.

G.1.29.5.1.1 Kurrikulum G801P: Forensiese Praktyk

G.1.29.5.1.2 Kurrikulumuitkomst

Na afhandeling van die program moet studente in staat wees om:

- Aan die hand van omvattende teoretiese kennis 'n volledige forensiese ondersoekproses te kan bestuur en deurvoer wat insluit die evaluering van kinders in traumatiese lewenswerklike situasies asook die beplanning van intervensies in die begeleidingsproses
- Die kennis wat hy/sy dra van die toepaslike wetgewing reg aan te wend en as deskundige rakende seksuele misbruik in die hof eties en korrek te kan optree, en

- c) Aan die hand van toepaslike tegnieke en metodes 'n praktykverwante navorsingsprojek te kan onderneem en in die vorm van 'n artikel verslag daaroor te doen.

G.1.29.5.1.3 Samestelling van die kurrikulum: Forensiese Praktyk

Kwalifikasie- en programkode: 113 109; **Kurrikulumkode:** G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
MWKF873	Navorsingskripsie: Forensiese Praktyk (Semester 1 en 2)	60
MWKF876	Algemene Kinderasessering (Semester 1)	24
MWKF877	Seksuele misbruik en fisiese mishandeling (Semester 1)	24
MWKF878	Trauma assessering en ondersoek-prosedures (Semester 2)	24
MWKF879	Verslagskrywing en maatskaplike werker as deskundige in die hof (Semester 2)	24
MWKF880	Maatskaplike Werk Navorsingsteorie (Semesters 1 en 2)	32
Krediet totaal vir die kurrikulum		188

G.1.29.6 Programme wat uitfaseer het weens programbelying:

G.1.29.6.1 Program: Maatskaplike Werk: 113 104 – G801P

Geen nuwe studente word ingeneem in die program in 2017 nie.

Nuwe studente registreer vir die navorsingsmeestersgraad in Maatskaplike Werk (8CS N01 – G801P).

G.1.29.6.2 Program: Spelterapie: Kwalifikasiekode: 113 110 Kurrikulum G801P

Hierdie program het in sy geheel uitfaseer en is slegs oop vir bestaande studente wat hulle studies voltooi.

G.1.30 REËLS VIR DIE GRAAD MAGISTER CURATIONIS

Navorsing en opleiding met die oog op die verwerwing van hierdie kwalifikasie in die Fakulteit Gesondheidswetenskappe is gestruktureer in die Skool vir Verpleegkunde en in die navorsingsfokusarea INSINQ (Kwaliteit in Verpleging en Vroedvrouorg).

Navorsing en opleiding in die verskillende programme hieronder aangedui, geskied onder leiding van die direkteur die navorsingsfokusarea INSINQ terwyl die gestruktureerde modules in die Skool van Verpleegkunde in samewerking met die personeel van die onderskeie vakgroepe bestuur word.

Die meestersgraadstudie kan voltyds en deelyds onderneem word.

G.1.30.1 Duur (minimum en maksimum duur)

Die minimum duur van die studie is een jaar en die maksimum duur is twee jaar, bereken vanaf die datum van eerste registrasie vir die betrokke program.

Die fakulteit se besluit is gebaseer op die subsidiemodel vir universiteite en mag verskil van ander fakulteite of regulasies.

Alhoewel 'n maksimum akademiese tydperk van twee jaar deur die Fakulteit vergun word moet studente wie aansoek doen vir verlengde studietydperk van drie jaar volgens die Akademiese reëls van die Universiteit kennis neem dat dit verswarende finansiële verpligting inhou vir studente.

G.1.30.2 Toelatingsvereistes vir die kwalifikasie

- a) 'n Student wat vir hierdie kwalifikasie registreer moet oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde of enige ander gelykwaardige kwalifikasie¹ beskik.

¹ 'n Gelykwaardige kwalifikasie kan die volgende insluit: 'n Vierjarige Diploma in Verpleegkunde, wat lei tot registrasie as verpleegkundige (Algemene, Gemeenskaps- en Psigiatrisie) en vroedvrou en 'n nabasiese diploma, bv. in Gesondheidswetenskaponderwys of Gesondheidsdiensbestuur.

- b) 'n Student wat as verpleegkundige in Suid-Afrika wil praktiseer moet bewys lewer van registrasie by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging².

² Indien die student nie 'n Suid-Afrikaanse burger is nie, of indien daar onsekerheid t.o.v. sy/haar kwalifikasie bestaan, moet hy/sy die volgende prosedure volg ten einde aansoek te doen om toelating: Daar kan van die student verwag word om sy/haar kwalifikasies aan evaluering deur die Suid-Afrikaanse Kwalifikasie-owerheid (SAKO) te onderwerp. Indien SAKO bevind dat die student se kwalifikasies gelykstaande aan 'n gelykwaardige kwalifikasie (soos hierbo verduidelik) is, behou die skool die reg om die student te adviseer om eers 'n Baccalaureusgraad of Magistergraad (wat ookal toepaslik is) te bekom, of om voorwaardelike keuring (onderhewig aan suksesvolle voltooiing van die module in Navorsingsmetodologie (VPKN874) en die suksesvolle afhandeling van die navorsingsvoorstel) toe te staan.

G.1.30.3 Uitkomst van die kwalifikasie

Na afhandeling van hierdie kwalifikasie behoort die student in staat te wees om:

- Spesialis kennis te demonstreer en kritiek te lewer op huidige navorsing of praktyk sowel as gefokusde navorsing in die velde van verpleging en/of Gesondheidswetenskappe;
- huidige prosesse van kennisuitbreiding (production) te evalueer en 'n geskikte navorsingsproses te kies vir die veld van studie of praktyk;
- geskikte en kreatiewe navorsingsmetodes, tegnieke, prosesse of tegnologie te ontwerp, kies en toe te pas om probleme in die veld van Verpleging en/of Gesondheidswetenskappe na te vors;
- 'n verskeidenheid van navorsingsvaardighede in die identifisering, konseptualisering, ontwerp en implementering van navorsingsmetodes te gebruik om gekompliseerde en uitdagende probleme in die velde van Verpleging en/of Gesondheidswetenskappe aan te spreek;
- etiese besluite wat navorsing raak, selfstandig te neem en die vermoë te hê om krities by te dra tot die ontwikkeling van etiese standaarde in die konteks van verpleging en/of gesondheidswetenskappe;
- 'n strategie vir die verwerking en bestuur van inligting te ontwerp en te implementeer, om 'n volledige oorsig van die belangrikste en nuutste navorsing te kan doen om beduidende insig te produseer;

- bronne van akademiese en professionele of beroepverwante diskoerse te gebruik om beduidende ideë wat spruit uit navorsing of ontwikkelinge in verpleging en/of gesondheidswetenskappe te kommunikeer en te verdedig en om 'n verskeidenheid gevorderde en gespesialiseerde vaardighede en diskoerse doelmatig aan te wend in 'n veld, dissipline of praktyk,
- met 'n verskeidenheid gehore met verskillende vlakke van kennis en kundigheid, te kan kommunikeer;
- sy of haar eie leerstyl te ontwikkel om onafhanklike leer en akademiese of professionele ontwikkeling vol te hou en effektief binne die leer-of professionele groep om te gaan om leer te versterk; en
- om onafhanklik te funksioneer en volle verantwoordelikheid te neem vir sy of haar eie werk en waar gepas, leiding te neem en prosesse te inisieer en sisteme te implementeer, om goeie batebestuur en bestuurspraktyke te verseker.

G.1.30.4 Program: Verpleegkunde (Navorsingsprogram)

Kwalifikasiekode: 8CJ N01

Die gekwalifiseerde student behoort in staat te wees om effektief as 'n leier en 'n onafhanklike praktisyn te praktiseer, saam met ander multidissiplinêre spanlede, binne die gesondheidsorgsisteem. As leier behoort hy/sy in staat te wees om, op grond van roeping, professionele, omvattende, hoë kwaliteit, wetenskaplik gefundeerde gesondheidsorg te praktiseer. Hierdie gesondheidsorg behoort in die behoeftes van die tyd, die provinsie, die land en die persoon te kan voorsien. Dit behoort gerig te wees op diens, omgee, kultuursensitiwiteit en gebaseer wees op die primêre gesondheidsbenadering. Die meestersvoorbereide praktisyn behoort 'n deurlopende strewe na persoonlike en professionele groei en gesondheid te ervaar, asook die pasiënt se strewe na gesondheidsorg te fasiliteer.

Sluitingsdatum vir aansoek is 30 September.

G.1.30.4.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- a) Algemene toelatingsvereistes van die kwalifikasie geld.
- b) Om tot hierdie program toegelaat te word, moet 'n student ten minste 60% in die navorsingsmetodologie module behaal tydens die Baccalaureus graad of gelykwaardige kwalifikasie.
- c) Die keuringsproses sal plaasvind vanaf 1 Oktober. Die direkteur van INSINQ en kundiges in die spesifieke veld/program sal kandidate op grond van dokumentasie wat saam met die aansoek ontvang word, 'n skriftelike opdrag om die applikant se skryf en argumenteringsvaardighede te evalueer asook ander prosedures wat nodig geag word selekteer.
- d) Suksesvolle voltooiing van die Navorsingsmetodologie-module (VPKN874) met ten minste 60%, asook die aanbied van 'n aanvaarbare navorsingsvoorstel word as voorvereiste gestel vir vordering na die tweede studiejaar. Studente wie nie aan die kriteriums voldoen nie se studies kan getermineer word.

G.1.30.4.2 Kurrikulum G801P: Verpleegkunde

G.1.30.4.2.1 Kurrikulumuitkomste

G.1.30.4.2.2 Samestelling van die kurrikulum: Verpleegkunde

Kwalifikasie- en programkode: 8CJ N01; Kurrikulumkode: G801P

Modulekode	Beskrywende naam	Krediete
VPKN874	Navorsingsmetodologie	32
VPVV872	Verhandeling: Verpleegkunde	148
Krediet totaal vir die kurrikulum		180

G.1.30.5 Program: Psigiatriese Gemeenskapsverpleegkunde (Gestruktureerde program)

Kwalifikasiekode: 833 100

Die student kan na voltooiing van die graad aansoek doen om as verpleegspesialis, as gevorderde verpleegkundige by die Suid-Afrikaanse Raad op Verpleging te registreer. Hy/sy behoort in staat te wees om effektief as 'n leier, navorser en 'n onafhanklike praktisyn te praktiseer, saam met ander multidisiplinêre spanlede, binne die gesondheidsorgsisteem. As 'n leier behoort hy/sy in staat te wees om navorsing te doen en professionele, omvattende, hoë kwaliteit, wetenskaplik gefundeerde verpleegkunde te praktiseer. Hierdie verpleging behoort in die behoeftes van die tyd, die provinsie en die persoon te kan voorsien. Dit sal gerig wees op diens, omgee, kultuursensitiwiteit en gebaseer wees op die primêre gesondheids-benadering. Die verpleegspesialis behoort 'n deurlopende strewende na persoonlike en professionele groei en gesondheid te handhaaf, asook die pasiënt se strewende na gesondheid te fasiliteer.

Sluitingsdatum vir aansoeke is 30 September.

G.1.30.5.1 Fakulteit spesifieke reëls en -vereistes van die program

- Algemene toelatingsvereistes van die kwalifikasie geld.
- 'n Student wat in Psigiatriese verpleegkunde wil spesialiseer moet beskik oor 'n vierjarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde met Psigiatriese Gemeenskapsverpleegkunde as hoofvak of 'n driejarige Baccalaureusgraad in Verpleegkunde en 'n Diploma in Psigiatriese Verpleegkunde.
- Die kandidaat moes te minste 60% in die finale module van Psigiatriese verpleegkunde in die Baccalaureus graad of gelykwaardige kwalifikasie verwerf het.
- Die suksesvolle voltooiing van Navorsingsmetodologie (VPKN874) met ten minste 60% asook die voorlegging van 'n geskikte navorsingsvoorstel word as voorvereiste gestel vir vordering na die tweede studiejaar. Studente wie nie aan die kriteriums voldoen nie se studies sal getermineer word.
Assesseringskriteria Die student sal bewys dat hy/sy die uitkomst van die module bemeester het wanneer hy/sy: <ul style="list-style-type: none"> toepaslike ondersoekprosedes kan kies en toepas deur kritiese evaluering van onlangse voedingkundige epidemiologiese navorsing; toepaslike epidemiologiese navorsingsmetodes om aandag te skenk aan uitdagende en ingewikkelde voedingverwante vraagstukke in die Suid-Afrikaanse situasie kan kies en ontwerp; toepaslike statistiese strategie tot 'n datastel kan kies en toepas; voedingverwante siekerisiko kan evalueer; outonome besluite ooreenkomstig etiese beginsels kan neem en toepas; volle verantwoordelikheid neem vir die werk wat hy/sy lewer. 		
Modulekode: NUTG671	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Nutrigenetika		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> 'n uitgebreide en sistematiese kennis te hê in die veld van nutrigenetika (nutrigenetika: die rol van nutriënt-geen interaksies in menslike monogeniese, poligeniese en komplekse afwykings). Die interaksie van verskillende bekende genetiese en epigenetiese afwykings binne die dieet en hulle effek op voedingsverwante siektes krities te kan evalueer en analiseer; die spesifieke kennis van menslike molekulêre genetica (DNA, chromosoom funksie en struktuur asook die sentrale dogma van molekulêre biologie) toepas in die ontwikkeling van persoonlike diëte vir die verbetering van individuele teenoor publieke gesondheid; 'n samehangende en kritiese kennis van die belangrikste terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë van populasie genetica kan toepas in 'n voedings-genetica konteks ten opsigte van publieke gesondheid; 'n samehangende en kritiese kennis van die belangrikste terme, reëls, konsepte, beginsels en teorieë van populasie genetica kan toepas in 'n voedings-genetica konteks ten opsigte van publieke gesondheid; en die etiese, wetlike en sosiale implikasies van nutrigenetika, navorsing en individuele voeding verstaan wanneer 'n eksperimentele strategie geselekteer en geïmplementeer word deur van die belangrikste tegnieke in menslike molekulêre genetica gebruik te maak. 		
Metode van aflewering: Voltyds/kontak		
Assesseringsmetodes: Toetse, scenario studies, seminaar, laboratoriumwerk en finale geskrewe en mondelinge eksamen.		
Assesseringskriteria Die uitkomst is bereik wanneer die student die volgende kan toon: <ul style="list-style-type: none"> Dui insig in basiese nutrigenetiese begrippe soos " persoonlike " voeding en geen – nutriëntinteraksies nie soos bepaal deur 'n skriftelike eksamen; Implementeer basiese bevolkingsgenetika metodologie in die ontleding van 'n voorbeeld uit die werklike lewe; 'n Literatuursoektoeg uitvoer van 'n toepaslike nutrigenetika onderwerp met behulp van 'n elektroniese joernaaldatabasis en krities die data te evalueer en aan te bied in die vorm van 'n seminaar; Dui insig en begrip van die basiese molekulêre genetiese tegnieke soos bepaal deur 'n verslag oor die praktiese komponent van die kursus om die student se vaardighede om wetenskaplik te skryf te ondersoek; Dui voldoende vaardigheid in basiese nutrigenetiese laboratoriumtegnieke deur die evaluering van praktiese sessies; Ontwikkel 'n etiese protokol vir die analise van 'n spesifieke nutrigeneties – gebaseerde steurnis 		
Modulekode: NUTP671	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Voeding op openbare gesondheidsvlak		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> Na voltooiing van hierdie module sal u in staat wees om: Die ingewikkelde verband tussen voeding en gesondheid, sowel onder- as oorvoeding, krities te bekyk. Dit behels die voedingsoorgang in ontwikkelende lande, die bykomende vatbaarheid van ontwikkelende bevolkings vir chroniese siektes, en die dubbele las van die voorkoms van siekte wêreldwyd en in Suid-Afrika. Die faktore wat bydra tot voedsel- en voedingsekerheid moet geïdentifiseer word en aandag moet aan die invloed van voedselsekerheid op voedingstatus geskenk word. Die toepaslikheid van die Suid-Afrikaanse Voedselgebaseerde Dieet Riglyne om optimale voeding te bevorder, moet krities geëvalueer word. 		

<ul style="list-style-type: none"> • Tersaaklike vaardighede op die gebied van voedingsepidemiologie moet gebruik word om epidemiologiese en statistiese begrippe en die relevansie daarvan in openbaregesondheidsvoedingsprogramme te vertolk. • Evalueer die toepaslikheid van metodes om voedingstatus te assesseer in 'n openbaregesondheidsopset: die vertolking van dieetinname, en antropometriese en biochemiese voedingstatusdata in epidemiologie. • Kennis van die voorkoms en fisiologiese grondslag van die opvallendste openbaregesondheidsvoedingsprobleme in Suid-Afrika moet geïntegreer word. • Die bewysgebaseerde openbaregesondheidsvoedingsiklus moet op 'n intermediêre vlak toegepas word deur 'n opdrag te voltooi in 'n tipiese Suid-Afrikaanse opset: <ul style="list-style-type: none"> ○ Identifiseer die bestaande openbaregesondheidsvoedingsprobleme en prioritiseer spesifieke probleme vir intervensie; ○ Interpreteer die bewyse en maak verantwoordelike bewysgebaseerde gevolgtrekkings en aanbevelings; ○ Pas die openbaregesondheidsvoedingsiklus toe en ontwikkel 'n program wat innoverende oplossings bied vir die gekose openbaregesondheidsvoedingsprobleem. 		
Metode van aflewering: Voltyds/kontak		
Assesseringsmetodes: Geskrewe opdragte, mondelinge voordragte, klastoetse. Eksaminatore word benoem ingevolge die reëls van die Noordwes Universiteit asook fakulteitsreëls.		
Assesseringskriteria Die student het die uitkomst bemeester indien hy/sy in staat is om: <ul style="list-style-type: none"> • die ingewikkelde verband tussen voeding en gesondheid binne die voedingsoorgang in ontwikkelende lande te ontleed in die konteks van die bykomende vatbaarheid van ontwikkelende bevolkings vir chroniese siektes en die dubbele las van siekte; • die faktore te integreer wat bydra tot voedsel- en voedingsekerheid en die invloed van voedselsekerheid op voedingstatus te evalueer; • die toepaslikheid van Suid-Afrikaanse voedingverwante beleid, programme en riglyne om optimale voeding te bevorder en aan die ontwikkeling van nuwe beleid, programme en riglyne deel te neem, krities te evalueer; • tersaaklike metodes op die gebied van voedingsepidemiologie toe te pas om epidemiologiese en statistiese begrippe en die relevansie daarvan in openbaregesondheidsvoedingsprogramme te vertolk; • metodes vir die evaluering van voedingstatus in openbaregesondheidsopset te evalueer en voor te stel; • kennis van die voorkoms en fisiologiese grondslag van die opvallendste openbaregesondheidsvoedingsprobleme in Suid-Afrika te integreer; • die bewysgebaseerde openbaregesondheidsvoedingsiklus op intermediêre vlak in 'n werkopdrag in 'n tipiese Suid-Afrikaanse situasie toe te pas; • die proses doeltreffend oor te dra met gebruik van toepaslike wetenskaplike en professionele kommunikasie; • etiese vraagstukke wat met openbaregesondheidsvoedingsingrepe verband hou, krities te bespreek. 		
Modulekode: NUTR671	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Navorsingsverslag		
Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student: <ul style="list-style-type: none"> • begrip te demonstreer van die kompleksiteit en onsekerhede van seleksie, toepassing of oordrag van toepaslike standaard prosedures, prosesse of tegnieke na onbekende probleme in ? die veld van voeding. • die vermoë te demonstreer om etiese sake en die toepaslikheid van verskillende etiese waardesisteme binne die kontekste van voeding te identifiseer en aan te spreek by wyse van kritiese refleksie. • die vermoë te demonstreer om inligtingsinsamelingstegnieke, evaluering en bestuursprosesse in die kontekste van die voeding veld krities te ondersoek om sodoende kreatiewe response vir probleme te ontwikkel. • die vermoë te demonstreer om akademiese, professionele of beroepsidesse en tekste effektief vir verskeie gehore aan te bied en te kommunikeer met kreatiewe insigte, akkurate interpretasies en oplossings vir probleme en vraagstukke relevant tot die konteks van die veld van voeding. 		
Metode van aflewering: Voltyds/kontak		
Assesseringsmetodes: Navorsingsverslag inhandig waarvoor Eksaminatore benoem sal word ingevolge die reëls van die Noordwes Universiteit asook fakulteitsreëls.		
Assesseringskriteria Die student het die uitkomst van die module bereik indien hy/sy: <ul style="list-style-type: none"> • 'n suksesvolle navorsingsverslag kan skryf wat aandui dat die student die navorsingsproses verstaan. Die inhoud van die navorsingsverslag moet ook aandui dat die student die vermoë het om metodes en prosedures toe te pas, probleme op te los, etiese standaarde toe te pas en die vermoë het om inligting in te samel, te prosesseer en te bestuur. 		
Modulekode: NUTS671	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Sportvoeding		
Module-uitkomst: Na suksesvolle voltooiing van die NUTS671 module sal jy in staat wees om: <ul style="list-style-type: none"> • die vermoë te demonstreer om 'n reeks verskillende maar geskikte praktiese vaardighede toe te pas om atlete 		

<p>se dieet-inname te assesseer en hulle spesifieke voedingsvereistes tydens oefening, rus en kompetisie te bepaal;</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n omvattende en sistematiese kennisbasis te demonstree om 'n spesifieke atleet se voedings- en aanvullingsinname te analiseer en krities te evalueer met die doel om gegronde verbeterings voor te stel; • die vermoë te demonstree om wetenskaplike metodes te selekteer en toe te pas om sportvoedingverwante navorsing (byvoorbeeld literatuuroorsig) gefokus uit te voer, om inligting krities te evalueer en integreer en geskikte intervensies aan te beveel en te kommunikeer via doeltreffende wyses van kommunikasie (byvoorbeeld wetenskaplike navorsingsverslae, PowerPoint-aanbiedinge); • 'n professionele verantwoordelik benadering te demonstree tot die bestuur en die implementering van sportvoedingsdienste aan atlete en hulle afrigters. 		
<p>Metode van aflewering: Voltyds/kontak</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Geskrewe opdragte, mondelinge voordragte, klastoetse. Eksaminatore word benoem ingevolge die reëls van die Noordwes Universiteit asook fakulteitsreëls.</p>		
<p>Assesseringskriteria Die uitkomst sal bereik word indien studente in staat is om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • die voedingstatus en voedingvereistes van 'n spesifieke atleet wat aan 'n spesifieke sport deelneem, akkuraat kan bepaal; • 'n atleet se huidige dieet- en aanvullingsinname via 'n voedsame eetplan of praktiese advies te optimaliseer om die aanbevole vereistes vir sy/haar spesifieke sport, sy/haar liggaamsamestelling-doelwitte na te kom, en om prestasie te optimaliseer; • 'n voedingstema wetenskaplik na te vors en die resultate doeltreffend te kommunikeer; • op 'n professionele wyse met atlete en ander relevante rolspelers in wisselwerking te tree hetsy om inligting te versamel of inligting aan hulle oor te dra. 		
Modulekode: PSYH611	Semester 1	NKR-Vlak: 8
<p>Titel: Psigologiese evaluering</p>		
<p>Module uitkomst: Ná voltooiing van hierdie module sal die student die volgende demonstree:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Toegepaste kennis en deelname in psigologiese evaluasie sowel as 'n kritiese verstaan van die toepassingsproses relevant tot psigologiese evaluasie ten einde 'n holistiese siening van 'n persoon te verkry; • Die vermoë om die gebruik van toetse, gebaseer op hul psigometriese eienskappe, te evalueer en die resultate van individuele toetse en toetsbatterye te evalueer. • Om 'n psigologiese toets te kan ontwikkel, individueel en in groepsverband, vir gebruik in 'n komplekse, realistiese probleemituasie; • Die vermoë om aan 'n gehoor die volgende te kan verduidelik: toetsuitslae, kruis-kulturele vertaling en aanpassing van toetse, die bestuur van toetse, etiese standaarde en die administratiewe prosedures van toepassing betrokke by assessering; • Kritiese denke en insig in die verstaan van etiese oorwegings in psigologiese evaluering (intellektuele en skolasitiese vermoëns, aanleg en belangstellings, persoonlikheid en interpersoonlike funksionering) binne verskillende kulturele en sosiale omgewings; • Die vermoë om gevorderde kennis van die hoof psigologiese evaluasie metodes te kan aanwend in goed-gedefinieerde, maar onbekende gevallestudies, deur gebruik te maak van die mees toepaslike prosedures en tegnieke van psigologiese evaluasie; • Die vermoë om kritiese analises van kwalitatiewe en kwantitatiewe uitkomst van psigologiese evaluasies te kan doen en sintetiseer tot 'n gevolgtrekking in 'n behoorlik gestruktureerde verslag, sowel as 'n verwysingsbrief te kan opstel vir 'n toepaslike professionele persoon; • Die self-regulerende vaardighede om onafhanklik inligting uit toepaslike navorsingsartikels en ander betroubare bronne te bekom, krities te analiseer en sintetiseer, om sodanige bevindinge aan te bied, sowel as om krities te reflekteer op die impak van die studiemateriaal; • Die vermoë om om deur eie leer strategieë en 'n onafhanklike styl van werk deel te neem aan professionele diskoerse. 		
<p>Metode van aflewering: Kontakonderrig – voltyds.</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen</p>		
<p>Assesseringskriteria Na suksesvolle voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hul eie kritiese en evaluerende standpunte rondom die rol van faktore wat psigologiese assessering stimuleer en beïnvloed mondelings in 'n groep, of skriftelik te kan kommunikeer; • Mondelings en skriftelik die etiese verantwoordbaarheid van die verskillende stappe tydens psigologiese evaluering te kan evalueer; • Verslag te doen oor toetsresultate soos aangedui in gevallestudies; • Mondelings en skriftelik die gebruik van gepaste tegniese toerusting ten opsigte van die basiese en tegniese vereistes van toets en toetsontwikkeling te verduidelik; • Nuwe/onbekende toetse aan die hand van individue se resultate in 'n toets/toetsbatterye en die individue se prestasie in sekere toetse en prosedures tydens keuringsprosedures te analiseer en evalueer; 		

<ul style="list-style-type: none"> • Uitgebreide begrip te demonstreeer van die relatiewe waarde en etiese toepassing van 'n verskeidenheid van psilogiese evaluering modusse; • Vaardighede te demonstreeer om waarnemings te maak, onderhoude te voer, psilogiese metingevaluerings uit te voer en verslae te skryf vir ouers en onderwysers; • Domeine van psilogiese evaluerings in verskillende sosio-kulturerre kontekste aan te diu; • Kritiese begrip te demonstreeer van die doel, rasionaal, geldigheid en betroubaarheid van geselekteerde psilogiese evaluerings deur dit aan die hand van voorgeskrewe protokolle te analiseer en te interpreteer; • Vaardighede te demonstreeer om die kwantitatiewe en kwalitatiewe uitkomst van verskillende evalueringsmetodes te sintetiseer in koherente en goed geformuleerde verslae; • kennis van die aannames, waardes en beginsels van psilogiese evaluering toe pas in die formulering van 'n evalueringsplan vir kinders, adolessente en/of volwassenes in gegewe gevallestudies; • Onafhanklik inligting te versamel uit gepaste navorsingsartikels en sodanige inligting kritiese kan analiseer, sintetiseer en gebruik om op gepaste wyse aan professionele diskoers deel te neem en bevindinge in die veld van psilogiese evaluering aan te bied; • Inligting vanuit 'n verskeidenheid van bronne te integreer en te benut tydens klasbesprekings, opdragte en toetse. 		
Modulekode: PSYH612	Semester 1	NKR-Vlak: 8
Titel: Gemeenskapsielkunde: Teorie		
Module uitkomst:		
<p>Ná voltooiing van hierdie module sal die student die volgende demonstreeer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Begrip te demonstreeer dat gemeenskappe, wat saamgestel is as geografies-gelokaliseerde areas, sowel as sosiale of belangegroep met dieselfde waardes, oortuiginge, praktyke en kulture, in verskillende diverse kontekste ingebed is; • Goed afgeronde kennis te demonstreeer van teorieë onderliggend aan gemeenskapspsilogie, die kernwaardes wat gemeenskapspsilogie onderskryf asook die etiese oorwegings van toepassing in navorsing in gemeenskappe; • Gemeenskapsintervensies wat gemeenskapsvaardighede fasiliteer te beplan, implementeer en evalueer deur gebruik te maak van waarderende ondersoeke (appreciative inquiry) en etnodrama, wat verder aanduidend is van 'n sensitiviteit vir kontekstuele inbedding van verhoudingsgemeenskappe; • Vaardighede ter illustrasie van leer op gemeenskapsvlak as a reflektiewe en transformerende aktiwiteit te kon bemeester; • Etiese optrede te kan bepaal wanneer toegang tot 'n gemeenskap verkry word vir navorsingsdoelendes; • Inligtingsameling krities te kan beoordeel en die proses van inligtingsameling in gemeenskappe te kan bestuur en evalueer; • Self-gereguleerde vaardighede demonstreeer om inligting uit toepaslike navorsingsartikels en ander betroubare bronne oor gemeenskappe te bekom, dit krities te analiseer en sintetiseer, bevindinge aan te bied en oor die impak van die studiemateriaal te reflekteer; • Hul eie leerstrategieë, onafhanklike werksvermoë en -style te gebruik om aan professionele diskoerse deel te neem. 		
Metode van aflewering: Kontakonderrig – voltyds.		
Assesseringsmetodes:		
Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen		
Assesseringskriteria		
<p>Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gepaste gemeenskapsintervensies te beplan wat berus op: a) duidelike etiese beginsels rondom toegang tot gemeenskappe, b) kennis van die verskillende teoretiese modelle, c) deeglike oorweging van die vlak van deelname, die gemeenskap en die groter kontekstuele kwessies waarin die gemeenskap funksioneer; • Kennis toe te pas met betrekking tot die waardes van gemeenskap-psilogie en die relevante aspekte van leer in die formulering van uitvoerbare doelstellings om die algemene en spesifieke uitkomst van gemeenskapspsilogie intervensies te bereik; • Gepaste navorsingsmetodes toe te pas om intervensies te evalueer in terme van die potensiaal van sodanige intervensies om geestesgesondheid en welstand van 'n gemeenskap te fasiliteer, soos aangedui deur deskundige portuurgroep evalueerders en die gemeenskap; • Gemeenskapsintervensies te implementeer wat aan etiese riglyne voldoen en wat oop gesprek en transformasie op verskillende vlakke fasiliteer; • Die toepassing van gepaste etiese optrede te identifiseer en evalueer in 'n gevallestudie waar daar tot 'n gemeenskap toegetree en navorsing uitgevoer is; • 'n Voordrag tydens 'n groepklas te lewer rakende gepaste teorie rondom gemeenskapsprosesse; • Onafhanklik inligting te bekom vanuit toepaslike navorsingsartikels, dit krities te analiseer en sintetiseer en akademiese of professionele diskoers aan te wend om bevindinge in die veld van gemeenskapspsilogie aan te bied. 		

Modulekode: PSYH613	Semester 1	NKR-Vlak: 8
Titel: Toegepaste Positiewe Sielkunde		
Module uitkomst:		
<p>Ná voltooiing van hierdie module sal die student die volgende demonstreer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n Verbintenis met die kennis van en 'n ingeligte begrip vir Positiewe Sielkunde / Psigo-fortologie as beweging in die veld van Psigologie, insluitend die paradigmas, teorieë, konsepte en etiese fasette verbandhoudend met psigologiese gesondheid ten einde dit te kan toepas in die fasilitering van persoonlike en multikulturele welstand; • Die vermoë om al die relevante teorieë en navorsing in kulturele kontekste, en met sensitiviteit vir bio-psigososiale verhoudings ten opsigte van probleme en fasilitering van psigososiale florerings vanuit 'n positiewe psigologiese perspektief toe te pas; • Die vermoë om komplekse, swak-gedefinieerde werklike-wêreld-probleme verwant aan psigologiese en psigososiale gesondheid op te los deur gebruik te maak van toepaslike prosedures en klinkklare bewyse verkry uit kritiese ontledings van verskillende teorieë van Positiewe Sielkunde; • Die vermoë om 'n verskeidenheid gekose en bewese strategieë in 'n moreel-etiese en kultureel sensitiewe wyse te selekteer sodat positiewe florering in individue, groepe en gemeenskappe bevorder kan word terwyl erkenning aan belangrike bio-psigososiale assosiasies, kollektivisties en gegrond op individuele waarde sisteme, gegee word; • Die vermoë om die etiese aspekte gebaseer op kritiese refleksies van psigopatologie vs. psigofortologie te identifiseer en aan te spreek; • Die vermoë om self-gereguleerde vaardighede, wat onafhanklik bekom is, te gebruik om inligting krities te analiseer en sintetiseer van die toepaslike navorsingsartikels en ander kredietwaardige bronne ten opsigte van psigofortologie ten einde toepaslike bevindinge aan te duik; • Die vermoë om hul eie leerstrategieë, onafhanklike werksvermoë en -style te gebruik om aan professionele diskoerse deel te neem. 		
Metode van aflewering: Kontakonderrig – voltyds.		
Assesseringsmetodes:		
Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen		
Assesseringskriteria		
<p>Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die tradisionele patogene paradigma en die salutogene perspektief van menslike funksionering te kan beskryf en vergelyk, 'n gebalanseerde perspektief op geestesgesondheid te ontwikkel en 'n duidelike begrip vir die implikasies daarvan op publieke gesondheid te demonstreer; • Spesifieke teorieë vanuit die psigofortogene paradigma te kies en dit effektief op die bio-psigososiale welstand van individue en gemeenskappe binne 'n bepaalde kulturele konteks toe te pas; • Komplekse gevallestudies te analiseer om die gepaste teoretiese en kulturele aspekte sentraal tot die situasie te identifiseer en advies te gee rondom moontlike fasilitering van optimale psigologiese funksionering; • 'n Projek en opdrag uit te voer wat gemik is op die ontwerp en toepassing van 'n program wat die psigologiese welstand kan fasiliteer van 'n individu/gemeenskap wat 'n komplekse, swak-gedefinieerde werklike-wêreld-probleem in die gesig staar; • Etiese sensitiviteit in die projek/opdrag te openbaar; • 'n Gepaste teorie in 'n groepklas oor psigofortologie te kan aanbied; • Inligting onafhanklik vanuit toepaslike navorsingsartikels en ander kredietwaardige bronne te bekom, dit krities te analiseer en sintetiseer en dit aan te wend in gepaste akademiese en professionele diskoerse in die veld van positiewe sielkunde. 		
Modulekode: PSYH621	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Intervensietegniese		
Module uitkomst:		
<p>Ná voltooiing van hierdie module sal die student die volgende demonstreer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Gevorderde kennis van en insig in die teoretiese en praktiese toepassing van die relevante korttermyn intervensie vaardighede waaronder die Hebriede Model van krisisintervensie in 'n sosio-kulturele konteks; • Die vermoë om op kritiese vlak deel te neem, met kennis van intervensie teorieë, deur die effektiewe keuse en toepassing van noodsaaklike prosedures en tegnieke in 'n verskeidenheid van spesifieke situasies; • Die vermoë om self-gereguleerde vaardighede te gebruik om die gebruik van die Hebriede model en assesseringsmetodes op verskillende situasies en persone van toepassing te maak deur inligting krities te analiseer en toe te pas; • Kennis van die Hebriede model en die triage assesseringsstelsel; • Toegepaste kennis en deelname aan 'n duidelike waardesisteme en etiese kode in optrede tydens alle vorme van kommunikasie en interaksie; • Die vermoë om self-gereguleerde vaardighede, wat onafhanklik bekom is, te gebruik om inligting krities te analiseer en sintetiseer van die toepaslike navorsingsartikels en ander kredietwaardige bronne ten opsigte van psigopatologie ten einde toepaslike bevindinge aan te duik; • Die vermoë om hul eie leerstrategieë, onafhanklike werksvermoë en -style te gebruik om aan professionele diskoerse deel te neem. 		
Metode van aflewering: Kontakonderrig – voltyds.		
Assesseringsmetodes:		

Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen		
Assesseringskriteria		
<p>Ná voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Verskeie toepaslike terminologie in die veld van krisis intervensies, sowel as die domeine, modelle, state, teorieë en konsepte in 'n individuele en multi-kulturele opset te kan definieer; • Verskillende teorieë, handelinge, intervensies, tegnieke, assesserings en terapie relevant tot die tipe krisis in verskeie opsette te kan vergelyk en toepas; • Die vermoë te demonstree om te onderskei tussen die verskillende tipes krisisse, trauma en stres situasies, sowel as die manifestasie van simptomatologie ten einde die mees gepaste diens te lewer aan slagoffers oor alle domeine van die lewensiklus, tipes verhoudings en lewensomstandighede en voorts ook kan fokus op die versorger / helper self; • Kennis van die Hebriede model en die triage assesseringsstelsel toe te pas op enige verkose gevallestudie; • Etiese aspekte toe te pas soos wat dit in hulle projekte geëvalueer sal word; • Stel 'n toepaslike intervensieprogram vir 'n gegewe gevallestudie in 'n groep in die klas op; • Onafhanklik inligting te bekom vanuit toepaslike navorsingsartikels en ander kredietwaardige bronne ten einde sodanige inligting krities te analiseer en sintetiseer en bevindinge rakende intervensie strategieë aan te bied in gepaste akademiese en professionele diskoers. 		
Modulekode: PSYH622	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Teoretiese perspektiewe op hulpverlening		
Module uitkomst:		
<p>Ná voltooiing van hierdie module sal die student die volgende demonstree:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Uitgebreide kennis van en insig in die verskillende modelle en prosesse van hulpverlening/berading; • Die toepassing van kennis van verskillende terapeutiese teorieë en tegnieke op onbekende gevallestudies soos van toepassing, sodat paslike intervensies gebaseer op teorie-gebaseerde argumente aangedui kan word in verslae soos voorgeskryf; • Vaardigheid in inligtingsversameling en prosessering vir die finalisering van opdragte; • Die vermoë om aan gehore simulasie van verskillende terapeutiese tegnieke wat gebruik kan word te kommunikeer; • Etiese gedrag in hulpverlening aan ander; • Die vermoë om self-gereguleerde vaardighede, wat onafhanklik bekom is, te gebruik om inligting krities te analiseer en sintetiseer van die toepaslike navorsingsartikels en ander kredietwaardige bronne ten opsigte van hulpverlening en etiek; • Die vermoë om hul eie leerstrategieë, onafhanklike werksvermoë en -style te gebruik om aan professionele diskoerse deel te neem. 		
Metode van aflewering: Kontakonderrig – voltyds.		
Assesseringsmetodes:		
Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen		
Assesseringskriteria		
<p>Studente moet effektief die volgende kan doen:</p> <ul style="list-style-type: none"> • beskryf, bespreek, evalueer en toepassing (in professionele konteks) die konsepte, terme, teorieë, prosesse en tegnieke van die verskillende benaderings; • Kritiese ontleding van gevallestudies of voorbeelde waarvoor toepaslike intervensies ontwikkel en geregtig kan word, gebaseer op teoretiese bewyse en wat dan in 'n verslag, volgens voorgestelde kriteriums van die vak, weergegee word; • Studente moet inligtingsbronne soek en prosesseer vir die toepassing in geskrewe opdragte waarin 'n aantal terapeutiese tegnieke in 'n gesimuleerde terapeutiese situasie toegepas word; • Die vermoë om kennis, verkry van teorieë en etiese toepassings in klassimulasies te kan toepas; • Die vermoë om etiese aspekte volgend die etiese kode in simulasies toe te pas; • Studente moet 'n toepaslike teorie in groepsverband ten opsigte van hulpverlening en etiese toepassing aanbied; • Studente moet op onafhanklike wyse self-gereguleerde vaardighede gebruik om inligting krities te analiseer en sintetiseer van die toepaslike navorsingsartikels en ander kredietwaardige bronne ten opsigte van verskillende terapeutiese teorieë en tegnieke, ingebed in etiese kodes. 		
Modulekode: PSYH623	Semester 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Kinder- en adolessente psigologie		
Module uitkomst:		
<p>Ná voltooiing van hierdie module sal die student die volgende demonstree:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Toegepaste kennis en 'n deeglike verstaan van die konsepte, teorieë en sleutel terme soos gebruik in Ontwikkelingspsigologie sodat inligting op betroubare, koherente en etiese wyse, in beide mondelinge en skriftelike take, gekommunikeer kan word. Voorts moet studente oor 'n geïntegreerde kennisbasis van fisiese, kognitiewe en psilogiese ontwikkeling in elke stadium van ontwikkeling van die menslike lewensiklus beskik en dit kan toepas in assessering en klasaanbiedinge; • Die vermoë om kinderontwikkeling in die inligtingsera te kan verduidelik, bespreek en beskryf; • Die vermoë om die effek van moderne tegnologie soos selfone en die internet op kinder- en adolessente ontwikkeling en ook fisiese, kognitiewe, sosiale en emosionele vlakke te kan verstaan, beskryf en verduidelik; 		

<ul style="list-style-type: none"> Die toepassing van geïntegreerde kennis met betrekking tot ouers se patologie sowel as 'n kritieke verstaan en toepassing van die effek daarvan op kinders en adolessente; Toegepaste kennis en begrip van en deelname aan kritiese denke met betrekking tot alle etiese konsiderasies in werk kinders en adolessente in die algemeen en vanuit kultureel-diverse families; Die vermoë om geïntegreerde kennis van die rol van biologie/ neuropsiologie in ontwikkelingspsigologie toe te pas. Die vermoë om hul eie leerstrategieë, onafhanklike werksvermoë en -style te gebruik om aan professionele diskoerse deel te neem oor gesinne in swak toestande en om in staat te wees om gesimuleerde probleme individueel of in groepe, op te los. 		
Metode van aflewering: Kontakonderrig – voltyds		
Assesseringsmetodes: Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen		
Assesseringskriteria Na voltooiing van hierdie module behoort studente in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> Geïntegreerde kennis van die teorieë en sleutel terminologie wat in Ontwikkelingspsigologie gebruik word te demonstree; Verskillende patologie by ouers en die effek daarvan op kinder- en adolessente ontwikkeling te verduidelik deur 'n kritiese bespreking van die twee modelle; Onderzoek in te stel na die effek van moderne tegnologie op kinder- en adolessente ontwikkeling op fisiese, kognitiewe, sosiale en emosionele vlakke; 'n Projek en opdrag uit te voer wat die ontwikkeling en toepassing van 'n program ten doel het waarin die uitdagings wat kinders en adolessente in die 20ste eeu in die gesig staar, verduidelik word; Die etiese konsiderasies in werk met kinders en adolessente van diverse families krities kan bespreek; Die rol van biologie/neuropsiologie te verduidelik, bespreek en op geïntegreerde wyse te kan toepas in Ontwikkelingspsigologie; Die politieke, sosiale, godsdienstige en ekonomiese uitdagings van kultureel-diverse, gay/lesbiese, stief- en nie-getroude gesinne ervaar as dit vergelyk word met verskillende sosiale kontekste. 		
Modulekode: PSYH671	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Navorsing en etiek Teorie en praktyk		
Module uitkomst: Ná voltooiing van hierdie module sal die student die volgende demonstree: <ul style="list-style-type: none"> Gevorderde kennis en begrip van die teoretiese grondings wat kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbevindings ondersteun; Die vermoë om die relevante navorsingsmetodes en konsepte wat verband hou met navorsing in psigologie, sowel as die kwalitatiewe en kwantitatiewe insameling van data ontleding en -insameling te definieer, analiseer, te kies en toe te pas; Logiese beredeneringsvaardighede en etiese sensitiviteit in die konsepsie, ontwerp en uitvoer van 'n empiriese navorsingsprojek wat gefokus is op gemeenskap welstand onder toesig van 'n akademiese personeellid; Die vermoë om 'n navorsingsverslag te ontwikkel, gebaseer op navorsing volgens akademiese en praktykgerigte standaarde; Kennis van etiek in alle navorsing wat gedoen is; Die vermoë om te kan onderskei tussen, sowel as verskillende strategieë toe te pas, om te verseker dat geldigheid, betroubaarheid en vertroubaarheid in kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsing plaasvind sowel as om sensitiviteit vir etiese aspekte in die doen en verslagdoening van navorsing te kan aandui; Die vermoë om inligting soos verkry uit verskillende tipes navorsing, krities te evalueer, analiseer en sintetiseer. 		
Metode van aflewering: Kontakonderrig – voltyds.		
Assesseringsmetodes: Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen		
Assesseringskriteria Na voltooiing van die module behoort studente in staat te wees om: <ul style="list-style-type: none"> Die verskillende filosofiese perspektiewe onderliggend en kwantitatiewe en kwalitatiewe navorsing te beskryf; Te onderskei tussen die toepaslikheid van navorsingstemas, gebaseer op die aard van die probleem en die mees gepaste navorsingontwerp; Spesifieke navorsingontwerpe in kwalitatiewe, kwantitatiewe en gemengde metodologie te identifiseer en te beskryf en daarvoor verslag te kan doen; Steekproeftrekking in beide kwantitatiewe en kwalitatiewe perspektiewe te kan bespreek en dit in 'n skriftelike verslag te kan aandui; Toepaslike etiese vereistes te kan toepas en in 'n skriftelike verslag te kan verseker; Navorsingsbronne soos literatuur, data en webwerwe te kan identifiseer en gebruik; Die beginsels van akademiese skryfwerk, soos uiteengesit deur die APA, te kan toepas. 		

Modulekode: PSYH672	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Psigopatologie		
Module uitkomst:		
<p>Na voltooiing van hierdie module sal die student die volgende demonstreer:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kennis om die verskillende soorte psigopatologie in kinders, adolessente en volwassenes uit 'n Westerse, sowel as 'n Afrika perspektief, te identifiseer en vergelyk; • Kennis van die DSM 5 klassifikasie stelsel en die vermoë om dit toe te pas; • Kennis van en deelname aan kritiese besprekings en vergelykings van moontlike etiologieë ten opsigte van psigopatologie sodat tot 'n geïntegreerde sintese gekom kan word; • Kennis en deelname sodat gevallestudies geanaliseer kan word en tot die regte diagnose gekom kan word; • Kennis ten einde eties korrek op te tree in alle aktiwiteite volgens 'n gevestigde sisteem van norme; • Kennis en deelname sodat sinvolle en relevante verwysings vir voortgesette en gevorderde intervensies gedoen kan word na bestudering van die gevallestudies; • Die vermoë om self-gereguleerde vaardighede, wat onafhanklik bekom is, te gebruik om inligting krities te analiseer en sintetiseer van die toepaslike navorsingsartikels en ander kredietwaardige bronne ten opsigte van psigopatologie ten einde toepaslike bevindinge aan te dui; • Die vermoë om hul eie leerstrategieë, onafhanklike werksvermoë en -style te gebruik om aan professionele diskoerse deel te neem. 		
Metode van aflewering: Kontakonderrig – voltyds.		
Assesseringsmetodes:		
Geskrewe opdragte, klasaktiwiteite, groeps- en individuele werk, asook 'n formele eksamen		
Assesseringskriteria		
<p>Assessment will be based on feedback on the study material, additional sources, homework assignments and/or any uncertainties will be addressed during the contact session.</p> <p>Students must present an applicable theory in a group in class about psychopathology.</p> <p>Student must independently obtain, and critically analyze and synthesize information from appropriate research articles and use appropriate academic or professional discourse to present findings in the field of pathology.</p>		
Modulekode: RKKX673	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Rekreasiepraktykbestuur		
Module-uitkomst:		
<p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • omvattende en sistematiese kennis van praktiese vaardighede met betrekking tot die aanbieding van rekreasiedienste te kan weergee; • doeltreffende en doelmatige praktiese vaardighede te kan gebruik om op professionele wyse rekreasiedienste suksesvol kan aanbied en bestuur; • 'n samehangende en kritiese begrip te toon van die wetenskap, navorsing en tegnologie en die vermoë om dit met die nodige teoretiese kundigheid te kan kombineer om so bekende probleme binne die rekreasiepraktyk te kan identifiseer en oplos; en • op 'n professionele en etiese verantwoordbare wyse sensitiewe kwessies binne die rekreasiepraktyk te kan bemeester. 		
Metode van aflewering: Afleweringmodusse vir modules is voltyds/kontak. Geen modules word "aanlyn" aangebied of vanaf een kampus aan. Studente op ander kampusse verskaf nie.		
Assesseringsmetodes: Assesserer vir werwing van 'n deelnamepunt word gedoen volgens die voorskrifte in die studiegids vir elke module. Studente skryf 'n finale eksamen na afloop van 'n semester volgens die akademiese rooster, op dieselfde datum en tyd. 'n Tweede eksamen geleentheid sal beskikbaar wees vir studente wat die eerste geleentheid gemis het en/of die eerste eksamen geleentheid nie geslaag het nie.		
Assesseringskriteria		
<p>Die student het die uitkomst bemeester indien hy/sy in staat is om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • deur middel van omvattende en sistematiese kennis praktiese vaardighede met betrekking tot die aanbieding van rekreasiedienste kan weergee; • deur middel van doeltreffende en doelmatige gebruik van praktiese vaardighede rekreasiedienste op 'n professionele wyse suksesvol kan aanbied en bestuur; • bekende probleme binne die rekreasiepraktyk te kan identifiseer en oplos deur middel van 'n samehangende en kritiese begrip van die wetenskap, navorsing en tegnologie; en • sensitiewe kwessies binne die rekreasiepraktyk op 'n professionele en etiese verantwoordbare wyse kan hanteer. 		
Modulekode: RKKX677	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Terapeutiese rekreasie		
Module-uitkomst:		
<p>Na voltooiing van die module behoort die student in staat te wees om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • omvattende en sistematiese kennisbasis van Terapeutiese Rekreasie binne 'n multidisiplinêre verband te toon saam met die Filosofiese Grondslag vir effektiewe dienslewering en hierdie kennis kan kombineer met die nodige teoretiese kundigheid om praktykgerigte probleme te identifiseer, analiseer, evalueer, en op te los; • doeltreffende en doelmatige beplanningsvaardighede binne die sisteembenadering tot dienslewering suksesvol bemeester het om 'n verskeidenheid van intervensies te kan implementeer; 		

<ul style="list-style-type: none"> op 'n etiese verantwoordbare wyse sensitiewe kwessies binne die Terapeutiese Rekreasiepraktik kan hanteer; en wetenskaplike navorsingsgegewens en data, onder toesig, vanuit die literatuur te kan versamel, analiseer en interpreteer om die resultate te gebruik tot positiewe vryetydsfunksionering. 		
<p>Metode van aflewering: Voltyds/kontak. Geen modules word "aanlyn" aangebied of vanaf een kampus aan Studente op ander kampusse verskaf nie.</p>		
<p>Assesseringsmetodes</p> <p>Individuele en groepsopdragte gebaseer op die verskillende studie eenhede, onvoorbereide klastoetse en individuele en groepsvoordrage. Formele teoretiese eksamen.</p>		
<p>Assesseringskriteria</p> <p>Die uitkomstes is bemeester wanneer die studente die volgende kan doen:</p> <ul style="list-style-type: none"> Volledige kennis van terapeutiese rekreasie in 'n multidisziplinêre verhouding en dienslewering te kan demonstreer, en hierdie kennis te kombineer met die nodige teoretiese kundigheid om praktyk gerigte probleme te kan identifiseer, analiseer, evalueer en op te los. Die terapeutiese rekreasie proses kan volg en implementeer binne 'n verskeidenheid situasies. Sensitiewe situasies kan identifiseer, verduidelik, evalueer en eties verantwoordelik kan hanteer binne die lewering van terapeutiese rekreasie dienste. Wetenskaplike navorsingsdata kan insamel, analiseer en interpreteer onder toesig van die literatuur en gevalle studies en die resultate kan gebruik vir positiewe vryetydsfunksionering. 		
Modulekode: RKKX678	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
<p>Titel: Gevorderde fasilitering</p>		
<p>Module-uitkomste:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> omvattende en sistematiese kennis van ervaringsleer demonstreer, asook van die eienskappe en vaardighede waarom 'n fasiliteerder moet beskik; doeltreffend en doelmatige prosesseringsvaardighede te demonstreer om binne die praktyk 'n verskeidenheid van vryetydsprogramme en teikengroepe suksesvol te kan fasiliteer; 'n samehangende en kritiese begrip van die wetenskap, navorsing en tegnologie te toon en die vermoë om dit met die nodige teoretiese kundigheid te kombineer ten einde probleme te identifiseer en op te los; en op 'n etiese verantwoordbare wyse sensitiewe kwessies binne die fasiliteringspraktyk te kan bemeester. 		
<p>Metode van aflewering: Voltyds/kontak. Geen modules word "aanlyn" aangebied of vanaf een kampus aan Studente op ander kampusse verskaf nie.</p>		
<p>Assesseringsmetodes Klastoetse, klasvoordrage en geskrewe en praktiese werkopdragte. Studente skryf 'n finale eksamen na afloop van 'n semester volgens die akademiese rooster, op dieselfde datum en tyd. 'n Tweede eksamengeleentheid sal beskikbaar wees vir studente wat die eerste geleentheid gemis het en/of die eerste eksamengeleentheid nie geslaag het nie.</p>		
<p>Assesseringskriteria</p> <p>Die module uitkomstes is bemeester sodra die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> Volledige en sistematiese kennis van ervaringsleer, vaardighede en karaktertrekke van 'n fasiliteerder, program ontwerp en spesiale populasies kan wys. 'n Verskeidenheid van programme vir 'n verskeidenheid van populasies suksesvol van fasiliteer met effektiewe prosesseringsvaardighede. Deur middel van teoretiese kennis, navorsing en kritiese denke praktiese probleme kan oplos. Rekreasie programme op 'n etiese wyse kan fasiliteer. 		
Modulekode: RKKX679	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
<p>Titel: Vryetydsprogrammering</p>		
<p>Module-uitkomste:</p> <p>Na voltooiing van die uitkomste behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> 'n omvattende en sistematiese kennisbasis en begrip te demonstreer van die handeling van Vryetydsprogrammering, van praktykvoering en van die toepaslike strategieë ten opsigte van optimalisering van vryetydsdienslewering; doeltreffende en doelmatige beplanningsvaardighede te kan toe pas om vryetydsdienslewering en -programme effektief binne 'n verskeidenheid van gemeenskappe en populasies van toepassing te maak; die vermoë te hê om probleme rakende die beplanning en implementing van vryetydsdienslewering te kan identifiseer, analiseer en aan die hand van navorsing en tegnologie, teoriegedrewe oplossings te bied; op 'n etiese verantwoordbare wyse probleme rakende vryetydsprogrammering te kan oplos ten einde 'n bydrae te lewer tot die bevordering van rekreasiedienslewering binne Suid Afrika; en wetenskaplike navorsingsgegewens en data, onder toesig, vanuit die literatuur te kan versamel, analiseer en interpreteer om die resultate te gebruik tot positiewe vryetydsfunksionering. 		
<p>Metode van aflewering: Voltyds/kontak. Geen modules word "aanlyn" aangebied of vanaf een kampus aan Studente op ander kampusse verskaf nie.</p>		
<p>Assesseringsmetodes:</p> <p>Geskrewe klastoetse in die verskillende studie eenhede, groepwerk aktiwiteite, onvoorbereide klastoetse, mondelinge voordrage (van artikels) en bespreking van verskeie studie eenhede by wyse van klasbetrokkenheid. Finale teoretiese eksamen.</p>		

Assesseringskriteria		
Die uitkomstes is bemeester wanneer die student die volgende kan doen;		
<ul style="list-style-type: none"> Die vermoë demonstreeer om toepaslike strategieë te kan gebruik om vryetydsprogramme te beplan en te organiseer binne 'n vernaderende omgewing, volgens die doel van die agentskap. Vryetydsbehoefes van diverse gemeenskappe kan bepaal en programme kan implementeer wat daardie behoeftes aanspreek, deur middel van deelnemer analises. Teorie kan toepas en 'n program plan kan opstel wat operasionele elemente insluit soos bemarking, registrasie, toesighouding en kostebepaling. Die funksie van plaaslike owerhede kan verduidelik deur middel van analise van die beleide en strukture van vryetydsdienslewering binne die owerhede in 'n Suid-Afrikaanse konteks. Navorsingsdata kan evalueer en die relevante inligting kan toepas om deelnemers se ervaring te optimaliseer. 		
Modulekode: RKKX681	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Toegepaste Rekreasiebestuur		
Module-uitkomstes:		
Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> omvattende en sistematiese kennis van dienslewering en bestuur binne die rekreasie omgewing demonstreeer; doeltreffende en doelmatige bestuursvaardighede te kan toepas tydens die beplanning, organisering en aanbieding van rekreasiedienste; 'n samehangende en kritiese begrip te toon van die wetenskap, navorsing en tegnologie en die vermoë om dit met die nodige teoretiese kundigheid te kan kombineer om so probleme rakende die bestuur van rekreasie dienslewering te kan identifiseer tydens die beplanning, organisering en aanbieding van rekreasiedienste; en op 'n etiese verantwoordbare wyse probleme rakende rekreasiebestuur te kan oplos ten einde 'n bydrae te lewer tot die bevordering van rekreasie binne Suid-Afrika. 		
Metode van aflewering: Voltyds/kontak. Geen modules word "aanlyn" aangebied of vanaf een kampus aan Studente op ander kampusse verskaf nie.		
Assesseringsmetodes:		
Klastoets, werkopdragte en prakties. 'n Finale teoretiese eksamen		
Assesseringskriteria		
Die module uitkomstes is bemeester sodra die student:		
<ul style="list-style-type: none"> die omvattende en sistematiese kennis van dienslewering en bestuur kan toepas binne die rekreasie omgewing doeltreffende en doelmatige bestuursvaardighede te kan toepas tydens die beplanning, organisering en aanbieding van rekreasiedienste. 'n samehangende en kritiese begrip toon van die wetenskap, navorsing en tegnologie en die vermoë om dit met die nodige teoretiese kundigheid te kan kombineer om so probleme rakende die bestuur van rekreasie dienslewering te kan identifiseer tydens die beplanning, organisering en aanbieding van rekreasiedienste; en op 'n etiese verantwoordbare wyse probleme rakende rekreasiebestuur te kan oplos ten einde 'n bydrae te lewer tot die bevordering van rekreasie binne Suid-Afrika. 		
Modulekode: VGHB671	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 8
Titel: Behuising en Gemeenskapsontwikkeling		
Module-uitkomstes:		
Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> uitgebreide en sistematiese kennis van die verbruikerswetenskappe veld met spesialiseer kennis van navorsingsmetodologie en verbruikersgedrag, asook professionele navorsingsmetodologie-praktyk; samehangende en kritiese insig in die teorie, navorsingsmetodologie en tegnieke van verbruikersgedragnavorsing; 'n vermoë om begroonde kritiek te lewer, lopende navorsing te evalueer en deel te neem aan akademiese debatvoering; die vermoë om teorie met praktyk te verbind en omgekeerd – en om epistemologies te dink; Bemeestering van die toepassing van navorsingsmetodes, tegnieke en tegnologieë toepaslik op verbruikerswetenskappe; die vermoë om komplekse verbruikersprobleme en vraagstukke in die werklike lewe te identifiseer, analiseer en aan te spreek, deur op 'n kreatiewe en sistematiese manier gebruik te maak van teorie, navorsingsmetodes en literatuur; gevoerde inligtingsverwerkingsvaardighede deur kritiese analise, sintese en onafhanklike evaluering toe te pas in 'n oorsigartikel en die vermoë om 'n literatuurstudie met begeleiding aan te pak en uit te voer; en die vermoë om die resultate van navorsing (hetsy literatuur of empiries) voor te stel en aan spesialis- en lekegehoore te kommunikeer, met gebruikmaking van akademiese professionele diskoers. 		
Metode van aflewering: Voltyds/Deeltyds – Kontak		
Assesseringsmetodes: Eksaminatore sal aangestel word op grond van NWU beleide en fakulteitsreëls/riglyne		
Assesseringskriteria:		
Studente het die uitkomst bemeester indien hulle kan:		
<ul style="list-style-type: none"> Spesialis kennis te toon om betrokkenheid aan en kritiserende van huidige navorsing en praktyke binne die veld van Verbruikerswetenskappe toe te laat en om aan sistematiese en gedissiplineerde denke omtrent verbruikersgedragverwante sake en strydvrae met spesifieke verwysing na hulle area(s) van spesialisering deel te neem; Intellektuele onafhanklikeheid en gevorderde navorsingsvaardighede, gesofistikeerde kennis en navorsingsmetodologieë tot die oplossing van komplekse, onbekende probleme in die veld van Verbruikerswetenskappe toe te pas en te ontwikkel; Gespesialiseerde probleemoplossingsvaardighede in die identifisering-, konseptualisering-, ontwerp- en implementeringsmetodes van ondersoek te analiseer en toe te pas om komplekse en uitdagende probleme binne 'n veld van Verbruikerswetenskappe met spesifieke verwysing na hulle veld van spesialisering aan te spreek; 'n Strategie vir die verwerking en bestuur van inligting te ontwerp en te implementeer ten einde 'n volledige oorsig van leidende en huidige navorsing in 'n area van verbruikersgedrag en hulle spesialiseringarea uit te voer om betekenisvolle insigte na vore te bring; Aan akademiese- en verbruikersgedragverwante diskoers deel te neem en dit te inisieer om substansiële ideë wat die resultate van die navorsing in 'n area van spesialisering is te rapporteer en te verdedig; Alle aspekte van die navorsingsproses binne komplekse en onvoorspelbare kontekste binne Verbruikerswetenskappe te beplan, te bestuur en te optimaliseer as akademiese leiers en kundiges in die veld van Verbruikerswetenskappe en die onderwerp van spesialisering; en Hoë vlakke van verantwoordelikheid, selfrefleksie en aanpasbaarheid in die eie bestuur van leer en analise toe te pas, asook etiese implikasies van navorsing op sosiaal relevante strydvrae en navorsingsbehoefes in Suid-Afrika te analiseer en te evalueer. 		

Module kode: VPKN874	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 9
Titel: Navorsingsmetodologie (Verpleegkunde)		
Module uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • Spesialiskennis ten toon te stel om toetred tot en kritiek van huidige navorsing en navorsingspraktyke moontlik te maak. • die vermoë om onafhanklike ondersoek te beplan, en om verslaggewing van bevindinge in akademies toepaslike maniere te beplan. • hoë vlakke van verantwoordelikheid, self-refleksiwiteit en aanpasbaarheid, met betrekking tot die konseptualisering en beplanning van navorsing, etiese implikasies van navorsing, en die bepaling van sosiaal relevante kwessies en navorsing moet in Suid-Afrika. 		
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds – Kontak		
Assesseringsmetodes: Semester tests and assignments, including a research proposal. Written examination Formative assessment 40%, summative assessment 60%.		
Assesseringskriteria		
Kandidate het die uitkomst bemeester indien hulle in staat is om:		
<ul style="list-style-type: none"> • Spesialiskennis ten toon te stel om toetred tot en kritiek van huidige navorsing en navorsingspraktyke moontlik te maak. • Intellektuele onafhanklikheid en gevorderde navorsingsvaardighede, toepasbare kennis en navorsingsmetodologieë toe te pas vir die ondersoek van komplekse, onbekende probleme. • Probleemoplossingsvaardighede toe te pas in die identifisering, konseptualisering en ontwerp van 'n navorsingsmetode om komplekse en uitdagende probleme aan te spreek. • 'n Strategie vir die prosessering en bestuur van inligting te ontwerp, om 'n omvattende oorsig van toonaangewende en huidige navorsing uit te voer. • 'n Akademiese diskoers te inisieser en daaraan deel te neem, om die beplanning van navorsing te verdedig. • Alle aspekte van navorsingsprosesse te beplan binne komplekse en onvoorspelbare kontekste. • Hoë vlakke van verantwoordelikheid, self-refleksiwiteit en aanpasbaarheid toe te pas, met betrekking tot die konseptualisering en beplanning van navorsing, en om etiese implikasies van navorsing oor sosiaal-relevante sake en navorsingsbehoefes in Suid-Afrika te analiseer en evalueer. 		
Modulekode: VPPV872	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 9
Titel: Verhandelng (Verpleegkunde)		
Module-uitkomst:		
Na voltooiing van die module behoort die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • spesialiskennis en begrip om om te gaan met navorsing en praktyke in die veld van Verpleegkunde en dit te kritiseer en/of om by te dra tot gedissiplineerde denke oor Verpleegkunde. • 'n vermoë om huidige kennisproduksieprosesse in die veld van Verpleegkunde te evalueer en om toepaslike navorsingsprosesse in die veld van Verpleegkunde te kies. • die vermoë om 'n onafhanklike ondersoek in Verpleegkunde uit te voer, en om hulle bevindinge in akademies toepaslike wyses te rapporteer. • die potensiaal om as akademiese leiers en kundiges in die veld van Verpleegkunde op te tree. • hoë vlakke van verantwoordelikheid, self-refleksiwiteit en aanpasbaarheid, ten opsigte van die etiese implikasies van navorsing, die bepaling van sosiaal-relevante sake en navorsingsbehoefes in Suid-Afrika. 		
Metode van aflewering: Navorsing onder leiding van studieleier gesteun deur navorsingskomitee.		
Assesseringsmetodes: Evaluering deur interne en eksterne eksaminatore volgens die NWU se regulasies.		
Assesseringskriteria		
Kandidate het die uitkomst bemeester indien hulle staat is om:		
<ul style="list-style-type: none"> • Spesialiskennis ten toon stel om toetred tot en kritiek van huidige navorsing en praktyke in die veld van Verpleegkunde moontlik te maak en om toe te tree tot sistematiese en gedissiplineerde denke oor Verpleegkunde-aangeleenthede en sake. • Intellektuele onafhanklikheid en gevorderde navorsingsvaardighede, gesofistikeerde kennis en navorsingsmetodologieë toe te pas en te ontwikkel, vir die oplossing van komplekse, onbekende probleme in die veld van Verpleegkunde. • Gespesialiseerde probleemoplossingsvaardighede te analiseer en toe te pas in die identifisering, konseptualisering, ontwerp en implementering van navorsingsmetodes om komplekse en uitdagende probleme in Verpleeging aan te spreek. • 'n Strategie vir die verwerking en bestuur van inligting te ontwerp en te implementeer, om 'n omvattende oorsig van toonaangewende en huidige navorsing uit te voer om betekenisvolle insigte te genereer. • Toe te tree tot 'n akademiese en Verpleegkundige diskoers en dit te inisieser, om grondige ideë wat die resultate van navorsing in Verpleegkunde is, te rapporteer en verdedig. • As akademiese leiers en kundiges in die veld van Verpleegkunde alle aspekte van navorsingsprosesse te beplan, bestuur en optimaliseer binne komplekse en onvoorspelbare kontekste in Verpleeging. • Hoë vlakke van verantwoordelikheid, self-refleksiwiteit en aanpasbaarheid toe te pas in eie bestuur van leer en om etiese implikasies van navorsing oor sosiaal-relevante sake en navorsingsbehoefes in Suid-Afrika te analiseer en evalueer. 		

DOKTORSGRADE

Modulekode: BHIG971	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 10
Titel: Proefskrif (Beroepshigiëne)		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • in-diepte kennis en gevorderde teoretiese begrip van 'n komplekse en gespesialiseerde area binne die veld van Beroepshigiëne en/of oor gespesialiseerde of toegepaste areas; die vermoë om bestaande kennis in die veld Beroepshigiëne uit te brei of te herdefinieer; • intellektuele onafhanklikheid en gevorderde navorsingsvaardighede deur die vermoë om gesofistikeerde kennis en navorsingsmetodologieë toe te pas om oplossings vir gekompliseerde, onbekende probleme in die veld van Beroepshigiëne te vind en die bevoegdheid om teoretiese kennis en navorsingsbevindinge binne plaaslike en globale kontekste te integreer en toe te pas; • die vermoë om die grense van bestaande kennis en praktyke in die veld van Beroepshigiëne te bevraagteken; • die vermoë om kompleksiteit, gapings en teenstrydighede in die kennisbasis van Beroepshigiëne te hanteer; • die vermoë om baie abstrakte inligting en konsepte outonoom en onafhanklik te kan beoordeel, en onafhanklik gegenereerde kriteriums te gebruik om evaluering te doen; • bemeestering van die literatuur en die stand van navorsing oor Beroepshigiëne; • navorsingsleierskap binne Beroepshigiëne en oor dissiplines heen om alle aspekte van navorsingsprosesse binne komplekse, onvoorspelbare kontekste te optimaliseer; • hoë vlakke van verantwoordelikheid, self-refleksie, en aanpasbaarheid wat betref die etiese implikasies van navorsing, die bepaling van maatskaplik relevante kwessies en navorsingsbehoefes in Suid-Afrika, en die vermoë om hierdie kwessies internasionaal te kan kontekstualiseer. 		
Metode van aflewering: Voltyds / Deeltyds– Kontak		
<p>Assesseringsmetodes:</p> <p>Evaluering deur interne en eksterne eksaminatore volgens die NWU se regulasies.</p>		
<p>Assesseringskriteria</p> <p>Studente het die uitkomst bemeester indien hulle in staat is om:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kritieke kennis en gevorderde teoretiese begrip in 'n komplekse, gespesialiseerde area binne die veld van Beroepshigiëne en/of oor gespesialiseerde of toegepaste areas te genereer en te demonstree en 'n oorspronklike bydrae tot die kennisgemeenskap van Beroepshigiëne te lewer; • intellektuele onafhanklikheid en gevorderde navorsingsvaardighede, gesofistikeerde kennis en navorsingsmetodologieë toe te pas en te ontwikkel ten einde komplekse, onbekende probleme in die veld van Beroepshigiëne op te los; met bevoegdheid teoretiese kennis en navorsingsbevindinge binne relevante plaaslike en globale kontekste sowel as oor dissiplines heen toe te pas; • bestaande kennisgrense en praktyke in die veld van Beroepshigiëne te kan sintetiseer, evalueer en bevraagteken en oplossings op probleme te vind wat bestaande kennis uitbrei of herdefinieer; • komplekse gapings en teenstrydighede in die kennisbasis van Beroepshigiëne te ontleed; • hoogs abstrakte inligting en konsepte te genereer, sintetiseer en evalueer en betroubare evaluering op grond van onafhanklik gegenereerde kriteriums te doen; • bemeestering van literatuur te demonstree deur beduidende, onafhanklike, diepgaande en publiseerbare werk te produseer wat aan internasionale standarde voldoen en 'n wesenlike bydrae tot Beroepshigiëne lewer; • alle aspekte van navorsingsprosesse binne komplekse, onvoorspelbare kontekste in die veld van Beroepshigiëne te beplan, vind, bestuur en optimaliseer; • hoë vlakke van verantwoordelikheid, self-refleksie en aanpasbaarheid in bestuur van eie leerproses te demonstree en etiese implikasies van navorsing op maatskaplik relevante kwessies en navorsingsbehoefes in Suid-Afrika en die wêreld te analiseer en evalueer. 		
Modulekode: NUTD971	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 10
Titel: Proefskrif (Dietkunde)		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • In-diepte kennis en gevorderde teoretiese begrip van 'n komplekse en gespesialiseerde area binne die veld van Dietkunde en/of oor gespesialiseerde of toegepaste areas; die vermoë om bestaande kennis in die veld van Dietkunde uit te brei of te herdefinieer; • Intellektuele onafhanklikheid en gevorderde navorsingsvaardighede deur die vermoë om gesofistikeerde kennis en navorsingsmetodologieë toe te pas om oplossings vir gekompliseerde, onbekende probleme in die veld van Dietkunde te vind en die bevoegdheid om teoretiese kennis en navorsingsbevindinge binne plaaslike en globale kontekste te integreer en toe te pas; • Die vermoë om die grense van bestaande kennis en praktyke in die veld van Dietkunde te bevraagteken; • Die vermoë om kompleksiteit, gapings en teenstrydighede in die kennisbasis van Dietkunde te hanteer; • Die vermoë om baie abstrakte inligting en konsepte outonoom en onafhanklik te kan beoordeel, en onafhanklik gegenereerde kriteriums te gebruik om evaluering te doen; • Bemeestering van die literatuur en die stand van navorsing oor Dietkunde; • Navorsingsleierskap binne Dietkunde of oor dissiplines heen om alle aspekte van navorsingsprosesse binne 		

<p>komplekse, onvoorspelbare kontekste te optimaliseer;</p> <ul style="list-style-type: none"> • Hoë vlakke van verantwoordelikheid, self-refleksie, en aanpasbaarheid wat betref die etiese implikasies van navorsing, die bepaling van maatskaplik relevante kwessies en navorsingsbehoefes in Suid-Afrika, en die vermoë om hierdie kwessies internasionaal te kan kontekstualiseer. 		
<p>Metode van aflewering: Voltyds/Deeltyds – Kontak/Afstand</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Evaluering deur interne en eksterne eksaminatore volgens die NWU se regulasies.</p>		
<p>Assesseringskriteria Studente het die uitkomst bemeester indien hulle in staat is om</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kritieke kennis en gevorderde teoretiese begrip in 'n komplekse, gespesialiseerde area binne die veld van Dieetkunde en/of oor gespesialiseerde of toegepaste areas te genereer en te demonstreer en 'n oorspronklike bydrae tot die kennissameenskap van Dieetkunde te lewer; • Intellektuele onafhanklikheid en gevorderde navorsingsvaardighede, gesofistikeerde kennis en navorsingsmetodologieë toe te pas en te ontwikkel ten einde komplekse, onbekende probleme in die veld van Dieetkunde op te los; met bevoegdheid teoretiese kennis en navorsingsbevindinge binne relevante plaaslike en globale kontekste sowel as oor dissiplines heen toe te pas; • Bestaande kennisgrense en praktyke in die veld van Dieetkunde te kan sintetiseer, evalueer en bevraagteken en oplossings op probleme te vind wat bestaande kennis uitbrei of herdefinieer; • komplekse gapings en teenstrydighede in die kennisbasis van Dieetkunde te ontleed; • Hoogs abstrakte inligting en konsepte te genereer, sintetiseer en evalueer en betroubare evaluering op grond van onafhanklik gegeneerde kriteria's te doen; • Bemeestering van literatuur te demonstreer deur beduidende, onafhanklike, diepgaande en publseerbare werk te produseer wat aan internasionale standaarde voldoen en 'n wesenlike bydrae tot Dieetkunde lewer; • Alle aspekte van navorsingsprosesse binne komplekse, onvoorspelbare kontekste in die veld van Dieetkunde te beplan, vind, bestuur en optimaliseer. • Hoë vlakke van verantwoordelikheid, self-refleksie en aanpasbaarheid in bestuur van eie leerproses te demonstreer en etiese implikasies van navorsing op maatskaplik relevante kwessies en navorsingsbehoefes in Suid-Afrika en die wêreld te analiseer en evalueer. 		
Modulekode: NUTN971	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 10
<p>Titel: Proefskrif (Voeding)</p>		
<p>Module-uitkomst: Na voltooiing van die module behoort die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • In-diepte kritiese kennis en hoë vlakke van teoretiese begrip in 'n komplekse, en gespesialiseerde area in die veld van Voeding en/of oor gespesialiseerde of toegepaste areas en uitbreiding of verfyning van bestaande kennis in die veld van Voeding. • intellektuele onafhanklikheid en gevorderde navorsingsvaardighede deur gesofistikeerde kennis en navorsingsmetodologie toe te pas en sodoende komplekse en onbekende probleme in die veld van Voeding op te los. • die vermoë om teoretiese kennis en navorsingsbevindinge te integreer en toe te pas in plaaslike en internasionale kontekste. • die vermoë om bestaande kennisgrense en praktyke in die veld van Voeding te bevraagteken. • die vermoë om met kompleksiteit, leemtes en teenstrydighede binne die kennisbasis van die veld van Voeding om te gaan. • outonome onafhanklike uitspraaklewering oor inligting en konsepte op hoogs abstrakte vlakke en evaluering op grond van onafhanklike gegeneerde kriteria's. • bemeestering van literatuur en die toestand van navorsing in 'n spesifieke area. • navorsingsleierskap in 'n spesifieke veld of oor dissiplines heen om alle aspekte van die navorsingsproses in komplekse en onvoorspelbare kontekste te optimaliseer. • hoë vlakke van verantwoordelikheid, self-refleksie en aanpasbaarheid ten opsigte van die etiese implikasies van navorsing, die bepaling van sosiaal relevante sake en navorsingsbehoefes in Suid-Afrika en die vermoë om hierdie sake te verbind met 'n internasionale konteks. 		
<p>Metode van aflewering: Voltyds/Deeltyds – Kontak</p>		
<p>Assesseringsmetodes: Evaluering deur interne en eksterne eksaminatore volgens die NWU se regulasies.</p>		
<p>Assesseringskriteria Studente het die uitkomst bemeester indien hulle in staat is om</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kritieke kennis en gevorderde teoretiese begrip in 'n komplekse, gespesialiseerde area binne die veld van Voeding en/of oor gespesialiseerde of toegepaste areas te genereer en te demonstreer en 'n oorspronklike bydrae tot die kennissameenskap van Voeding te lewer; • Intellektuele onafhanklikheid en gevorderde navorsingsvaardighede, gesofistikeerde kennis en navorsingsmetodologieë toe te pas en te ontwikkel ten einde komplekse, onbekende probleme in die veld van Voeding op te los; met bevoegdheid teoretiese kennis en navorsingsbevindinge binne relevante plaaslike en globale kontekste sowel as oor dissiplines heen toe te pas; • Bestaande kennisgrense en praktyke in die veld van Voeding te kan sintetiseer, evalueer en bevraagteken en oplossings op probleme te vind wat bestaande kennis uitbrei of herdefinieer; 		

- komplekse gapings en teenstrydighede in die kennisbasis van Voeding te ontleed;
- Hoogs abstrakte inligting en konsepte te genereer, sintetiseer en evalueer en betroubare evaluerings op grond van onafhanklik gegengereerde kriteria's te doen;
- Bemeestering van literatuur te demonstreeer deur beduidende, onafhanklike, diepgaande en publseerbare werk te produseer wat aan internasionale standaarde voldoen en 'n wesenlike bydrae tot Voeding lewer;
- Alle aspekte van navorsingsprosesse binne komplekse, onvoorspelbare kontekste in die veld van Voeding te beplan, vind, bestuur en optimaliseer.
- Hoë vlakke van verantwoordelikeid, self-refleksie en aanpasbaarheid in bestuur van eie leerproses te demonstreeer en etiese implikasies van navorsing op maatskaplik relevante kwessies en navorsingsbehoefes in Suid-Afrika en die wêreld te analiseer en evalueer.

Modulekode: FCHG971

Semester 1 en 2

NKR-Vlak:10

Titel: Proefskrif (Farmaseutiese Chemie)

Module-uitkomst:

Na voltooiing van hierdie module behoort die student:

- kundigheid en kritiese kennis van 'n gespesialiseerde veld binne Farmaseutiese Chemie;
- die vermoë om nuwe navorsingsinisiatiewe te konseptualiseer binne 'n spesialisveld in Farmaseutiese Chemie met die oog op generering van nuwe kennis om konteks-spesifieke uitdagings te oorkom;
- die vermoë om betekenisvolle bydrae tot vakkundige debatte rondom teorieë en prosesse van kennisproduksie in Farmaseutiese Chemie te maak;
- die vermoë om nuwe metodes te ontwikkel binne 'n spesialisveld van Farmaseutiese Chemie;
- die vermoë om spesialiskennis toe te pas of te implementeer en kritiese, kreatiewe en uitnemende maniere te gebruik om komplekse praktiese en teoretiese probleme in 'n spesialisveld van Farmaseutiese Chemie op te los;
- die vermoë om 'n geskikte navorsingsprobleem te identifiseer, af te baken en krities te analiseer om sodoende 'n komplekse navorsingsprobleem aan te spreek binne 'n spesialisveld in Farmaseutiese Chemie;
- die vermoë om inligting te analiseer, prosesseer, evalueer en te bestuur of saam te stel met die oog op ontwikkeling van beduidende insigte in nuwe, komplekse en abstrakte inligting in 'n spesialisgebied in Farmaseutiese Chemie;
- die vermoë om 'n geskikte navorsingontwerp te beplan en uit te voer, volledig met geskikte data-analise metodes om 'n effektiewe oplossing te vind vir komplekse navorsingsprobleme en daardeur op 'n betekenisvolle manier by te dra tot 'n spesialisveld in Farmaseutiese Chemie;
- die vermoë om etiese kwessies te identifiseer, te spesifiseer, aan te spreek en te bestuur en om prosesse van etiese besluitneming te beklemtoon/verbeter insluitend die monitering en evaluering van die gevolge van die besluite waar van toepassing;
- die vermoë om substansiële, onafhanklike en in-diepte publseerbare werk te produseer wat aan internasionale standaarde voldoen en wat deur eweknie kundiges as innoverend beskou word en wat 'n betekenisvolle bydrae lewer tot 'n spesialisveld in Farmaseutiese Chemie;
- die vermoë om 'n kommunikasiestrategie te ontwikkel, uit te voer en te versprei asook om navorsingsbevindings te verdedig vir spesialis en nie-spesialis gehore en te implementeer deur gebruik te maak van akademiese en professionele diskoers;
- 'n kritiese en gevorderde begrip te verkry van die teoretiese onderbou van die bestuur van komplekse sisteme om sistematiese verandering, en die vermoë om onafhanklik die verandering in 'n sisteem te ontwerp, voort te bou en te bestuur.

Metode van aflewering: Voltyds/deeltyds-kontak

Assesseringsmetodes:

Evaluering deur interne en eksterne eksaminatore volgens die NWU se regulasies.

Assesseringskriteria

Die student sal bewys dat hy/sy die module uitkomst bemeester het indien hy/sy:

- kundigheid en kritiese kennis van 'n gespesialiseerde veld binne Farmaseutiese Chemie verkry het;
- nuwe navorsingsinisiatiewe kan konseptualiseer binne 'n spesialisveld in Farmaseutiese Chemie met die oog op generering van nuwe kennis om konteks-spesifieke uitdagings te oorkom;
- 'n betekenisvolle bydrae tot vakkundige debatte rondom teorieë en prosesse van kennisproduksie in Farmaseutiese Chemie kan maak;
- nuwe metodes kan ontwikkel binne 'n spesialisveld van Farmaseutiese Chemie;
- spesialiskennis kan toepas of implementeer en kritiese, kreatiewe en uitnemende maniere gebruik om komplekse praktiese en teoretiese probleme in 'n spesialisveld van Farmaseutiese Chemie op te los;
- 'n geskikte navorsingsprobleem kan identifiseer, afbaken en krities analiseer om sodoende 'n komplekse navorsingsprobleem aan te spreek binne 'n spesialisveld in Farmaseutiese Chemie;
- inligting kan analiseer, prosesseer, evalueer en bestuur of saamstel met die oog op ontwikkeling van beduidende insigte in nuwe, komplekse en abstrakte inligting in 'n spesialisgebied in Farmaseutiese Chemie;
- 'n geskikte navorsingontwerp kan beplan en uitvoer, volledig met geskikte data-analise metodes om 'n effektiewe oplossing te vind vir komplekse navorsingsprobleme en daardeur op 'n betekenisvolle manier by te dra tot 'n spesialisveld in Farmaseutiese Chemie;
- etiese kwessies kan identifiseer, spesifiseer, adresseer en bestuur en om prosesse van etiese besluitneming te verhoog insluitend die monitering en evaluering van die gevolge van die besluite waar van toepassing;

<ul style="list-style-type: none"> • substansiële, onafhanklike en in-diepte publieerbare werk kan produseer wat aan internasionale standaarde voldoen en wat deur eweknie kundiges as innoverend beskou word en wat 'n betekenisvolle bydrae kan lewer tot 'n spesialisveld in Farmaseutiese Chemie; • 'n kommunikasiestrategie kan ontwikkel en uitvoer en versprei asook om navorsingsbevindings te kan verdedig voor spesialis en nie-spesialis gehore en implementeer deur gebruik te maak van akademiese en professionele diskoers; • 'n kritiese en gevorderde verstaan het van die teoretiese onderbou van die bestuur van komplekse sisteme om sistematiese verandering te verkry, en om onafhanklik die verandering in 'n sisteem te onderhou en te bestuur. 		
Modulekode: FMSG971	Semester 1 en 2	NKR-Vlak:10
Titel: Proefskrif (Farmaseutika)		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module demonstreer die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kundigheid en kritiese kennis van 'n gespesialiseerde veld binne Farmaseutika. • die vermoë om nuwe navorsingsinisiatiewe te konseptualiseer binne a spesialisveld in Farmaseutika met die oog op generering van nuwe kennis om konteks-spesifieke uitdagings te oorkom. • die vermoë om betekenisvolle bydrae tot vakkundige debatte rondom teorieë en prosesse van kennisproduksie in Farmaseutika te maak. • die vermoë om nuwe metodes te ontwikkel binne 'n spesialisveld van Farmaseutika. • die vermoë om spesialiskennis toe te pas of te implementeer en kritiese, kreatiewe en uitnemende maniere gebruik om komplekse praktiese en teoretiese probleme in 'n spesialisveld van Farmaseutika op te los. • die vermoë om 'n geskikte navorsingsprobleem te identifiseer, af te baken en krities te analiseer om sodoende 'n komplekse navorsingsprobleem aan te spreek binne 'n spesialisveld in Farmaseutika. • die vermoë om inligting te analiseer, prosesseer, evalueer en te bestuur of saam te stel met die oog op ontwikkeling van beduidende insigte in nuwe, komplekse en abstrakte inligting in 'n spesialisgebied in Farmaseutika. • die vermoë om 'n geskikte navorsingsontwerp te beplan en uit te voer, volledig met geskikte data-analise metodes om 'n effektiewe oplossing te vind vir komplekse navorsingsprobleme en daardeur by te dra op 'n betekenisvolle manier tot 'n spesialisveld in Farmaseutika. • die vermoë om etiese kwessies te identifiseer, te spesifiseer, te adresseer en te bestuur en om prosesse van etiese besluitneming te verhoog insluitend die monitering en evaluering van die gevolge van die besluite waar van toepassing. • die vermoë om substansiële, onafhanklike en in-diepte publieerbare werk te produseer wat aan internasionale standaarde voldoen en wat deur eweknie kundiges as innoverend beskou word en wat 'n betekenisvolle bydrae lewer tot 'n spesialisveld in Farmaseutika. • die vermoë om 'n kommunikasiestrategie te ontwikkel en uit te voer en te versprei asook om navorsingsbevindings te verdedig voor spesialis en nie-spesialis gehore en te implementeer deur gebruik te maak van akademiese en professionele diskoers. • 'n kritiese en gevorderde verstaan van teoretiese onderbou van die bestuur van komplekse sisteme om sistematiese verandering te verkry, en die vermoë om onafhanklik die verandering in 'n sisteem te onderhou en te bestuur. 		
Metode van aflewering: Voltyds/deeltyds-kontak		
<p>Assesseringsmetodes:</p> <p>Evaluering deur interne en eksterne eksaminatore volgens die NWU se regulasies.</p>		
<p>Assesseringskriteria</p> <p>Die student sal bewys dat hy/sy die module uitkomst bemeester het indien hy/sy:</p> <ul style="list-style-type: none"> • kundigheid en kritiese kennis van 'n gespesialiseerde veld binne Farmaseutika verkry het. • nuwe navorsingsinisiatiewe kan konseptualiseer binne a spesialisveld in Farmaseutika met die oog op generering van nuwe kennis om konteks-spesifieke uitdagings te oorkom. • 'n betekenisvolle bydrae tot vakkundige debatte rondom teorieë en prosesse van kennisproduksie in Farmaseutika kan maak. • nuwe metodes kan ontwikkel binne 'n spesialisveld van Farmaseutika. • spesialiskennis kan toepas of implementeer en kritiese, kreatiewe en uitnemende maniere gebruik om komplekse praktiese en teoretiese probleme in 'n spesialisveld van Farmaseutika op te los. • 'n geskikte navorsingsprobleem kan identifiseer, afbaken en krities analiseer om sodoende 'n komplekse navorsingsprobleem aan te spreek binne 'n spesialisveld in Farmaseutika. • inligting kan analiseer, prosesseer, evalueer en bestuur of saamstel met die oog op ontwikkeling van beduidende insigte in nuwe, komplekse en abstrakte inligting in 'n spesialisgebied in Farmaseutika. • 'n geskikte navorsingsontwerp kan beplan en uitvoer, volledig met geskikte data-analise metodes om 'n effektiewe oplossing te vind vir komplekse navorsingsprobleme en daardeur by te dra op 'n betekenisvolle manier tot 'n spesialisveld in Farmaseutika. • etiese kwessies kan identifiseer, spesifiseer, adresseer en bestuur en om prosesse van etiese besluitneming te verhoog insluitend die monitering en evaluering van die gevolge van die besluite waar van toepassing. • substansiële, onafhanklike en in-diepte publieerbare werk kan produseer wat aan internasionale standaarde voldoen en wat deur eweknie kundiges as innoverend beskou word en wat 'n betekenisvolle bydrae kan lewer 		

<p>tot 'n spesialisieveld in Farmaseutika.</p> <ul style="list-style-type: none"> • 'n kommunikasiestrategie kan ontwikkel en uitvoer en versprei asook om navorsingsbevindings te kan verdedig voor spesialis en nie-spesialis gehore en implementeer deur gebruik te maak van akademiese en professionele diskoers. • 'n kritiese en gevorderde verstaan het van die teoretiese onderbou van die bestuur van komplekse sisteme om sistematiese verandering te verkry, en om onafhanklik die verandering in 'n sisteem te onderhou en te bestuur. 		
Modulekode: FKL971	Semester 1 en 2	NKR-Vlak:10
Titel: Proefskrif (Farmakologie)		
<p>Module-uitkomst:</p> <p>Na voltooiing van hierdie module demonstreer die student:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Kundigheid en kritiese kennis van die veld/praktyk van die spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek; • Vermoë om nuwe navorsings inisiatiewe te konseptualiseer in die spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek met die doel om nuwe kennis/praktyke te genereer om konteks-spesifieke probleme op te los; • Vermoë om betekenisvolle bydraes te maak oor vakkundige debat rondom die teorie en prosesse van kennisvoortlegging in die spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek; • Vermoë om nuwe metodes en tegnieke te ontwikkel van toepassing tot die spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek in oorspronklike/kreatiewe/innoverende maniere toegepaslik tot die spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek; • Vermoë om spesialis kennis in teorie toe te pas/implementeer volgens kritiese self-evaluerende, kreatiewe en nuwe maniere om die spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek aan te spreek; • Vermoë om 'n toepaslike navorsingsprobleem te identifiseer, af te baken en krities te analiseer om 'n komplekse probleem van toepassing tot die spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek aan te spreek; • Vermoë om relevante informasie/kennis/data te analiseer, prosesseer, bestuur/sintetiseer met die doel om betekenisvolle nuwe oorspronklike kennis en insig te ontwikkel tot nuwe abstrak ideë/informasie/aangeleenthede relevant tot die spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek; • Vermoë om 'n toegepaste navorsingsontwerp te formuleer/ontwikkel/beplan en in werking te stel, saam met toepaslike metodes vir navorsing en data analise om sodoende 'n komplekse navorsingsprobleem aan te spreek, 'n hipotese te toets, of 'n oplossing te vind vir die probleem, om sodoende 'n betekenisvolle bydrae te maak tot die teorie/praktyk van die spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek; • Vermoë om ontluikende etiese aangeleenthede te identifiseer, aan te spreek en te bestuur, en om die prosesse van etiese besluitneming te bevorder, insluitend die monitering en evaluasie van die nagevolge van hierdie besluitneming; • Vermoë om substantiewe, oorspronklike, in-diepte en publieerbare werk te produseer wat internasionale standaarde handhaaf, wat aanvaarbaar is as nuut of innoverend deur eweknieë, en maak 'n betekenisvolle bydrae tot die spesialisasie geld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek; • Vermoë om 'n kommunikasiestrategie te ontwikkel en toe te pas en om navorsings bevindinge/strategieë/ te verdedig, asook die implementering van laasgenoemde aan spesialis en nie-spesialis gehore met die gebruikmaking van alle akademiese, professionele en beroeps- verwante hulpmiddele; • Vermoë om komplekse sisteme op 'n kritiese en gevorderde manier en met die kennis van teoretiese ondersteuning sodoende veranderinge aan te bring; en die vermoë om onafhanklik veranderinge te ontwerp, onderhou en te bestuur binne 'n sisteem of sisteme in die spesialisasie- veld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek. 		
Metode van aflewering: Voltyds/deeltyds-kontak –		
Assesseringsmetodes:		
Evaluering deur interne en eksterne eksaminatore volgens die NWU se regulasies		
Assesseringskriteria		
Die student sal bewys dat hy/sy die module uitkomst bemeester het indien hy/sy:		
<ul style="list-style-type: none"> • Vertoon kritiese kennis op 'n hoë teoretiese vlak binne 'n kompleks en gespesialiseerde area in die spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek en/of tussen gespesialiseerde of toegepaste areas en om 'n oorspronklike bydrae te maak tot die sosiale omgewing in die spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek; • Vertoon intellektuele onafhanklikheid en gevorderde navorsingsvaardighede, gesofistikeerde kennis van navorsingsmetodologie tot die oplossing van komplekse, ongewone probleme in die spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek; • Vertoon vermoë om teoretiese kennis te integreer en toe te pas, asook navorsings bevindinge binne relevante plaaslike en globale kontekste, asook tussen dissiplines, saam te vat; • Vertoon die vermoë om bestaande kennis en praktyke te sintetiseer, evalueer en te bevraagteken in die spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek en om te reageer op probleme wat huidige kennis uitbrei of herdefinieer; • Vertoon die vermoë om tekortkominge en teenstrydighede in algemene vakkennis te analiseer in die 		

spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek;		
<ul style="list-style-type: none"> • Vertoon die vermoë om informasie en konsepte op hoogs abstrakte vlakke te genereer, sintetiseer en evalueer, en om sterk gefondeerde evaluasies te maak gebaseer op ideë wat onafhanklike gegeneer is; • Vertoon kundigheid van die literatuur deur om oorspronklike insigte te gee oor nuwe en komplekse ideë, informasie en aangeleenthede; • Beplanning, hulpmiddele, bestuur en optimiseer alle aspekte van die navorsingsproses binne komplekse en onvoorspelbare kontekste in die spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek; • Vertoon die vermoë om 'n hoë vlak van verantwoordelikheid, self-evaluering en introspeksie toe te pas in selfbestuur van studie in die spesialisasieveld binne farmakologie volgens die navorsingsprojek; • Vertoon die vermoë om etiese implikasies van navorsing te analiseer en te evalueer op sosiale relevante vraagstukke en navorsings in Suid Afrika; • Vertoon die vermoë om bogenoemde vraagstukke te bekyk en vergelyk in 'n internasionale konteks. 		
Modulekode: FPKG971	Semester 1 en 2	NKR-Vlak:10
Titel: Proefskrif (Farmasiepraktyk)		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module beskik die student oor:		
<ul style="list-style-type: none"> • gevorderde kundigheid en kritiese kennis van Farmasiepraktyk beskik om nuwe navorsingsinisiatiewe te konseptualiseer en nuwe kennis te genereer of praktyke te vestig; • die vermoë beskik om 'n betekenisvolle bydrae te lewer tot die vakkundige debat rakende teorieë en prosesse waardeur kennis in Farmasiepraktyk gegeneer kan word; • die vermoë beskik om nuwe metodes, tegnieke, prosesse, sisteme of tegnologieë op oorspronklike, kreatiewe en innoverende maniere toepaslik vir Farmasiepraktyk te ontwikkel; • kundigheid beskik om 'n toepaslike navorsingsprojek te formuleer, te ontwikkel en te beplan met toepaslike data-ontledingstegnieke in 'n poging om 'n komplekse Farmasiepraktyk-navorsingsprobleem aan te spreek en 'n doeltreffende oplossings daarvoor te vind; • die vermoë beskik om praktykgerigte etiese kwessies te identifiseer, aan te spreek en te bestuur deur middel van gevorderde besluitnemings-, moniterings- en evalueringsprosesse; • die vermoë beskik om in-diepte en publiserbare werke te produseer wat aan internasionale standaarde voldoen wat ? betekenisvolle bydrae tot die vakgebied Farmasiepraktyk lewer; • die vermoë beskik om 'n kommunikasiestrategie te ontwikkel en te implementeer om navorsingsresultate aan enige gehoor te verduidelik en te verdedig; • diepgaande teoretiese onderbou beskik van faktore wat 'n invloed op die bestuur van komplekse gesondheid- en farmasie-etiese sisteme het met die oog op verandering in daardie sisteme, en oor die vermoë beskik om die genoemde verandering selfstandig te bewerkstellig, in stand te hou en te bestuur; • intellektuele onafhanklikheid, navorsingsleierskap, bestuur van navorsing en navorsingsontwikkeling in 'n dissipline, veld of praktyk; en • die vermoë beskik om onafhanklik te funksioneer en volle verantwoordelikheid te neem vir eie werk en, waar toepaslik, toesig te hou oor en volle verantwoordelikheid te neem vir die algehele bestuur van navorsingsprosesse of -sisteme. 		
Metode van aflewering: Voltyds/deeltyds-kontak – Daar word van studente verwag om 'n proefskrif te skryf onder die leiding van 'n promotor		
Assesseringsmetodes: Evaluering deur interne en eksterne eksaminatore volgens die NWU se regulasies		
Assesseringskriteria Student het die uitkomst bereik indien hy/sy		
<ul style="list-style-type: none"> • oor gevorderde en kritiese kennis beskik en 'n hoë vlak van teoretiese insig in die vakgebied Farmasiepraktyk het; • 'n oorspronklik bydrae kan lewer tot vakkundige kennis en beleide rakende Farmasiepraktyk; • 'n nuwe, relevante navorsingsvraag binne die bepaalde navorsingsveld van Farmasiepraktyk kan identifiseer; • 'n gepaste kwantitatiewe en/of kwalitatiewe navorsingsprojek op 'n wetenskaplike en etiese wyse kan beplan en uitvoer deur van gepaste navorsingsmetodes, -tegnieke en -prosedures gebruik te maak; • navorsingsresultate op 'n wetenskaplik-verantwoordbare wyse kan interpreteer, integreer en 'n proefskrif daaruit kan saamstel wat aan internasionale standaarde voldoen; • navorsingsresultate op 'n wetenskaplike en etiese wyse skriftelik en mondelings aan enige gehoor kan verduidelik en verdedig; en • as 'n onafhanklike leier in Farmasiepraktyk-navorsing kan optree. 		
Modulekode: MBWK971	Semester 1 en 2	NKR-Vlak:10
Titel: Proefskrif: Menslike Bewegingskunde		
Module-uitkomst: Na voltooiing van hierdie module demonstreer die student:		
<ul style="list-style-type: none"> • in diepte kritiese kennis en 'n hoë vlak van teoretiese onderbou in komplekse en gespesialiseerde areas binne die terrein van Menslike Bewegingskunde, asook/of tussen gespesialiseerde of toegepaste terreine kan uitbou of herdefiniëring van die bestaande kennis binne die veld van Menslike Bewegingskunde het • intellektueel onafhanklik en gevorderde navorsingsvaardighede besit met die vermoë om gesofistikeerde 		

kennis en navorsingsmetodologie toe te pas om oplossings vir komplekse, en/of onbekende probleme in die terrein van Menslike Bewegingskunde te kan toepas tesame met die vermoë om teoretiese kennis en navorsingsbevindings op 'n geïntegreerde en toepaslike wyse binne die plaaslike en globale konteks te kan uitvoer en die bestaande kennis en praktyke binne Menslike Bewegingskunde te bevraagteken terwyl komplekse leemtes en kontradiksies in die terrein van Menslike Bewegingskunde aangespreek word.

- outonome en onafhanklike oordeel en interpretering kan maak omtrent inligting en konsepte wat abstrak is gebaseer op onafhanklike ingesamelde kriteria's.
- 'n meester is op die gebied van literatuur en die nuutste navorsing in die spesifieke area van studie
- 'n uitnemende begrip van sy/haar eie proefskrif het om die navorsing te verdedig in die teenwoordigheid van spesialiste en nie-spesialiste deur gebruik te maak van alle bronne wat verband hou met akademiese, professionele en werksverband.
- leierskap in navorsing toon in die terrein en oor vakdisiplines om alle aspekte van die navorsingsprosesse te optimaliseer binne 'n komplekse en onvoorspelbare konteks.
- hoë vlakke van selfverantwoordelikheid, selfrefleksie en aanpasbaarheid toon in terme van die etiese implikasies verbonde aan navorsing, verseker dat navorsing sosiaal relevant is en die behoeftes van Suid-Afrikaanse konteks in ag te neem en van toepassing te maak op internasionale vlak.

Metode van aflewering: Voltyds/kontak

Assesseringsmetodes:

Evaluering deur interne en eksterne eksaminatore volgens die NWU se regulasies.

Assesseringskriteria

Student het die uitkomst bereik indien hy/sy:

- Kritiese kennis en hoë vlakke van teoretiese begrip in 'n komplekse en spesialis area in die gebied van Menslike Bewegingskunde en/of oor spesialis of toegepaste areas binne Menslikebewegingskunde en die oorspronklike bydrae tot die kennisveld van Menslikebewegingskunde;
- Die toepassing en ontwikkeling van intellektueel onafhanklikheid en gevorderde navorsingsvaardighede, gesofistikeerde kennis en navorsingsmetodologieë om oplossings vir komplekse, onbekende probleme in die veld van Menslike bewegingskunde te vind en die vermoë om teoretiese kennis te integreer en toe te pas saam met navorsingskennis en bevindings ten opsigte van relevante plaaslike en globale konteks asook tussen dissiplines;
- Die vermoë om bestaande kennis te sintetiseer, evalueer en te bevraagteken ten opsigte van bestaande grense en praktyke in die veld van Menslikebewegingskunde en om terugvoering te gee op probleme wat die bestaande kennis ontplooi of uitbrei;
- Toon die ontleding van komplekse leemtes en teenstrydighede in die kennis van Menslikebewegingskunde;
- Die vermoë om inligting te genereer, sintetiseer en evalueer te same met konsepte oop hoogs abstrakte vlak en gegronde evaluasies te maak op onafhanklik gestelde kriteria's;
- Bemeestering van die literatuur deur die produsering van oorspronklike insigte in nuwe komplekse ideë, inligting en konsepte in Menslikebewegingskunde;
- Verdediging van eie navorsings tesis deur 'n mondeling eksamen in die teenwoordigheid van spesialiste en nie-spesialiste deur gebruik te maak van die bronne beskikbaar deur akademiese, professionele en beroepsgerigte diskoers in die veld van Menslikebewegingskunde;
- Beplan, bekom bronne, bestuur en optimaliseer alle aspekte van navorsingsprosesse binne komplekse en onvoorspelbare omgewings in Menslikebewegingskunde;
- Hoë vlakke van selfverantwoordelikheid, self-refleksie en aanpasbaarheid in die bestuur van eie leer;
- Ontleding van etiese implikasies van navorsing op sosiale relevante sake en navorsingsbehoefte in Suid-Afrika, wat ook verband hou op internasionale vlak.

Modulekode: MWKN971

Semester 1 en 2

NKR-Vlak: 10

Titel: Proefskrif: Maatskaplike Werk

Module-uitkomst:

Na voltooiing van die module demonstreer die student:

- diepte van kritiese kennis en hoë vlakke van teoretiese begrip in 'n komplekse en gespesialiseerde area van die veld van Maatskaplike werk en/of tussen gespesialiseerde of toegepaste areas en uitgebreide of verfynde huidige kennis in die veld van Maatskaplike Werk.
- intellektuele onafhanklikheid en gevorderde navorsingsvaardighede deur die vermoë om gesofistikeerde kennis en navorsingsmetodologie tot die oplos van komplekse, onbekende probleme in die veld van Maatskaplike Werk en die vermoë om teoretiese kennis en navorsingsbevindings te integreer en toe te pas binne plaaslike en globale kontekste.
- bevraagtekening van bestaande kennisgrense en praktyke in die veld van Maatskaplike Werk.
- handeling met kompleksiteit, leemtes en teenstrydighede in die kennisbasis van die veld van Maatskaplike Werk.
- outonome en onafhanklike beoordeling van inligting en konsepte op 'n hoogs abstrakte vlak en die maak van evalueerende opmerkings op grond van onafhanklik verkreë maatstawwe.
- demonstreer meesterskap van literatuur en die stand van navorsing in die terreine van ekosistemiese en maatskaplike ontwikkelingskontekste.
- navorsingsleierskap in die veld en tussen dissiplines ten einde alle aspekte van navorsingsprosesse binne komplekse en onvoorspelbare kontekste te optimaliseer.

<ul style="list-style-type: none"> • hoë vlakke van verantwoordelikheid, self refleksie en aanpasbaarheid ten opsigte van die etiese implikasies van navorsing, die bepaling van sosiaal relevante vraagstukke en navorsingsbehoefes in Suid Afrika, en die vermoë om hierdie vraagstukke aan internasionale kontekste te kommunikeer. 		
Metode van aflewering: Voltyds en Deeltyds		
Assesseringsmetodes: Evaluering deur interne en eksterne eksaminatore volgens die NWU se regulasies.		
Assesseringskriteria Studente het die uitkomst bemeester indien hul in staat is om: <ul style="list-style-type: none"> • kritiese kennis en hoë vlakke van teoretiese begrip in 'n komplekse en gespesialiseerde terrein binne maatskaplike werk saam te stel en weer te gee, en /of oor gespesialiseerde of toegepaste terreine, en 'n oorspronklike bydrae te lewer tot die kennissameenheid in maatskaplike werk. • intellektuele onafhanklikheid en gevorderde navorsingsvaardighede, gesofistikeerde kennis en navorsingsmetodologie toe te pas en te ontwikkel en sodoende komplekse, onbekende probleme in die veld van Maatskaplike Werk op te los. • teoretiese kennis en navorsingsbevindinge te integreer en toe te pas in relevante plaaslike en internasionale kontekste, sowel as oor dissiplines heen. • bestaande kennisgrense en praktyke in die veld van Maatskaplike Werk te sintetiseer, evalueer en te bevraagteken en om reaksies tot probleme te ontwikkel wat bestaande kennis uitbrei of herdefinieer. • komplekse leemtes en teenstrydighede in die kennisbasis van die veld van Maatskaplike Werk te analiseer. • inligting en konsepte op hoë abstrakte vlakke te genereer, sintetiseer en te evalueer en om wetenskaplike evaluasies te maak op grond van onafhanklike gegeneerde kriteria. • literatuur te bemeester deur oorspronklike insig te toon ten opsigte van nuwe en komplekse ideë, inligting en sake in 'n spesifieke area in Maatskaplike Werk. 		
Modulekode: PSYC971	Semester 1 en 2	NKR-Vlak: 10
Titel: Proefskrif: Psigologie		
